Alle studente moet twee (2) taalendossemente verwerf. Studente (moedertaalsprekers) kry op grond van die feit dat matriek geslaag is en 'n eerste graad voltooi is, outomaties A, E en T. Niemoedertaalsprekers wat wil kwalifiseer vir A, E en T moet aanmeld vir 'n taalbevoegdheidstoets waarvoor addisioneel betaal moet word. 'n Jaarlikse datum sal vasgestel word vir die aflegging van taalbevoegdheidstoetse sowel as vir die aanmelding vir die toekenning van A, E of T.

## V.9 REËLS VIR MAGISTERGRADE

Hierdie kwalifikasies kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël V.6.4 (d) beskryf word en kan voltyds of deeltyds geneem word.

## V.9.1 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM (M.A.)

### V.9.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur vir die MA-kwalifikasie is een (1) jaar, behalwe in gevalle waar die graad slegs deeltyds gedoseer word, in welke geval die minimum duur twee (2) jaar is. Die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in reël A.7.6.

### V.9.1.2 TOELATING

a) Toelating tot magisterstudie geskied in ooreenstemming met reël A.7.1.

b) Behoudens uitsonderings wat die Senaat mag goedkeur, is die vak waarin die studie onderneem word die vak waarin die student die Honneurs Baccalaureus Artium verwerf het of waarin status van sodanige graad aan hom/haar toegeken is, of die vak waarin die student 'n vierjarige graad voltooi het of die status van sodanige vierjarige graad aan hom/haar toegeken is, of die vak waarin die student, op aanbeveling van die direkteur en met die goedkeuring van die Senaat, voldoen het aan die vereistes vir 'n driejarige graad sonder om eers die Honneurs Baccalaureusgraad te verwerf.

### V.9.1.3 PROGRAMME EN KURRIKULUMS

#### V.9.1.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulums sal:

a) studente toegerus wees met deskundigheid en met 'n gevorderde en indieptekennis asook 'n kritiese ingesteldheid in die gekose program of kurrikulum om hulle daardeur in staat te stel om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die samelewing op plaaslike en nasionale vlak;

b) studente se navorsingsvermoë en vaardighede so ontwikkel wees dat hulle oorspronklike navorsing kan doen wat uitloop in die skryf van 'n verhandeling of navorsingsartikel(s).

### V.9.1.4 PROGRAM: AFRIKAANS EN NEDERLANDS

#### V.9.1.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes

Bykomend tot Algemene Reël A.7.1 van die Universiteit geld die volgende:

a) 'n Student moet in besit wees van 'n Honneurs BA-graad in Afrikaans en Nederlands of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die vakgroepvoorsitter, die direkteur van die navorsingseenheid en, waar nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome MA-studie.

b) ‘n Student moet ‘n gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar ‘n student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om ‘n onderhoud te voer met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.

c) Die student moet ook ‘n aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

**V.9.1.4.2 Programuitkomste**

Die student moet die vermoë demonstreer om:

a) literêre of linguistiese probleme op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;

b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer;

c) die aard en inhoud van die letterkunde of taalkunde in Afrikaans en Nederlands te begryp;

d) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;

e) toepaslike metodologieë vir sy/haar studie te kan identifiseer en te kan toepas.

f) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;

g) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas; en

h) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

**V.9.1.4.3 KURRIKULUM: AFRIKAANS EN NEDERLANDS (L800V – 103 130)**

V.9.1.4.3.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente moet ’n verhandeling (180 krediete) skryf.

b) Na goedkeuring van die titel deur die betrokke Navorsings Direkteur, word dit op aanbeveling van die betrokke Skool Direkteur, finaal deur die Fakulteitsraad goedgekeur.

V.9.1.4.3.2 **Samestelling van die kurrikulum: L800V - 103 130**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| AFLL871 | Verhandeling | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

## V.9.1.5 PROGRAM: ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP

### V.9.1.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes

Bykomend tot Algemene Reël A.7.1 van die Universiteit geld die volgende:

a) 'n Student moet in besit wees van 'n erkende Honneurs BA-graad in 'n taal of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die vakvoorsitter, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale wees met die oog op die voorgenome MA-studie.

b) 'n Student moet 'n gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar 'n student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om 'n onderhoud te voer met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.

c) Die student moet ook 'n aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

### V.9.1.5.2 Programuitkomste

Die student moet die vermoë demonstreer om

a) literêre of linguistiese probleme op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;

b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer

c) oorspronklike insigte tot die veld by te dra;

d) die aard en inhoud van Algemene Taal- of Algemene Literatuurwetenskap te begryp;

e) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;

f) toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;

g) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;

h) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas;

i) en die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

### V.9.1.5.3 KURRIKULUM: ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP (L802V - 103 165)

#### V.9.1.5.3.1 Spesifieke reëls

a) Studente moet 'n verhandeling (180 krediete) skryf.

b) Na goedkeuring van die titel deur die betrokke Navorsings Direkteur, word dit op aanbeveling van die betrokke Skool Direkteur, finaal deur die Fakulteitsraad goedgekeur.

V.9.1.5.3.2 **Samestelling van die kurrikulum: L802V – 103 165**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ATLW871 | Verhandeling | 180 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### V.9.1.5.4 KURRIKULUM: TOEGEPASTE TAALSTUDIE (L803V - 103 165)

V.9.1.5.4.1 **Spesifieke reëls**

Students skryf ‘n Skripsie en registreer vir twee modules.

V.9.1.5.4.2 **Samestelling van kurrikulum: L803V – 103 165**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ATLW873 | Skripsie | 90 |
| ATLW874 | Gevorderde Inleiding | 45 |
| ATLW875 | Temas en Tendense | 45 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### V.9.1.6 PROGRAM: TOEGEPASTE TAALSTUDIES

### V.9.1.6.1 Spesifieke toelatingsvereistes

Bykomend tot Algemene Reël A.7.1 van die Universiteit geld die volgende:

a) 'n Student moet in besit wees van ‘n erkende Honneurs BA-graad in ‘n taal of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die toepaslike studieleier, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome MA-studie.

b) ‘n Student moet ‘n gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar ‘n student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om ‘n onderhoud te voer met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.

c) Die student moet ook ‘n aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

### V.9.1.6.2 Programuitkomste

Die student moet die vermoë demonstreer om

a) probleme in toegepaste linguistiek op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;

b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer

c) die aard en inhoud van toegepaste linguistiek te begryp;

d) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;

e) toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;

f) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;

g) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas; en

h) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

### V.9.1.6.3 KURRIKULUM: TOEGEPASTE TAALSTUDIES (L805V - 103 166)

#### V.9.1.6.3.1 Spesifieke reëls

a) Studente moet 'n verhandeling (180 krediete) skryf.

b) Na goedkeuring van die titel deur die betrokke Navorsings Direkteur, word dit op aanbeveling van die betrokke Skool Direkteur, finaal deur die Fakulteitsraad goedgekeur.

#### V.9.1.6.3.2 Samestelling van die kurrikulum: L805V – 103 166

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ATTL871 | Verhandeling | **180** |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### V.9.1.7 PROGRAMME: APPLIED LANGUAGE STUDIES

#### V.9.1.7.1 Specific admission requirements for the programme

In addition to General Rule A.7.1 of the University the following is also applicable:

a) A student must have an Honours degree in English or have the status of such a degree approved by Senate. Its study contents must be to the satisfaction of the Chairperson of the Subject Group, the Director of the Research Unit, and where necessary, the Director of the School of Languages, for the proposed MA study.

b) A student must have obtained an average mark of at least 65% in the fourth year or Honours examination. In case a student did not obtain 65% in the preceding examination, he/she may apply for an interview with the Chairperson of the particular subject group, the School Director and the Director of the Research Unit.

c) The student also has to demonstrate an acceptable level of academic literacy.

#### V.9.1.7.2 Programme outcomes

The student must demonstrate the ability to

a) identify and solve applied linguistic problems in a critical and creative manner;

b) acquire, master, apply, analyse, and integrate knowledge independently, as well as evaluate it in a principled and well-grounded manner;

c) understand the nature and content of applied linguistics;

d) master appropriate literary or linguistic theories;

e) identify and apply appropriate methodologies for the study;

f) ormulate an informed viewpoint based on subject specific and theoretical knowledge;

g) situate the problem and findings of the study in their broader societal and cultural context and within an articulated world view if and where appropriate; and

h) present the findings of the study in appropriate academic language.

**V.9.1.7.3 KURRIKULUM: APPLIED LANGUAGE STUDIES (L812V – 103 168)**

V.9.1.7.3.1 **Specific rules**

a) Students only write a dissertation (180 credits) in this curriculum.

b) The title of the dissertation, after it has been approved by the relevant research director, is finally approved by the Faculty Board on recommendation of the relevant school director.

V.9.1.7.3.2 **Compilation of the curriculum: L812V - 103 168**

| Module code | Descriptive name | Credits |
|---|---|---|
| ALST871 | Dissertation | 180 |
| **Total of credits for the curriculum** | | **180** |

**V.9.1.8 PROGRAMME: ENGLISH**

**V.9.1.8.1 Specific admission requirements for the programme**

In addition to General Rule A.7.1 of the University the following is also applicable:

a) A student must have an Honours degree in English or have the status of such a degree approved by Senate. Its study contents must be to the satisfaction of the Chairperson of the Subject Group, the Director of the Research Unit, and where necessary, the Director of the School of Languages, for a proposed MA study.

b) A student must have obtained an average mark of at least 65% in the honours examination. In case a student did not obtain 65% in the honours examination, he/she may apply for an interview with the Chairperson of the particular subject group, the School Director and the Director of the Research Unit.

c) The student also has to demonstrate an acceptable level of academic literacy.

**V.9.1.8.2 Programme outcomes**

The student must demonstrate the ability to

a) identify and solve literary or linguistic problems in a critical and creative manner;

b) acquire, master, apply, analyse, and integrate knowledge independently, as well as evaluate it in a principled and well-grounded manner;

c) understand the nature and content of English language or literature;

d) master appropriate literary or linguistic theories;

e) identify and apply appropriate methodologies for the study;

f) formulate an informed viewpoint based on subject specific and theoretical knowledge;

g) situate the problem and findings of the study in their broader societal and cultural context and within an articulated world view if and where appropriate; and

h) present the findings of the study in appropriate academic language.

**V.9.1.8.3 CURRICULUM: ENGELS (L810V – 103 129)**

V.9.1.8.3.1 **Specific rules**

a) Students only write a dissertation (180 credits) in this curriculum.

b) The title of the dissertation, after it has been approved by the relevant research director, is finally approved by the Faculty Board on recommendation of the relevant school director.

V.9.1.8.3.2 **Compilation of the curriculum: L810V – 103 129**

| Module code | Descriptive name | Credits |
|---|---|---|
| ENLL871 | Dissertation | 180 |
| **Total of credits for the curriculum** | | **180** |

**V.9.1.9 PROGRAM: SESOTHO**

**V.9.1.9.1 Spesifieke toelatingsvereistes**

Bykomend tot Algemene Reël A.7.1 van die Universiteit geld die volgende:

a) 'n Student moet in besit wees van ‘n erkende Honneurs BA-graad in Sesotho of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die toepaslike studieleier, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome MA-studie.

b) ‘n Student moet ‘n gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar ‘n student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om ‘n onderhoud te voer met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.

c) Die student moet ook ‘n aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

**V.9.1.9.2 Programuitkomste**

**Gedoseer MA:**

Die student moet die vermoë demonstreer om

a) probleme in toegepaste linguistiek op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;

b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer

c) die aard en inhoud van toegepaste linguistiek te begryp;

d) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;

e) toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;

f) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;

g) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas; en

h) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

**Verhandeling MA:**

Die student moet die vermoë demonstreer om

a) probleme in toegepaste linguistiek op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;

b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer

c) die aard en inhoud van toegepaste linguistiek te begryp;

d) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;

e) toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;

f) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;

g) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas; en

h) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

### V.9.1.9.3 KURRIKULUM: SESOTHO GEDOSEER (L801V – 103 144)

V.9.1.9.3.1 **Samestelling van die kurrikulum: L801V – 103 144**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| SSLL873 | Skripsie | 100 |
| SSLL874 | Teorie taalkunde / letterkunde | 40 |
| SSLL875 | Toepassing taalkunde / letterkunde | 40 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### V.9.1.9.4 KURRIKULUM: SESOTHO VERHANDELING (L802V - 103 144)

V.9.1.9.4.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente moet ’n verhandeling (180 krediete) skryf.

b) Na goedkeuring van die titel deur die betrokke Navorsings Direkteur, word dit op aanbeveling van die betrokke Skool Direkteur, finaal deur die Fakulteitsraad goedgekeur.

V.9.1.9.4.2 **Samestelling van die kurrikulum: L802V – 103 144**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| SSLL871 | Verhandeling | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### V.9.1.10 PROGRAM: TAALPRAKTYK

Die kurrikulumontwerp binne hierdie program verskaf hoogs gespesialiseerde opleiding in taalpraktyk.

**V.9.1.10.1 Spesifieke toelatingsvereistes**

Bykomend tot Algemene Reël A.7.1 van die Universiteit geld die volgende:

a) 'n Student moet in besit wees van ‘n erkende Honneurs BA-graad in enige taal, taalpraktyk, vertaalkunde, of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die toepaslike studieleier, die direkteur van die navorsingsfokusarea (UPSET) en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome MA-studie.

b) ‘n Student moet ‘n gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar ‘n student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om ‘n onderhoud te voer met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingsfokusarea.

c) Die student moet ook ‘n aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

**V.9.1.10.2 Programuitkomste**

Die student moet:

a) beskik oor sistematiese en omvattende kennis van historiese en kontemporêre ontwikkelinge in taalpraktyk breedweg, en oor gesofistikeerde kennis van spesifieke spesialisasierigtings

b) beskik oor 'n samehangende en kritiese insig met betrekking tot kernterme, -konsepte, -beginsels, teorieë, brandpunte en huidige kwessies in taalpraktyk, en gevorderde kontemporêre navorsing in 'n spesifieke spesialiseringsrigting kan evalueer

c) in staat wees om epistemologies na te dink oor teoretiese beginsels en debatte binne 'n spesifieke taalpraktykveld

d) die belangrikste navorsingsmetodes, -tegnieke en -tegnologie wat relevant is tot die taalpraktyk verstaan, en sodanige metodes, tegnieke en tegnologie kan kies en toepas om 'n bepaalde probleem te ondersoek

e) in staat wees om komplekse werklike probleme en situasies wat verband hou met 'n veld in taalpraktyk te kan identifiseer en te analiseer deur middel van teoretiese en logiese argumentvoering, sowel as kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing waar van toepassing

f) in staat wees om kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting met betrekking tot 'n spesifieke onderwerp in taalpraktyk op effektiewe en verantwoordelike wyse te kan identifiseer, versamel, krities analiseer, sintetiseer en onafhanklik evalueer, deur gebruik te maak van verskeie tipes hoëvlak akademiese en professionele bronne

g) in staat wees om akademies-professionele werk koherent te kommunikeer deur die konvensies van akademiese diskoers toe te pas in die skryf van 'n verhandeling, en om kommunikasiestrategieë aan te pas om effektief te kan kommunikeer met 'n verskeidenheid gehore in verskillende kontekste

h) toegewyd wees tot 'n proses van lewenslange leer, spesfiek met betrekking tot sosiale, ekonomiese, politieke en tegnologiese ontwikkelinge in die taalprofessies.

**V.9.1.10.3 KURRIKULUM: TAALPRAKTYK (L835V – 103 145)**

**V.9.1.10.4 Samestelling van die kurrikulum L835V – 103 145**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| LPRA871 | Verhandeling | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

**V.9.1.11 PROGRAM: GEESTESWETENSKAPPE**

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, gee hoogs gespesialiseerde opleiding in die Geesteswetenskappe.

**V.9.1.11.1 Spesifieke toelatingsvereistes**

Vgl. V.9.1.2

### V.9.1.11.2 KURRIKULUMS: BYBELKUNDE/ TEOLOGIE (Gedoseer)

V.9.1.11.2.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente skryf 'n skripsie (64 krediete) in een van die vier spesialiteitsrigtings. Die gekose spesialiteitsrigting bepaal die kurrikulumkode waarvoor studente registreer. Die skripsie sluit 'n verpligte kursus in navorsingsmetodologie in.

b) Die res van die kurrikulums bestaan uit verpligte en keuse modules met 'n totale kredietwaarde van 64 krediete.

V.9.1.11.2.2 **Samestelling van die kurrikulums**

| Kwalifikasie kode | Kurrikulum-kodes | Module kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|---|---|
| | | | **Skripsie in een van die volgende:** | |
| 103 164 | **L801V** | HERV873 | Skripsie (Hermeneutiek) | 64 |
| 103 164 | **L810V** | ETIV873 | Skripsie (Etiek) | 64 |
| 103 164 | **L811V** | MISV873 | Skripsie (Missiologie) | 64 |
| 103 164 | **L812V** | KDGV873 | Skripsie (Kerk- en Dogmageskiedenis) | 64 |
| | | | **Verpligte modules:** | |
| | | HERV874 | Bybelse Hermeneutiese teoretiese perspektiewe | 16 |
| | | ETIV874 | Etiese perspektiewe | 16 |
| | | MISV874 | Missiologiese perspektiewe | 16 |
| | | | **Keuse modules (student kies een)** | |
| | | KDGV874 | Kerk- en Dogmageskiedenis | 16 |
| | | PASV874 | Pastorale Perspektiewe | 16 |
| | | EXEV874 | Bybelse Hermeneutiek: toepassing | 16 |
| | **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | | **128** |

### V.9.1.11.3 KURRIKULUM: BYBELKUNDE/ TEOLOGIE (Verhandeling)

V.9.1.11.3.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente skryf 'n verhandeling (96 krediete) in een van die ses spesialiteitsrigtings (kurrikulums). Die gekose spesialiteitsrigting bepaal die kurrikulumkode waarvoor studente registreer.

b) Studente kies een van die keusemodules (32 krediete) wat moet aansluit by die spesialiteitsrigting waarin die verhandeling geskryf word.

V.9.1.11.3.2 **Samestelling van die kurrikulum**

| Kwalifikasiekodes | Kurrikulum-kodes | Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|---|---|
| | | | **Verhandeling in een van die volgende:** | |
| 103 164 | **L813V** | HERV872 | Verhandeling (Hermeneutiek) | 96 |
| 103 164 | **L814V** | ETIV872 | Verhandeling (Etiek) | 96 |
| 103 164 | **L815V** | MISV872 | Verhandeling (Missiologie) | 96 |
| 103 164 | **L816V** | OTEV872 | Verhandeling (Ou Testament) | 96 |
| 103 164 | **L817V** | NTEV872 | Verhandeling (Nuwe Testament) | 96 |
| 103 164 | **L818V** | KDGV872 | Verhandeling (Kerk- en Dogmageskiedenis) | 96 |
| | | | **Keuse modules (een van die volgende):** | |
| | | HERV875 | Hermeneutiese perspektiewe | 32 |
| | | ETIV875 | Etiese perspektiewe | 32 |
| | | MISV875 | Missiologiese perspektiewe | 32 |
| | | OTEV875 | Ou Testament | 32 |
| | | NTEV875 | Nuwe Testament | 32 |
| | | KDGV875 | Kerk- en Dogmageskiedenis | 32 |
| | **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | | **128** |

### V.9.1.11.4 KURRIKULUM: GESKIEDENIS (L801V – 103 133 )

V.9.1.11.4.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente kan kies om slegs 'n verhandeling (180 krediete) in hierdie kurrikulum te skryf (L801V).

b) Die onderwerp van die verhandeling moet op aanbeveling van die betrokke direkteur deur die Fakulteitsraad goedgekeur word.

V.9.1.11.4.2 **Samestelling van die kurrikulum: L801V – 103 133**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| HIST871 | Verhandeling | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulums** | | **180** |

### V.9.1.12 PROGRAM: POLITIEKE STUDIES

#### V.9.1.12.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 7.1 van die Universiteit moet 'n student

a) oor 'n Hons B-graad in Politike Studie of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met 'n minimum punt van 60% geslaag is.

b) Studente wat nie oor hierdie minimumvereistes beskik nie, kan by die navorsingsdirekteur aansoek doen om 'n onderhoud deur 'n paneel. Die paneel word saamgestel deur die navorsingsdirekteur en die paneel sal op grond van die onderhoud en ander oorwegings wat as relevant beskou word, toelating kan oorweeg.

#### V.9.1.12.2 Programuitkomste

Die student sal in staat wees om op gevorderde vlak navorsing oor politieke verskynsels te kan onderneem en wetenskaplik daaroor verslag te doen. Dit sal hom of haar ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde studies te kan voortgaan.

#### V.9.1.12.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD-graad in Politieke Studie.

#### V.9.1.12.4 Samestelling van die kurrikulum: L801V – 103 138

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| POLS871 | Politieke Studies | 180 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **180** |

### V.9.1.13 PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, gee hoogs gespesialiseerde opleiding in die Gedragswetenskappe.

#### V.9.1.13.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Vgl. V.9.1.2.

#### V.9.1.13.2 KURRIKULUM: PSIGOLOGIE (G801V – 103 181 )

V.9.1.13.2.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente moet 'n verhandeling (180 krediete) skryf.

b) Die onderwerp van die verhandeling moet op aanbeveling van die betrokke direkteur deur die Fakulteitsraad goedgekeur word.

V.9.1.13.2.2 **Samestelling van die kurrikulum: G801V – 103 181**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| PSYC871 | Verhandeling | 180 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulums** | | **180** |

### V.9.1.13.3 KURRIKULUMS: MEDIESE SOSIOLOGIE (L835V OF L805V – verhandeling)

V.9.1.13.3.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente wat die kwalifikasie in Sosiologie wil verwerf, registreer vir kurrikulum L805V en skryf 'n verhandeling (180 krediete);

b) Studente wat die kwalifikasie in Mediese Sosiologie wil verwerf, registreer vir kurrikulum L835V en skryf 'n skripsie (90 krediete). Vir sodanige studente geld ook die volgende:

i) Keuring van kandidate vir die kursus sal vooraf plaasvind.

ii) Die minimum duur van die kursus in twee jaar.

iii) Indien 'n student nie oor Sosiologie as hoofvak vir die eerste baccalaureus-graad beskik nie, kan kennis van 'n aanverwante vak en/of beroeps-ervaring en/of aanverwante opleiding of indiensopleiding deur 'n erkende instansie as toelatingskriteria oorweeg word na toepaslike evaluering, en kan die skooldirekteur vereis dat ontbrekende sosiologiese vakkennis deur die betrokke kandidaat verwerf word.

V.9.1.13.3.2 **Samestelling van die kurrikulums**

| Kwalifikasie kodes | Kurrikulum-kodes | Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 103 177 | L805V | SGVK871 | Verhandeling | 180 |
| | **of** | **of** | **of** | |
| 103 177 | L835V | SGVK873 | Skripsie | 90 |
| | | SGVK878 | Gevorderde Sosiologiese Teorie | 45 |
| | | SGVK879 | Kliniese Sosiologie | 45 |
| | **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | | **180** |

### V.9.1.13.4 KURRIKULUM: MENSEHULPBRONBESTUURWETENSKAP (E853 – 103 173V)

V.9.1.13.4.1 **Spesifieke toelatingsvereistes**

Voornemende studente in *Mensehulpbronbestuur* moet voldoen aan die volgende toelatingsvereistes:

a. 'n Student moet beskik oor 'n BA honneursgraad of BCOM honneursgraad in Mensehulpbronbestuur. Die studie-inhoud van hierdie graad moet tot bevrediging wees van die dekaan en die direkteur van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe en Skool vir Gedragswetenskappe (Vanderbijlparkkampus). Die graad behoort die volgende vakke in te sluit: Navorsingsmetodologie en navorsingsverslag, Toegepaste arbeidsverhoudinge, Mensekapasiteitsontwikkeling, Organisasiegedrag, Mensehulpbronstrategieë en Praktiese statistiek (STTN 124).

b. Die student moes 'n gemiddeld van *65%* in die honneursgraad behaal het om te kwalifiseer om genooi te word na die keuringsproses.

c. Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die skooldirekteure van die Potchefstroom- en Vanderbijlparkkampusse en die direkteur van die navorsingsentiteit wees. Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes (soos bepaal gedurende die keuringsproses) onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens 'n navorsingsmetodologiekursus suksesvol voltooi word. (Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak, of enige ander kursus tot bevrediging van die direkteur van die navorsingsentiteite).

d. Voornemende studente moet ook 'n keuringsproses gerig op die meting van die bevoegdhede daargestel vir Mensehulpbronpraktisyne deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Mense Praktyke, slaag. Die keuringsproses sluit 'n bevoegdheidseksamen in Statistiek in. Studente wie se vermoëns in Statistiek as onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens 'n Statistiekkursus suksesvol voltooi word. Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak.

**Studente vanaf ander universiteite:**

- Enige ander student sal beoordeel word gebaseer op die uitkomste en inhoud van die program wat hulle studeer het by die spesifieke universiteit.
- Krediete vir voornemende studente mag oorweeg word op die basis van onderhoude, portefeuljes en/of toetse wat poog om empiriese leer, vaardighede en motivering te identifiseer.
- Diplomas of technikon-grade sal nie erken word nie.
- Enige ander graad buite Mensehulpbronbestuur sal nie oorweeg word vir toelating tot die meestersgraad nie.

V.9.1.13.4.2 **Samestelling van die kurrikulum: E853V – 103 173**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| HRMA873 | Skripsie | 148 |
| HRMA874 | Wetenskapberedenering | 16 |
| HRMA875 | Mensontwikkeling | 16 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

## V.9.1.13.5 KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDE (E851V – 103 171)

V.9.1.13.5.1 **Spesifieke toelatingsvereistes**

Voornemende studente in *Bedryfsielkunde* moet voldoen aan die volgende toelatingsvereistes:

a. 'n Student behoort te beskik oor 'n BA honneursgraad in Bedryfsielkunde vanaf 'n geakkrediteerde RGBSA-universiteit (dit impliseer dat die graad sal lei tot die registrasie as Berader/Psigometris by die RGBSA na die suksesvolle voltooiing van die raadseksamen). Die studie-inhoud van hierdie graad moet tot die bevrediging van die dekaan en die direkteur van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe (Potchefstroomkampus) en die Skool vir Gedragswetenskappe (Vanderbijlparkkampus) wees.

b. Die graad behoort die volgende vakke in te sluit: Psigometrika, Psigologiese evaluering (Psigometriese toetsing), Loopbaansielkunde, Navorsingsmetodologie en navorsingsverslag, Organisasie-ontwikkeling, Mensehulpbronstrategieë en Praktiese statistiek (STNN 124).

c. Die student moes ’n gemiddeld van _65%_ in die honneursgraad behaal het om te kwalifiseer om genooi te word na die keuringsproses.

d. Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die skooldirekteure en die direkteur van die navorsingsentiteite wees. Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes (soos bepaal tydens die keuringsproses) as onvoldoende geag word, sal slegs toegelaat word tot die meestersprogram alvorens ’n navorsingsmetodologiekursus suksesvol voltooi is. (Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak of enige ander kursus tot bevrediging van die direkteur van die navorsingsentiteite).

e. Voornemende studente moet ook ’n keuringsproses gerig tot die meting van die bevoegdhede daargestel vir sielkundiges deur die Raad op Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA), slaag. Hierdie keuringsproses sluit ’n bevoegdheidseksamen in Statistiek in. Studente wie se vermoëns in Statistiek as onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens ’n Statistiekkursus suksesvol voltooi word. Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak.

**Studente van ander universiteite:**

- Enige ander student sal beoordeel word gebaseer op die uitkomste en inhoud van die program wat hulle studeer het by die spesifieke universiteit.
- Krediete vir voornemende studente mag oorweeg word op die basis van onderhoude, portefeuljes en/of toetse wat poog om empiriese leer, vaardighede en motivering te identifiseer.
- Diplomas of technikon-grade sal nie erken word nie.
- Enige ander graad buite Mensehulpbronbestuur of Bedryfsielkunde sal nie oorweeg word vir toelating tot die meestersgraad nie.

### V.9.1.13.6 Samestelling van die kurrikulum: E851V – 103 171

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| IOPS873 | Skripsie | 100 |
| IOPS874 | Wetenskapberedenering | 16 |
| IOPS875 | Mensontwikkeling | 16 |
| IOPS876 | Professionele Bedryfsielkunde | 16 |
| IOPS877 | Welstand | 16 |
| IOPS878 | Toegepaste Berading | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### V.9.1.13.7 KURRIKULUM: ARBEIDSVERHOUDINGSBESTUUR (E827V - 103 186)

V.9.1.13.7.1 **Spesifieke reël**

Studente moet 'n verhandeling (180 krediete) skryf.

V.9.1.13.7.2 **Samestelling van die kurrikulum: E827V -103 186**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| LARM871 | Verhandeling | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulums** | | **180** |

### V.9.1.13.8 (REëLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK) (MMW) (G801V)

V.9.1.13.8.1 **SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

a) 'n Student wat toegelaat word tot die program moet oor 'n honneurs-graad in Maatskaplike werk beskik of 'n vier-jaar BA graad in Maatskaplik Werk.

b) 'n Student se vorige akademiese prestasie sal oorweeg word tydens toelating .

c) Studente wat registreer vir die program moet bewys lewer van registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe soos vereis deur die Wet of Maatskaplike Diensberoepe 1978 (Wet 110 van 1978).

d) Studente moet 'n toelatingseksamen skryf waarin die student 'n minimum van 65% moet behaal. Inligting kan verkry word by die vakhoof.

V.9.1.13.8.2 **KURRIKULUM MAATSKAPLIKE WERK: VERHANDELING**

a) Skryf van 'n verhandeling oor 'n onderwerp van die student se keuse binne Fokusarea van die Vakgroep Maatskaplike werk en die Fakulteit Geesteswetenskappe.

V.9.1.13.8.3 **Kurrikulum uitkomste – Verhandeling**

Die student moet instaat wees om

a) 'n navorsingsprobleem in Maatskaplike werk te identifiseer wat in lyn is met die Navorsings fokusarea van die Skool vir Gedragswetenskappe en vakgroep Maatskaplike werk.

b) formuleer en toepassing van 'n navorsing onderwerp en prosedure

c) aanbied van die navorsingsresultate in die vorm van 'n hoë standaard verhandeling

d) effektiewe samewerking in die navorsingproses met mede-navorsers, navorsingspanne, deelnemers and gemeenskappe.

V.9.1.13.8.4 **Artikulering en uittreepunt**

Die kwalifikasie stel die student in staat om toegelaat te word tot studies op doktorale vlak by enige Suid-Afrikaanse universiteit en moontlike oorsese opleidingsinstansies waar maatskaplike werk op nagraade vlak aangebied word.

V.9.1.13.8.5 **Samestelling van die kurrikulum: G801V – 113 104**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| MWKN871 | Verhandeling | 180 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

## V.9.2 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM IN ONTWIKKELING EN BESTUUR

### V.9.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur vir die M.A.-kwalifikasie is een jaar, behalwe in gevalle waar die graad slegs deeltyds gedoseer word, in welke geval die minimum duur twee jaar is. Die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in reël A.7.6.

### V.9.2.2 TOELATING

a) Toelating tot magisterstudie geskied in ooreenstemming met reël A.7.1.

b) ’n Honneursgraad in Openbare Bestuur en Ontwikkeling of gelykwaardige kwalifikasie.

### V.9.2.3 PROGRAMME EN KURRIKULUMS

Die volgende programme word by die Vaaldriehoekkampus aangebied: Program Magister in Ontwikkeling en Bestuur, kurrikulum Openbare Bestuur en Regering (verhandeling); Program Magister in Ontwikkeling en Bestuur, kurrikulum Waterstudies; en Program Ontwikkeling en Bestuur gedoseerde kurrikulum in Openbare Bestuur en Regering.

### V.9.2.4 ARTIKULASIE

Na suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die Ph.D.-graad in Openbare Bestuur en Regering en in Politieke Studies.

### V.9.2.5 KURRIKULUM: OPENBARE BESTUUR EN REGERING (L800V)

#### V.9.2.5.1 Spesifieke reëls

a) Die student skryf ’n verhandeling na afhandeling van die ter sake registrasieprosedure.

#### V.9.2.5.2 Samestelling van die kurrikulum: L800V – 103 137

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| PUMA871 | Openbare Bestuur en Regering (verhandeling) | 180 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

### V.9.2.6 KURRIKULUM: OPENBARE BESTUUR EN REGERING (L865V)

#### V.9.2.6.1 Spesifieke reëls

a) ’n Student moet al die 16-kt. modules voltooi.

b) Een van die skripsies (MPGO873 óf MPGP873) moet voltooi word.

### V.9.2.6.2 Samestelling van die kurrikulum (L865V – 195 100)

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| MPGA817 | Navorsingsmetodologie | 16 |
| DIMA811 | Ramp Risiko Reduksie | 16 |
| MPGA815 | Toegepaste Projekbestuur | 16 |
| MPGA822 | Openbare finansiële bestuur | 16 |
| MPGO873 | Openbare bestuur: (skripsie) | 64 |
| MPGP874 | Politieke studies: (skripsie) | 64 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **128** |

### V.9.2.7 KURRIKULUM: WATERSTUDIES (L874V – 195 100)

### V.9.2.7.1 Spesifieke toelatingsvereistes vir die kurrikulum

Honneurs (of gelykwaardige kwalifikasie) in Openbare Bestuur en Regering. Die getal studente wat toegelaat word, sal in ooreenstemming wees met die beskikbaarheid van kapasiteite en voldoening aan die minimum vereistes. Dit impliseer nie noodwendig outomatiese toelating nie.

### V.9.2.7.2 Programuitkomste

Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal leerders toegerus word om die bestuursfunksie in hul beroepe op gevorderde vlak te bemeester ten einde die komplekse Suid-Afrikaanse sosiale omgewing effektief te kan bestuur. Daar sal spesifiek op die volgende gefokus word:

a) die konsep volhoubare sosiale ontwikkeling in Afrika asook binne die globale wêreld te kontekstualiseer;

b) die filosofiese onderbou van volhoubare sosiale ontwikkeling te analiseer, te interpreteer en te kan toepas;

c) geskikte gespesialiseerde teoretiese raamwerke en relevante metodologiese tegnieke binne bepaalde en geïntegreerde ontwikkelingsomgewings toe te pas;

d) met verwerfde bestuursvaardighede sy/haar eie navorsing asook projekte effektief te kan beplan en bestuur;

e) die etiese problematiek binne die ontwikkelingskonteks te verstaan, krities te beoordeel en dienooreenkomstig te handel

### V.9.2.7.3 Artikulasie

Na suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die Ph.D-graad in Openbare Bestuur en Regering.

### V.9.2.7.4 Samestelling van kurrikulum L874V – 195 100

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Verpligte modules** | |
| SOCL811 | Volhoubare ontwikkeling: teoretiese oriëntasie | 16 |
| MPMA 811 | Metodologie | 16 |
| MPMA812 | Publieke Bestuur | 16 |
| MPMA 814 | Toegepaste projekbestuur | 16 |
| DIMA821 | Ramp-risikovermindering | 16 |
| MPMA826 | Prestasiebestuur | 16 |
| MSDW873 | Skripsie: Waterstudies | 64 |
| **Totale krediete van kernmodules** | | **160** |
| **Waterstudies** | | |
| MSDW 821 | Kulturele dinamika van water | 16 |
| MSDW 822 | Geïntegreerde waterstudies | 16 |
| MSDW 823 | Hidropolitiek | 16 |
| **Totale krediete van keusemodules** | | **32** |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **192** |

## V.9.3 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS (MED)

Die navorsingmagistergraad kan verwerf word in een van die rigtings/programme in reël V.9.5.1.7 en kan voltyds of deeltyds geneem word.

Alle magistergraadprogramme val binne die navorsingsfokusarea **Onderrigleerorganisasies** en moet ’n bydrae maak tot die ontwikkeling van die navorsingsfokusarea.

Die bepalings vir die magistergraad moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls van die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by: **http://www.nwu.ac.za**

### V.9.3.1 NAVORSINGMAGISTERGRAAD

#### V.9.3.1.1 AARD EN DOELWITTE VAN DIE KWALIFIKASIE

V.9.3.1.1.1 **Algemene doel**

Die doel met die magistergraad is om toegewyde onderwysspesialiste akademies toe te rus en te vorm tot akademiese deskundigheid en uitmuntendheid om hulle roeping te vervul en in Suid-Afrika se behoefte aan hoëvlak opvoedkundige navorsers en besluitnemers te voorsien.

V.9.3.1.1.2 **Spesifieke doel**

Die spesifieke doel van die kwalifikasie is

i) die bevordering van opvoedkundige deskundigheid en ontwikkeling van studente met ’n gevorderde en in diepte kennis en ’n kritiese ingesteldheid in een van die programme in V.9.5.1.7 om hulle daardeur in staat te stel om op ’n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van die onderwys op plaaslike en nasionale vlak deur leidende dienslewering (op middel- en hoëvlak); en

ii) studente se navorsingsvermoë en vaardighede so te ontwikkel dat hulle navorsing kan doen wat uitloop in die skryf van ’n verhandeling of navorsingsartikel(s).

#### V.9.3.1.2 TOELATINGSVEREISTES EN REGISTRASIE

V.9.3.1.2.1 **Algemene toelatingsvereistes**

a) ’n Hons BEd in die rigting waarin die kandidaat wil registreer, plus een van die volgende:

b) Minimum slaagpunte van 70% in die Hons BEd met spesifieke verwysing na NAVR611, 621 en 622 word vereis. Verwys ook na Kapasiteitbepalings (V6.1)

c) Enige ander erkende opvoedkunde-kwalifikasie wat tot 600 krediete optel (waarvan minstens 72 op NKF-vlak 7 of HOKF-vlak 8 is).

d) Kandidate moet verder:

  i) toegang tot ’n rekenaar hê

  ii) rekenaarvaardig wees, en

  iii) vaardig wees in die gebruik van Internet-bronne en databasisse.

e) Aansoekers vanaf ander universiteite moet ‘n toelatingstoets aflê wat gebaseer is op die navorsingsmodules van die Honneurs BEd graad. Om te kwalifiseer vir die MEd graad, moet ‘n minimum van 70% in die toets behaal word.

**V.9.3.1.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER**

Vorige leer soos erken deur die fakulteitsraad.

**V.9.3.1.4 STUDIEPROGRAMME**

i) ’n Student vir die magistergraad moet, behalwe waar anders besluit word deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skooldirekteur ’n goedgekeurde studieprogram volg binne die navorsingsfokusarea (A.7.3).

ii) ’n Student wat tot die magistergraadstudie toegelaat is, moet ’n navorsingsvoorstel binne 6 maande na registrasie as student in oorleg met die navorsingsdirekteur en skooldirekteur vir goedkeuring aan die dagbestuur van die fakulteitsraad voorlê.

ii) Indien ’n student in gebreke bly om die navorsingsvoorstel binne 6 maande vir goedkeuring voor te lê word die studie getermineer.

**V.9.3.1.5 DUUR VAN DIE STUDIE**

Die minimumduur van die studie vir hierdie kwalifikasie is een (1) jaar of die verwerwing van 240 krediete en die maksimumtydsduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar.

**V.9.3.1.6 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK**

a) ’n Student wat nie die studie binne die maksimumtydperk voltooi nie moet aan die einde van die derde jaar van die studie by die skooldirekteur aansoek doen om verlenging van die studietydperk met een akademiese jaar.

b) ’n Aansoek om verlenging van die studietydperk moet in die vorm van ’n voorlegging wees, waarin aangedui word

   i) dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is;

   ii) watter vordering daar reeds gemaak is;

   iii) wat nog gedoen moet word om die studie af te handel; en

   iv) of die studieleier nog beskikbaar is.

c) Indien die studietydperk verleng word, sal dit toegestaan word teen ’n heffing wat van tyd tot tyd deur die Raad van die universiteit vasgestel word.

**V.9.3.1.7 LYS VAN KURRIKULUMS**

| Program kode | Kurrikulum -kode | Beskrywende naam | Module-kode | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 403 120 | 0801V | Leer en onderrig | LEON871 | 240 |
| 403 122 | 0803V | Onderwysbestuur | ONWB871 | 240 |
| 403 123 | 0804V | Onderwysreg | ONWR871 | 240 |
| 403 124 | 0805V | Opvoedkundige Sielkunde | OPSK871 | 240 |
| 403 125 | 0806V | Vergelykende Opvoedkunde | VGLO871 | 240 |
| 403 127 | 0808V | Leerderondersteuning | OPSL871 | 240 |
| 403 128 | 0809V | Skoolvoorligting en -begeleiding | OPSS871 | 240 |

**V.9.3.1.8 EKSAMINERING**

Die eksamen vir die magistergraad bestaan uit 'n verhandeling of ('n) gepubliseerde navorsingartikel(s).

V.9.3.1.8.1 **Benoeming van eksaminatore**

i) Die benoeming van eksaminatore geskied ooreenkomstig algemene reël A.7.5.3.

V.9.3.1.8.2 **Vereistes waaraan die verhandeling moet voldoen**

i) 'n Verhandeling moet bewys lewer dat die student met die metode van navorsing vertroud is.

ii) 'n Verhandeling moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die vereistes wat die fakulteitsraad daarvoor stel (A.7.5.7) en die Handleiding vir Nagraadse Studie.

iii) Indien 'n verhandeling in die vorm van ('n) gepubliseerde navorsings-artikel(s) of ('n) ongepubliseerde manuskrip(te) in artikelformaat aangebied word, en meer as een sodanige artikel of manuskrip(te) gebruik word, moet die verhandeling steeds in 'n eenheidsvorm, aangevul met 'n oorkoepelende probleemstelling, 'n toegespitste literatuurontleding en –integrasie en met 'n samevattende slotbespreking aangebied word.

V.9.3.1.8.3 **Indiening van die verhandeling vir eksaminering**

i) 'n Verhandeling mag alleen vir eksaminering ingedien word met toestemming van die studieleier.

ii) 'n Verhandeling wat vir eksaminering ingedien is, kan nie deur die student of studieleier(s) aan eksaminering onttrek word nie.

V.9.3.1.8.4 **Slaagvereistes**

i) 'n Verhandeling word geslaag as die student 'n punt van 50% behaal het.

ii) 'n Verhandeling word met onderskeiding geslaag indien die student 'n punt van ten minste 75% behaal het.

iii) 'n Student wat 'n verhandeling sak, mag hoogstens een keer aansoek doen om weer tot die magistergraadstudie aan die universiteit toegelaat te word, in welke geval 'n nuwe studie aangepak moet word (A.7.5.2).

### V.9.3.1.9 TERMINERING VAN STUDIE

Die studie van ’n student kan getermineer word indien ’n student die maksimumduur van die studietydperk oorskry.

## V.10 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in V.6.4 (d) gelys word en wat hieronder in besonderhede beskryf word; dit word voltyds of deeltyds geneem.

## V.10.1 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

### V.10.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur vir die graadstudie is twee akademiese jare en behoudens uitsonderings, hoogstens vier akademiese jare, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in reël A.8.6. Die studie kan op grond van onbevredigende vordering op aanbeveling van die Fakulteitsraad deur die Senaat beëindig word.

### V.10.1.2 TOELATING

a) Toelating tot doktorsgraadstudie geskied in ooreenstemming met reël A.8.1.

b) ’n Kandidaat moet beskik oor ’n magistergraad in die program waarvoor die kandidaat vir die PhD. wil registreer.

## V.10.2 SKOOL VIR TALE

### V.10.2.1 PROGRAM: AFRIKAANS EN NEDERLANDS

#### V.10.2.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.8.1 van die Universiteit moet ’n student oor ‘n magistergraad in Afrikaans en Nederlands of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of ’n gelykwaardige kwalifikasie beskik.

b) Die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, moet met ‘n gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie ‘n punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid ‘n onderhoud te voer.

c) Voordat ‘n student kan registreer vir ‘n doktorsgraad, kan die direkteur van die navorsingseenheid in oorleg met die vakgroepvoorsitter van hom/haar verwag om by wyse van ‘n tentamen en/of seminare bewys te lewer dat hy/sy tuis is op die hele terrein van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde of taalkunde, sowel as die teorie van die taal of literatuur.

#### V.10.2.1.2 Programuitkomste

Die onderstaande uitkomste is generies vir taalprogramme op hierdie vlak. Die uitkomste word in die verskillende programme verbesonder volgens die fokus van die program (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

Die student moet die vermoë demonstreer om -

a) literêre of linguistiese probleme op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;

b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer

c) oorspronklike insigte tot die veld by te dra;

d) die aard en inhoud van die letterkunde of taalkunde in Afrikaans en Nederlands te begryp;

e) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;

f) toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;

g) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;

h) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas; en

i) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

**V.10.2.1.3 Kurrikulum: Afrikaans en Nederlands (L900V – 104 111)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| AFLL971 | Afrikaans en Nederlands | **360** |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

**V.10.2.2 PROGRAM: ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP**

**V.10.2.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.8.1 van die Universiteit moet 'n student oor 'n magistergraad in 'n taal of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die toepaslike studieleier, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome PhD-studie.

b) Die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, moet met 'n gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie 'n punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid 'n onderhoud te voer.

**V.10.2.2.2 Programuitkomste**

Die student moet die vermoë demonstreer om -

a) literêre of linguistiese probleme op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;

b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer

c) oorspronklike insigte tot die veld by te dra;

d) die aard en inhoud van die letterkunde of taalkunde in Afrikaans en Nederlands te begryp;

e) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;

f) toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;

g) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;

h) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas; en

i) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

**V.10.2.2.3 KURRIKULUM: ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP (L901V – 104 128)**

V.10.2.2.3.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente skryf ‘n proefskrif (360 krediete) in hierdie kurrikulum.

b) Na goedkeuring van die titel van die proefskrif deur die betrokke Navorsings Direkteur, word dit op aanbeveling van die betrokke Skool Direkteur, finaal deur die Fakulteitsraad goedgekeur.

V.10.2.2.3.2 **Samestelling van die kurrikulum: L901V – 104 128**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ATLW971 | Algemene Taal- en Literatuurwetenskap | **360** |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

**V.10.2.3 PROGRAMME: ENGLISH**

**V.10.2.3.1 Specific admission requirements of the programme**

Apart from the requirements stated in General Rule A.8.1 of the University, only students who obtained 65% or more in the preceding MA study will be considered for admission to PhD study in English. Students who did not obtain this required minimum may arrange for a joint interview with the chairperson of the subject group, and the director of the research unit.

**V.10.2.3.2 Programme outcomes**

The student must demonstrate the ability to

a) identify and solve literary or linguistic problems in a critical and creative manner;

b) acquire, master, apply, analyse, and integrate knowledge independently, as well as evaluate it in a principled and well-grounded manner;

c) contribute original insights to the field;

d) understand the nature and content of English literature or linguistics;

e) master appropriate literary or linguistic theories;

f) identify and apply appropriate methodologies for the study;

g) formulate an informed viewpoint based on subject specific and theoretical knowledge;

h) situate the problem and findings of the study in their broader societal and cultural context and within an articulated word view if and where appropriate; and

i) present the findings of the study in appropriate academic language.

### V.10.2.3.3 CURRICULUM: ENGLISH (L910V – 104 138)

V.10.2.3.3.1 **Specific rules**

a) Students only write a thesis (360 credits) in this curriculum.

b) The title of the thesis, after it has been approved by the relevant research director, is finally approved by the Faculty Board on recommendation of the relevant school director.

V.10.2.3.3.2 **Samestelling van die kurrikulum: L910V – 104 138**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| ENLL971 | Proefskrif | **360** |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **360** |

### V.10.2.4 PROGRAM: SESOTHO

### V.10.2.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes

Afgesien van die vereistes wat in Algemene Reël A.8.6 van die Universiteit gestipuleer word, sal slegs studente wat 65% of meer in die voorafgaande MA-studie behaal het oorweeg word vir toelating tot ŉ PhD-studie in Sesotho. Studente wat nie aan hierdie minimum vereiste voldoen nie, mag ŉ gesamentlike onderhoud met die voorsitter van die vakgroep en die navorsingdirekteur reël.

### V.10.2.4.2 Programuitkomste

Die student moet oor die vermoë beskik om

a) letterkundige of linguistieke probleme op ŉ kritiese en kreatiewe wyse te identifiseer en op te los;

b) kennis op ŉ onafhanklike wyse te bekom, te bemeester, toe te pas, te analiseer en te integreer, asook om dit op ŉ beginselvaste en gegronde wyse te evalueer;

c) oorspronklike insigte tot die veld by te dra;

d) die aard en inhoud van Engelse letterkunde

e) of linguistiek te verstaan;

f) toepaslike letterkundige of linguistieke teorieë te bemeester;

g) toepaslike metodologieë vir die studie te identifiseer en toe te pas;

h) ʼn ingeligte perspektief te formuleer wat gebaseer is op vakspesifieke en teoretiese kennis;

i) die probleem en bevindings van die studie in hulle breër sosiale en kulturele konteks en in ʼn geartikuleerde woordbeskouing, wanneer en waar van toepassing, te plaas; en

j) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal aan te bied.

**V.10.2.4.3 KURRICULUM: SESOTHO (L932V – 104 125)**

V.10.2.4.3.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente skryf slegs ‘n proefskrif (360 krediete) in hierdie kurrikulum.

b) The titel van die proefskrif, nadat dit deur die relevante navorsingdirekteur goedgekeur is, word finaal op aanbeveling van die relevante skooldirekteur deur die Fakulteitsraad goedgekeur.

V.10.2.4.3.2 **Samestelling van die kurrikulum: L932V – 104 125**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| **SSLL971** | Sesotho | **360** |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **360** |

**V.10.2.5 PROGRAM: TAALPRAKTYK**

**V.10.2.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.8.1 van die Universiteit, moet die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, met ‘n gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie ‘n punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingsfokusarea (UPSET) ‘n onderhoud te voer.

**V.10.2.5.2 Programuitkomste**

Die student moet

a) beskik oor sistematiese en omvattende kennis van historiese en kontemporêre ontwikkelinge in taalpraktyk breedweg, en oor gesofistikeerde en gespesialiseerde kennis van ‘n area op die voorpunt van navorsing in die dissipline, ‘n subdissipline, of die taalprofessies

b) beskik oor ‘n samehangende en kritiese insig met betrekking tot die teorieë, navorsingsmetodologie en -tegnieke relevant tot ‘n spesifieke spesialiseringsrigting in die taalpraktyk, en in staat wees om gevorderde kontemporêre navorsing in ‘n spesifieke spesialiseringsrigting krities te evalueer en aan huidige debatte deel te neem

c) in staat wees om epistemologies na te dink oor teoretiese beginsels en debatte binne ‘n spesifieke taalpraktykveld, en om teorie en praktyk in verband te bring

d) die navorsingsmetodes, -tegnieke en -tegnologie wat relevant is tot die spesialiseringsrigting bemeester, en sodanige metodes, tegnieke en tegnologie kan kies en toepas om ‘n bepaalde probleem te ondersoek

e) in staat wees om komplekse, werklike probleme en situasies wat verband hou met ‘n spesialiseringsveld in taalpraktyk te kan identifiseer en te analiseer deur middel van innoverende en oorspronklike teoretiese en logiese argumentvoering, sowel as kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing waar van toepassing

f) in staat wees om kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting met betrekking tot ‘n spesifieke onderwerp in taalpraktyk op gesofistikeerde wyse te kan identifiseer, versamel, krities analiseer, sintetiseer en onafhanklik evalueer, deur gebruik te maak van verskeie tipes hoëvlak akademiese en professionele bronne

g) in staat wees om akademies-professionele werk koherent te kommunikeer deur die konvensies van akademiese diskoers toe te pas in die skryf van ‘n tesis, en om kommunikasiestrategieë aan te pas om effektief te kan kommunikeer met ‘n verskeidenheid gehore in verskillende kontekste

h) toegewyd wees tot ‘n proses van lewenslange leer, spesfiek met betrekking tot sosiale, ekonomiese, politieke en tegnologiese ontwikkelinge in die taalprofessies.

### V.10.2.5.3 KURRIKULUM: TAALPRAKTYK (L934V – 104 126)

V.10.2.5.3.1 **Spesifieke reëls**

a) Studente skryf net ‘n proefskrif (360 krediete) in hierdie kurrikulum.

b) Die titel van die proefskrif word finaal goedgekeur deur die Fakulteitsraad op aanbeveling van die relevante skooldirekteur, nadat dit deur die relevante navorsingsdirekteur goedgekeur is.

V.10.2.5.3.2 **Samestelling van die kurrikulum: L934V – 104 126**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LPRA971 | Taalpraktyk | **360** |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

## V.10.3 SKOOL VIR BASIESE WETENSKAPPE

### V.10.3.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die student vir een van die volgende:

| Kwalifikasie kodes | Kurrikulum kodes | Module-kodes | Beskrywende name | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 104 114 | L901V | HIST971 | Geskiedenis | 360 |
| 104 127 | L900V | PUMA971 | Publieke Bestuur en Regering | 360 |
| 104 119 | L942V | MSDW971 | Waterstudies | 360 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 104 124 | L906V | BYBL971 | Bybelkunde / Teologie | 256 |

### V.10.3.2 PROGRAM: POLITIEKE STUDIES

#### V.10.3.2.1 Spesifieke toelatingsvereistesvan die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 8.1 van die Universiteit moet 'n student oor 'n magistergraad in Politieke Studie of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met 'n minimum punt van 60% geslaag is.

b) Studente wat nie oor hierdie minimumvereistes beskik nie, kan by die navorsingsdirekteur aansoek doen om 'n onderhoud deur 'n paneel. Die paneel word saamgestel deur die navorsingsdirekteur en die paneel sal op grond van die onderhoud en ander oorwegings wat as relevant beskou word, toelating kan oorweeg.

c) ʼn Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word

#### V.10.3.2.2 Programuitkomste

Die student sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie program opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

#### V.10.3.2.3 Samestelling van die kurrikulum: L901V – 104 120

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| POLS971 | Politieke Studies (Proefskrif) | 360 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

## V.10.4 SKOOL VIR GEDRAGSWETENSKAPPE

### V.10.4.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die student vir **een** die volgende:

| Kwalifikasie kodes | Kurrikulum kodes | Module kodes | Beskrywende name | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 805 110 | G931V | PSYC971 | Psigologie | 360 |
| 104 121 | L951V | SOCL971 | Sosiologie | 360 |
| 506 136 | E923V | LARM971 | Arbeidsverhoudinge Bestuur | 360 |

**V.10.4.2 PROGRAM: BEDRYFSIELKUNDE**

**V.10.4.2.1 Toelatingsvereistes:**

Voornemende studente in *Bedryfsielkunde* behoort te beskik oor 'n meestersgraad in Bedryfsielkunde. 'n Gemiddeld van 60% vir die meestersgraad is 'n voorvereiste vir PhD-keuring. Alle aansoekers is onderhewig aan 'n keuringsproses gebaseer op die student se CV en 'n geskeduleerde onderhoud waartydens die voornemende navorsingstudie van die student bespreek sal word.

**V.10.4.2.2 Samestelling van die kurrikulum: E920V – 506 127**

| Modulekode | Beskryfwende naam | Kt |
|---|---|---|
| IOPS971 | Bedryfsielkunde (Proefskrif) | 360 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **360** |

**V.10.4.3 PROGRAM: MAATSKAPLIKE WERK (G921V) PhD (MW)**

Die kwalifikasie stel die student in staat om toegelaat te word tot studies op doktorale vlak by enige Suid-Afrikaanse universiteit en moontlike oorsese opleidingsinstansies waar maatskaplike werk op nagraade vlak aangebied word.

**V.10.4.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Toelating tot hierdie program/kurrikulum geskied na voltooiing van die Magistergraad in Maatskaplike Werk en met inagneming van die student se vorige akademiese prestasie;

a) Studente wat vir hierdie program/kurrikulum inskryf, moet bewys lewer van registrasie as maatskaplike werker ingevolge die Wet op Maatskaplike Diensberoepe (Wet 110 van 1978).

b) Die student selekteer 'n onderwerp in oorleg met die vakhoof en sy/haar promotor met die voorbehoud dat die onderwerp sal ressorteer binne die goedgekeurde fokuseenheid van beide die Vakgroep Maatskaplike Werk en die Fakulteit Geesteswetenskappe;

c) Studente moet 'n toelatingseksamen skryf waarin die student 'n minimum van 65% moet behaal. Inligting kan verkry word by die vakhoof.

**V.10.4.3.2 Samestelling van die kurrikulum: G921V – 805 108**

| Modulekode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| MWKN971 | Proefskrif | 360 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

#### V.10.4.3.3 Kurrikulumuitkomste

Die student sal vaardig wees in:

a) die benutting van die ekosisteembenadering in die uitbreiding en bevordering van maatskaplikewerk-kennis;

b) die identifisering van ’n navorsingsprobleem van ’n hoogs gekompliseerde aard in die veld van maatskaplike werk waarvan die oplossing kan bydra tot die uitbreiding van die maatskaplikewerk se kennisbasis;

c) die formulering en toepassing van ’n gepaste navorsingsontwerp en prosedure;

d) die analisering en toepassing, interpretasie en kritiese evaluering van navorsingsverwante data;

e) die aanbieding en verslagdoening oor die navorsingsdata in die vorm van ’n proefskrif van hoë gehalte; en

f) die verspreiding van die nuut verworwe kennis aan maatskaplike werkers en ander relevante rolspelers.

#### V.10.4.3.4 Artikulering en uittreepunt

Die kwalifikasie stel die student in staat om toegelaat te word tot post-doktorale programme by oorsese universiteite.

## V.10.5 SKOOL VIR OPVOEDKUNDIGE WETENSKAPPE

### V.10.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

a) ’n Magistergraad in die rigting waarvoor die kandidaat vir die PhD wil registreer.

b) ’n Slaagvereiste van 65% in die navorsingsmagistergraad.

c) ’n Slaagvereiste van 65% in die gestruktureerde magistergraad. Verwys ook na Kapasiteitbepalings (V6.1).

d) Kandidate moet verder

   i) oor ’n rekenaar beskik en

   ii) rekenaargeletterd wees, en

   iii) vaardig wee sin die ontsluiting van Internetbronne en databasisse.

e) Aansoekers vanaf universiteite ander as die NWU moet ‘n toelatings toets aflê gebaseer op die navorsingsmodules van die graad van Opvoeding. ’n Toelatingsvereiste van 70% moet behaal word in die toets om te kwalifiseer vir die PhD graad.

### V.10.5.2 PROGRAMME EN KURRIKULUMS

#### V.10.5.2.1 Programuitkomste

Die doel van die doktorsgraadprogram is om te voorsien in Suid-Afrika se behoeftes aan toegewyde en hoogsgespesialiseerde onderwysnavorsers wat bemagtig is om oorspronklike navorsing te doen, deur óf die ontdekking van nuwe kennis óf die beoefening van kritiese vermoë ’n besliste wetenskaplike

bydrae te maak tot die kennis en verstaan van een van die ondergenoemde spesialiseringsterreine; en om op ’n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van onderwys op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.

### V.10.5.2.2 Lys van programme

| Program kodes | Kurrikulum-kodes | Beskrywende nams | Module-kodes | Kt |
|---|---|---|---|---|
| 404 110 | 0901V | Leer en onderrig | LEON971 | 384 |
| 404 112 | 0903V | Onderwysbestuur | ONWB971 | 384 |
| 404 113 | 0904V | Onderwysreg | ONWR971 | 384 |
| 404 114 | 0905V | Opvoedkundige Sielkunde | OPSK971 | 384 |
| 404 115 | 0906V | Vergelykende Opvoedkunde | VGLO971 | 384 |
| 404 117 | 0908V | Leerderondersteuning | OPSL971 | 384 |
| 404 118 | 0909V | Skoolvoorligting en -begeleiding | OPSS971 | 384 |

# FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

# V.11 INLEIDENDE FAKULTEITSREËLS

## V.11.1 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die Fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Akademiese Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad http://www.nwu.ac.za.

### KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

## V.11.2 SKOLE IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie bestaan uit drie skole wat saamgestel is uit 'n aantal vakgroepe. Aan die hoof van elke skool staan 'n direkteur. Die skole is veral verantwoordelik vir die onderrig van voorgraadse en nagraadse kurrikulums.

Die onderskeie skole en vakgroepe is die volgende:

| | |
|---|---|
| Skool vir Ekonomiese Wetenskappe | Bemarkingsbestuur<br>Ekonomie<br>Ondernemingsbestuur<br>Regte<br>Risikobestuur<br>Sportwetenskappe |
| Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe | Belasting<br>Bestuursrekeningkunde<br>Handelsreg<br>Ouditkunde<br>Rekeningkunde |
| Skool vir Inligtingstegnologie | Bedryfswiskunde en Informatika<br>Inligtingstegnologie<br>Statistiek en Operasionele Navorsing<br>Wiskunde |

In die Fakulteit word navorsing en verbandhoudende nagraadse opleiding gekoördineerd ingeskakel by die goedgekeurde navorsingfokusareas van die Universiteit.

## V.11.3 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

a) In die Fakulteit Vaaldriehoek kan verskillende nagraadse kwalifikasies verwerf word. ’n Kwalifikasie, byvoorbeeld “Hons B.A.”, word in een of meer programme aangebied, byvoorbeeld “Geesteswetenskappe”, en in elke program is een of meer kurrikulum(s), byvoorbeeld “Geskiedenis” wat in ’n bepaalde formaat gestruktureer word. Inligting oor die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums op **nagraadse** vlak word in hierdie jaarboek uiteengesit. Waar van toepassing word verwys na toepaslike fokusareas waarbinne nagraadse opleiding en navorsing plaasvind.

b) ’n Voornemende student moet eers besluit watter kwalifikasie sy/hy wil verwerf, waarna die betrokke program en kurrikulum gekies word. Die student wat voldoen aan die betrokke toelatingsvereistes registreer dan vir ’n bepaalde kurrikulum by die aanvang van sy/haar studie. Elke kurrikulum het ’n kurrikulumkode wat uit 5 karakters bestaan, byvoorbeeld L621V. Indien ’n student na die aanvang van sy/haar studie die kurrikulumkeuse wil wysig, word sodanige versoek via die Direkteur Administrasie aan die betrokke skooldirekteur gerig. Slegs met skriftelike toestemming van die skooldirekteur kan studente die kurrikulumkeuse wysig.

c) Die formate van die kurrikulums in die programme hieronder uiteengesit, word saamgestel uit modules met ’n totale kredietwaarde van **minstens** 128 vir ’n nagraadse kwalifikasie waarvan die minimum duur een jaar is. In die geval van nagraadse kwalifikasies met ’n langer minimum duur kan die kredietwaardes dienooreenkomstig verskil.

d) Die Universiteit is bevoeg om die volgende nagraadse kwalifikasies in die Fakulteit Vaaldriehoek toe te ken:

| FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kwalifikasie** | **Program-kode** | **Kurrikulum** | **Kurrikulum-kode** | **HOKR vlak** |
| **Honneurs Baccalaureus Scientiae (Hons BSc)** | | | | |
| Voltyds en Deeltyds | 202125 | Inligtingstegnologie | N637V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 202134 | Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels | N653V | 8 |
| **Magister Scientiae (MSc in Rekenaarwetenskap)** | | | | |
| Voltyds en deeltyds | 203180 | Operasionele Navorsing | N801V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 203180 | Rekenaarwetenskap | N802V | 9 |
| **Philosophiae Doctor (PhD)** | | | | |
| Voltyds en deeltyds | 204131 | Operasionele Navorsing | N901V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 204130 | Inligtingstegnologie | N937V | 10 |
| **Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons BCom)** | | | | |
| Voltyds | 504126 | Ekonomie | E644V | 8 |
| Voltyds | 504128 | Risikobestuur | E646V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 504130 | Entrepreneurskap en Bemarking | E654V | 8 |
| Voltyds | 504123 | Geoktrooieerde Rekenmeesterskap | E630V | 8 |
| **Word nie in 2012 aangebied** | 504124 | Finansiële Rekenmeesterskap | E631V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 504112 | Bedryfsielkunde | E660V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 504121 | Mensehulpbronbestuur | E662V | 8 |
| Voltyds en deeltyds | 504122 | Arbeidsverhoudinge Bestuur | E664V | 8 |

| Kwalifikasie | Program-kode | Kurrikulum | Kurrikulum-kode | HOKR vlak |
|---|---|---|---|---|
| **Magister Commercii (MCom)** | | | | |
| Voltyds en deeltyds | 505132 | Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting (verhandeling) | E834V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505120 | Ekonomie | E803V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505122 | Risikobestuur | E805V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505124 | Entrepreneurskap | E814V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505125 | Bemarkingsbestuur | E815V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505128 | Mensehulpbronbestuur wetenskap | E852V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505121 | Internasionale Handel | E804V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505134 | Ondernemingsbestuur | E816V | 9 |
| **Word nie in 2012 aangebied** | 505137 | Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde (gedoseer) | E830V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505137 | Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde (verhandeling) | E831V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505130 | Rekeningkunde (verhandeling) | E842V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505126 | Bedryfsielkunde (verhandeling) | E820V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505126 | Bedryfsielkunde (skripsie) | E821V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505145 | Arbeidsverhoudinge bestuur (verhandeling) | E826V | 9 |
| Voltyds en deeltyds | 505122 | Risikobestuur | E805V | 9 |

| Kwalifikasie | Program-kode | Kurrikulum | Kurrikulum kode | HOKR vlak |
|---|---|---|---|---|
| **Philosophiae Doctor (PhD)** | | | | |
| Voltyds en deeltyds | 506132 | Belasting | E934V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506121 | Internasionale Handel | E901V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506122 | Risikobestuur | E902V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506120 | Ekonomie | E903V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506108 | Ondernemingsbestuur | E916V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506125 | Bemarkingsbestuur | E914V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506124 | Entrepreneurskap | E915V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506108 | Ondernemingsbestuur | E916V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506134 | Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde | E931V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506130 | Rekenmeesterskap | E936V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506127 | Bedryfsielkunde | E920V | 10 |
| Voltyds en deeltyds | 506136 | Arbeidsverhoudinge bestuur | E923V | 10 |

## V.11.4 MODULES EN KREDIETE

a) ’n Nagraadse kwalifikasie word verwerf nadat die betrokke module(s) binne ’n gekose kurrikulum afsonderlik geslaag is. Die modules het elkeen ’n kredietwaarde van 8 of veelvoude van 8.

b) Elke module het ’n modulekode en ’n beskrywende naam. Die modulekode bestaan uit ’n vierletter-vakafkorting, gevolg deur 3 syfers, byvoorbeeld: BYBL671. Die eerste twee syfers na die vakafkorting dui onderskeidelik die (jaar)vlak en semester(s) van aanbieding aan. Die derde syfer onderskei tussen modules waarvan die eerste ses karakters dieselfde is.

## V.11.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER

a) Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsels onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit ’n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigkurrikulums by hierdie of ’n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, ’n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne ’n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

b) By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat ’n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrig-kurrikulums te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye is die vraag watter vlak van vaardigheid beoordeel in die konteks van die uittreevlak-vaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, nodig is. Dit gaan dus nie bloot om die ervaring wat ’n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek demonstreer, met inagneming van die uittree-uitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

c) Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toekenning van krediete aan voornemende of bestaande studente – hetsy van hierdie of ’n ander instelling – op ’n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

d) Vir die hantering van ’n aansoek om erkenning van vorige leer is daar ’n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

## V.11.6 REGISTRASIE

a) Registrasie vir nagraadse kwalifikasies geskied ingevolge die volgende algemene regulasies: A.6.3 met betrekking tot honneursgrade, A.7.4 met betrekking tot magistergrade; A.8.4 met betrekking tot doktorsgrade en A.6.3 met betrekking tot diplomas.

b) Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat ’n student deurloop het om as student van die Universiteit ingeskryf te word.

c) ’n Toegelate student registreer jaarliks vir die duur van die studie vir ’n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor

bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring word.

d) Die registrasievorm word deur die student by die registrasieafdeling ingedien, waarop ’n bewys van registrasie uitgereik word.

## V.11.7 EKSAMINERING

Die Algemene Reëls ten opsigte van eksaminering is vervat in regulasie A.5.4 vir die Honneursgraad, reël A.7.5 vir die Meestersgraad en reël A.8.5 vir die Doktorsgraad.

### V.11.7.1 HONNEURSSTUDIE

#### V.11.7.1.1 Deelnamepunt

’n Deelnamepunt word opgebou uit werkstukke en ander vorme van evaluering, soos in die betrokke studiegids uiteengesit.

#### V.11.7.1.2 Toelating tot die eksamen

a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van ’n deelnamebewys.

b) ’n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat ’n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor soos in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

#### V.11.7.1.3 Modulepunt

Die modulepunt word bereken as ’n verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos in die studiegids aangedui is (vgl. A.1.41).

#### V.11.7.1.4 Slaagvereistes van ’n module en kurrikulum

a) ’n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is, te slaag.

b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40%.

c) Die slaagvereiste vir ’n module waarin eksamen(s) geskryf is, is 50%.

d) ’n Module word met onderskeiding geslaag indien ’n modulepunt van minstens 75% behaal is.

e) ’n Student wat in die kernmodules van ’n kurrikulum ’n modulepunt van minstens 75% behaal, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.

#### V.11.7.1.5 Herhaling van modules

’n Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van algemene reël A.6.4.1.

### V.11.7.2 MAGISTERSTUDIE

#### V.11.7.2.1 Benoeming van eksaminatore

a) Vir elke vraestel van ’n module wat op magistervlak binne ’n skool aangebied word, benoem die skooldirekteur in oorleg met die betrokke

navorsingsdirekteur minstens een interne eksaminator en een moderator wat intern of ekstern kan wees.

b) Vir die eksaminering van ’n skripsie/verhandeling word vir elke student minstens twee eksaminatore, waarvan minstens een ekstern moet wees, deur die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur benoem. Vir elke studieleier wat ook as eksaminator betrokke is, word ’n addisionele eksaminator benoem.

**V.11.7.2.2 Toelating tot die eksamen**

Toelating tot enige eksamen word net toegestaan aan ’n student wat tot bevrediging van die skooldirekteur bewys gelewer het dat daar aan die vereistes van die betrokke kurrikulum en/of module voldoen is.

**V.11.7.2.3 Eksamen**

Die eksamen vir die magistergraad bestaan uit:

a) slegs ’n verhandeling, óf

b) een of meer vraestelle en ’n skripsie in die betrokke gebied.

c) In die geval waar vraestelle deel vorm van die kurrikulum moet die vraestelle gedurende die eerste studiejaar afgehandel word.

**V.11.7.2.4 Vereistes ten opsigte van die skripsie/verhandeling**

Benewens die volgende vereistes waaraan voldoen moet word, mag ’n skripsie of verhandeling alleen ingedien word met toestemming van die studieleier:

a) ’n Verhandeling/skripsie moet bewys lewer dat die student met die metode van navorsing vertroud is.

b) ’n Verhandeling/skripsie moet ten opsigte van die tegniese- en prosedure vereistes voldoen aan die vereistes wat die Fakulteitsraad daarvoor stel (vgl. *Handleiding vir Nagraadse Studie)*.

**V.11.7.2.5 Deelnamepunt**

’n Deelnamepunt kan opgebou word uit werkstukke en ander vorme van evaluering.

**V.11.7.2.6 Modulepunt**

Die modulepunt word bereken as ’n verhouding tussen die deelnamepunt, waar van toepassing, en die eksamenpunt soos in die studiegids aangedui is (vgl. A.1.41).

**V.11.7.2.7 Slaagvereistes**

a) ’n Module word geslaag as die student ’n modulepunt van minstens 50% in die evaluering behaal het.

b) ’n Module, skripsie of verhandeling word met onderskeiding geslaag indien ’n modulepunt van minstens 75% behaal is.

c) ’n Student wat in die kernmodules van ’n kurrikulum ’n modulepunt van minstens 75% behaal, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.

**V.11.7.2.8 Herhaling van modules**

a) ’n Verhandeling of skripsie kan slegs een keer na die kandidaat terugverwys en ná herbewerking weer ingedien word.

b) ’n Student mag binne die maksimum studietydperk van drie jaar, eenmalig vraestelle wat nie 25% van die vraestelle van die betrokke kurrikulum oorskry nie, herhaal.

**V.11.7.3 DOKTORSTUDIE**

Vir die eksaminering van ’n proefskrif word vir elke student minstens drie eksaminatore, waarvan minstens een ekstern moet wees, deur die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur benoem. Vir elke promotor wat ook as eksaminator betrokke is, word ’n addisionele eksaminator benoem.

**V.11.7.3.1 Eksamen**

a) Die eksamen vir ’n doktorsgraad bestaan uit minstens ’n proefskrif wat die resultate van die kandidaat se navorsing bevat.

b) ’n Proefskrif mag alleen ingedien word met toestemming van die promotor.

c) ’n Proefskrif moet ’n besliste wetenskaplike bydrae tot die kennis van en insig in die vak asook bewys van oorspronklikheid lewer, hetsy deur die vind van nuwe feite, hetsy deur die beoefening van ’n onafhanklike kritiese vermoë.

d) Die Fakulteitsraad kan bykomende vereistes in die vorm van óf ’n skriftelike eksamen en/óf ’n mondelinge eksamen stel vir die verwewing van ’n doktorsgraad.

**V.11.7.3.2 Herhaling van modules**

’n Proefskrif kan slegs een keer na die kandidaat terugverwys en ná herbewerking weer ingedien word.

**V.11.7.4 PROSES VAN NAGRAADSE STUDIE**

In die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie bestaan die proses vir nagraadse studie uit die volgende stappe:

a) Die student meld, met ’n voorgestelde onderwerp, by die skooldirekteur aan vir toestemming om aansoek te doen vir nagraadse studie. (*Die skooldirekteur stel vas of die student aan die vereistes voldoen; daar bestaan toesighoudende kapasiteit in die skool om te verseker dat die onderwerp in ooreenstemming is met die navorsingsfokus van die skool.*)

b) Die student mag aansoek doen vir voorwaardelike toelating by studente-administrasie. (*Die student mag net volledig registreer wanneer ’n konsep navorsingsvoorstel goedgekeur is deur die skooldirekteur en studieleier – behalwe in die geval van voltydse nagraadse studente wat van hierdie vereiste vrygeskeld word. Ongeregistreerde studente mag by die biblioteek aansoek doen vir databasis toegang teen ’n fooi van R350*.)

c) Na registrasie, werk die studieleier saam met die student aan die finale navorsingsvoorstel. (*Die fakulteit se navorsingsvoorstel-templaat mag*

*gebruik word om die finale voorstel op te stel. Die voorstel moet volledig voltooi wees binne ses maande van registrasie deur die student.*)

d) Sodra die voorstel voltooi is, dien die studieleier dit in by die kantoor van die Direkteur: Navorsingsontwikkeling vir bespreking deur die fakulteit se navorsings-subkomitee. (*Voorstelle moet ingedien wees ten minste 10 werksdae voordat die fakulteit se navorsings-subkomitee vergader.*)

e) Die fakulteit se navorsings-subkomitee vergader en gee raad oor etiese opheldering, tegniese riglyne, ens. (*Die studieleier moet teenwoordig wees as die fakulteit se navorsings-subkomitee vergader en moet die nodige terugvoer aan die student verskaf. Voorgestelde veranderings (indien enige) aan die voorstel sal ook genotuleer word*.)

f) Die student maak veranderings (indien enige) en die studieleier/skooldirekteur dien die finale voorstel by die Fakulteitsraad in vir goedkeuring/titelregistrasie en die benoeming van eksaminatore. (*Indiening moet plaasvind ten minste 7 werksdae voordat die Fakulteitsraad vergader.*)

g) Die student gaan voort met die studie. (*Elke hoofstuk moet deur die studieleier op Turnitin ingedien word. Die studieleier en student teken 'n kontrak oor verwagtings en tydskale.*)

h) Finale indiening van die proefskrif. Studente-administrasie moet ingelig word oor die voorneme van indiening in ooreenstemming met NWU-sluitingsdatums. (*Turnitin-verslag moet aangeheg word. Studente-administrasie stuur die proefskrif weg vir eksaminering.*)

i) Eksaminatorsverslae word deur die Fakulteitsraad goedgekeur/kennis van geneem. (*Eksaminatorsverslae moet ingedien wees ten minste twee weke voordat die Fakulteitsraad vergader. Die student moet ingelig word oor voorgestelde veranderings en moet hierdie veranderings aanbring tot tevredenheid van die Fakulteitsraad.*)

j) Die Fakulteitsraad keur veranderings deur die student aangebring volgens die studieleier se verslag, goed. (*Die studieleier se verslag moet ten minste 1 week voordat die Fakulteitsraad vergader, ingedien wees. 'n Uittreksel van die notule van die Fakulteitsraad word na die Senaat gestuur. (Die student se punte word nie ingesluit in die uittreksel van die Fakulteitsraad se notule nie.*))

**Riglyne vir die indiening van 'n doktorsgraad in artikelformaat**

Die artikelmodel vir doktorsgrade word by die Universiteit geïmplementeer (Akademiese Reël A5). Die besluit of van 'n student verwag word om sy/haar navorsingswerk vir sy/haar doktorsgraad in die vorm van artikels (in plaas van die normale proefskrif) in te dien, moet in samewerking met die student se studieleier geneem word.

Studies wat die beste geskik is vir die artikel-opsie kan wees:

- 'n Studie wat meer as een fokuspunt / substansiële navorsingsvraag behels. Die vrae is verwant, maar elkeen kan "op eie bene staan" en het 'n eie navorsingsverslag.
- 'n Studie wat gemengde metodes behels (bv. kwalitatief en kwantitatief) en waarvoor die navorser nie bevindings wil byeenbring nie (d.w.s. afsonderlik wil verslag doen oor bevindings vir elke benadering/metode).

- ’n Studie wat meer as een eksperiment behels.

Of die artikel-opsie gevolg word of nie, sal ook afhang van die tipe navorsingsprojek wat aangepak word en die besluit is gewoonlik gekoppel aan navorsingsvrae. Die artikel-opsie bestaan tipies uit:

- Hoofstuk 1 - Inleiding. (Stem ooreen met die normale navorsingsvoorstel.)
- Hoofstuk 2 - Artikel 1.
- Hoofstuk 3 - Artikel 2.
- Hoofstuk 4 - Artikel 3.
- Hoofstuk 5 - Artikel 4.
- Hoofstuk 6 - Gevolgtrekkings, beperkings, aanbevelings.
- Verwysings.
- Aanhangsels.

Die vereiste in die Fakulteit sal vier (4) artikels vir ’n doktorsgraad wees. Hierdie artikels moet ingedien word en minstens een *aanvaar* word vir publikasie (nie noodwendig klaar gepubliseer wees nie) ten einde die student volgens hierdie opsie te laat gradueer.

Die indiening en aanvaarding van die artikel vervang nie die tradisionele eksaminering van die proefskrif nie. Die volledige manuskrip in artikelvorm sal ingedien word vir eksaminering, soos bepaal deur die Akademiese Reëls.

**Die algemene riglyne vir die indiening van ’n proefskrif in artikelformaat by die Universiteit is soos volg:**

- Titelbladsy, soos voorgeskryf word in die handleiding vir nagraadse studies.
- Erkenning.
- Inhoudsopgawe.
- Opsomming met 5-10 sleutelwoorde.
- Voorwoord bestaande uit die volgende:
    - ’n Verklaring dat die artikelformaat gekies is.
    - Die student se aandeel in die navorsing in die geval van mede-outeurs vir die artikel(s)/manuskrip(te).
    - ’n Aanduiding van of die tydskrif van indiening vir publikasie van die artikel(s)/manuskrip(te) dit nog nie gepubliseer het nie.
    - Toestemming van mede-outeurs dat die artikel(s)/manuskrip(te) ingedien mag word vir graaddoeleindes.
    - Toestemming van die redakteur van die tegniese tydskrif, indien enige kopiereg betrokke is.
- Indien meer as een artikel/manuskrip gebruik word moet die proefskrif aangebied word in ’n wetenskaplike eenheidsformaat (Akademiese Reël A5).

- Afhangende van die betrokke studieveld, kan die studieleier/promotor ook ander items soos 'n literatuuroorsig, vereis. Elke artikel moet voorafgegaan word met 'n kopie van die riglyne van die tydskrif vir skrywers van artikels vir die betrokke tydskrif.

## V.12 REËLS VIR HONNEURSGRADE

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël V.6.4 (d) beskryf word en kan voltyds of deeltyds geneem word.

### V.12.1 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël V.6.4(d) beskryf word en kan voltyds of deeltyds geneem word.

#### V.12.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **een jaar** vir voltydse en **twee jaar** vir deeltydse studente. Die maksimum duur is **twee jaar** vir voltydse en **drie jaar** vir deeltydse studente.

#### V.12.1.2 TOELATING

a) ’n Student moet reeds in besit wees van ’n toepaslike baccalaureusgraad, of gelykwaardige kwalifikasie, soos deur die Senaat goedgekeur (vgl. reël A.6.1).

b) Daar moet voldoen word aan al die hoofvakvereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons. B.Com.-studie. ’n Gemiddelde punt van minstens 60% in die finale jaar word in die betrokke hoofvak vereis.

c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die student in hierdie hoofvak(ke) moet vir elke ingeslote kursuseenheid tot bevrediging van die betrokke direkteur wees.

d) B.Com.-status word slegs verleen indien die volgende kursusse geslaag is of vrystelling op grond van spesifieke opdragte vir kursusse deur die direkteur verleen is: ECON111, ECON121; BMAN111, BMAN121; ACCC111, ACCC121.

e) In aansluiting by (d) hierbo, kan ’n direkteur ook vereis dat ’n student toepaslike modules in die volgende programme geslaag het, alvorens B.Com.-status aan die betrokke student verleen word: menswetenskappe, wiskunde, statistiek, rekenaarstudies.

#### V.12.1.3 PROGRAM: EKONOMIE

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, bemagtig studente met hoëvlakkennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid, sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.

Verder stel hierdie kurrikulums die student in staat om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit meer gespesialiseerd te ontwikkel om die ekonomiese en besigheidsomgewing te verstaan, asook om krities en innoverend te dink.

##### V.12.1.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

a) As algemene riglyn geld dat ’n minimum van 60% per kursuseenheid of soos deur die betrokke skool vereis, in die volgende semesterkursusse behaal moes gewees het: EKNP211, EKNP221, EKIP211; EKIP221, EKNP311 en EKNP321.

b) Vir Risikobestuur (kurrikulum E646V) word EKRP311 en EKRP321 (minimum 60%) ook addisioneel vereis tot modules wat in V.7.3.2 genoem is.

## V.12.1.3.2 KURRIKULUM: EKONOMIE (E644V)

### V.12.1.3.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student:

a) ’n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;

b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op ’n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;

c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings;

d) sensitief te wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen.

### V.12.1.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs B.Com.-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8- / HOKR vlak 9 kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die student se gekose spesialisdissipline.

### V.12.1.3.2.3 Ander reëls

Studente registreer vir al agt modules (16 krediete elk) wat suksesvol afgehandel moet word.

V.12.1.3.2.4 **Samestelling van die kurrikulum (E644V - 504 126)**

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste semester** | |
| ECON 611 | Mikro-Ekonomie | 16 |
| ECON 612 | Makro-Ekonomie | 16 |
| ECON 614 | Ekonomiese Ontwikkeling | 16 |
| ECON 618 | Ontwikkelingsekonomiese Navorsingsmetodes | 16 |
| | **Tweede semester** | |
| ECON 621 | Internasionale Handel | 16 |
| ECON 622 | Monetêre en Fiskale Beleid | 16 |
| ECON 624 | Ekonomiese Modellering | 16 |
| ECON 627 | Navorsingsprojek | 16 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **128** |

**V.12.1.3.3 KURRIKULUM: RISIKOBESTUUR (E646V – 504 128)**

V.12.1.3.3.1 **Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student:

a) ’n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;

b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op ’n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;

c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings;

d) sensitief te wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen.

V.12.1.3.3.2 **Artikulasie en uittreepunt**

Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs BCom-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8- / HOKR vlak 9 kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die student se gekose spesialisdissipline.

V.12.1.3.3.3 **Ander reëls**

Studente registreer vir al agt modules (16 krediete elk) wat suksesvol afgehandel moet word.

V.12.1.3.3.4 **Samestelling van die kurrikulum (E646V – 504 128)**

| Module-kode | Beskrywende naam | Kt |
|---|---|---|
| | **Eerste semester** | |
| ECON611 | Mikro-Ekonomie | 16 |
| Na afloop van hierdie module behoort studente die literêr-historiese ontwikkelinge in die Afrikaanse prosa van die begin van die twintigste eeu tot die hede te ken en verstaan en resente tendense kan beskryf en verduidelik; 'n gevorderde narratologiese analise van enige verhalende teks te kan maak en die resultaat van die analise met behulp van verskeie teoretiese raamwerke kan interpreteer; in staat te wees om teorie en teksanalise te integreer en kontekstualiseer; die verskyningsvorme van estetiese werkswyses in die Afrikaanse prosa te kan aantoon en bespreek; te kan deelneem aan 'n debat oor waardes na aanleiding van die gesprek tussen tekste en werklikheid en waardesisteme wat insluit die vermoë om 'n eie siening en evaluering van 'n verhalende teks te vorm en te verwoord; en 'n goed gestruktureerde wetenskaplike referaat te kan skryf waarin die beskrywing, analise, interpretasie, vergelyking en evaluering van tekste sowel teoreties begrond as gekonteks-tualiseer aangebied word. | | | |
| **MODULEKODE: AFLL674** | **SEMESTER 1 & 2** | **NKR-VLAK: 8** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL: TEMAS UIT DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE** | | | |
| Na afloop van hierdie module behoort studente die Nederlandse literatuur te geniet en entoesiasties te wees oor die venster wat dit oopmaak op die Nederlandstalige wêreld; die basiese lyne van die Nederlandse literatuurgeskiedenis te ken en kan verduidelik en die bestudeerde werke en outeurs in hulle literêr-historiese konteks kan plaas; sekere eksemplariese werke, outeurs, temas en probleme uit die Nederlandse letterkunde ondersoekend te kan benader, ontleed en interpreteer; die gekose werke, outeurs en probleme met die Suid-Afrikaanse situasie en die Afrikaanse letterkunde te kan vergelyk; en teoretiese konsepte vrugbaar te kan gebruik in en deur die studie van die gekose werke, outeurs en temas. | | | |
| **MODULEKODE: AFLL679** | **SEMESTER 1 & 2** | **NKR-VLAK: 8** | **KREDIETE: 32** |
| **TITEL: NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE** | | | |
| Na afloop van hierdie module moet studente kan demonstreer dat hulle bekwame navorsers is, wat beteken dat hulle verskillende sienings van navorsing moet kan beskryf en kan toepas; die navorsingsproses moet kan beskryf en in hulle eie navorsing moet kan toepas; 'n eie projek moet kan ontwerp en 'n navorsingsvoorstel daarvoor moet kan skryf; die projek volgens goeie navorsingspraktyk moet kan uitvoer om betroubare resultate te kan bereik; en 'n behoorlike essay (of navorsingsverslag van die projek) moet kan skryf. In hierdie module skryf die student ook 'n **skripsie** wat voldoen aan gespesifiseerde vereistes. | | | |

| MODULEKODE: AFLL673 | SEMESTER 1 & 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: TAAL EN SAMELEWING** | | | |
| Na afloop van hierdie module behoort die student in staat te wees om die basiese terminologie van die sosiolinguistiek en taalsosiologie te definieer en te gebruik; om die oorsake van taalvariasie te identifiseer en verklaar; om die dataversamelingstegnieke van die sosiolinguistiek te verduidelik en self toe te pas in navorsingsprojekte; om die data-interpretasiemetodes van die sosiolinguistiek te verduidelik en self toe te pas in navorsingsprojekte; om primêre navorsingsliteratuur selfstandig te bestudeer en interpreteer; om ’n navorsingsprojek te beplan en uit te voer; om resultate van ’n navorsingsprojek op gepaste wyses in geskrewe en gesproke media te kommunikeer; om die standpunte oor die standaardisering van Afrikaans te identifiseer, verduidelik, sintetiseer en ’n eie gemotiveerde standpunt te formuleer; en om die Suid-Afrikaanse taalbeleid te verduidelik. | | | |

| MODULEKODE: AFLL674 | SEMESTER 1 & 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: TEKSSTUDIE EN TEKSLINGUISTIEK** | | | |
| Na afloop van hierdie module behoort die student in staat wees om die basiese teoretiese uitgangspunte van die tekslinguistiek te kan beheers; om die insigte van die tekslinguistiek op gekose tekste te kan toepas; om hom/haar te kan verantwoord oor die geldigheid van ’n goeie “teks” al dan nie; en om 'n selfstandige werkstuk oor 'n gekose onderwerp te skryf waarin die beginsels van die tekslinguistiek duidelik geïllustreer word. | | | |

| MODULEKODE: APLS 673 | SEMESTER 1 & 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: TOEGEPASTE LEERONDERSTEUNING** | | | |

Na voltooiing van hierdie module sal studente toegerus wees met:

- ŉ wye kennis en begrip van die diverse leerbehoeftes (leerhindernisse) in ŉ verskeidenheid kontekste (skool, klaskamer, huis, omgewing) wat leerondersteuning benodig in terme van leer-, emosionele en sosiale, en kontekstuele ondersteuning;
- kennis en vaardighede om die verskeie leerondersteuningsbenaderings en tegnieke toe te pas ten aansien van die diverse behoeftes wat in ŉ verskeidenheid kontekste in praktyk kan voorkom;
- vaardigheid in die toepassing van die verskeie ondersteuningsbenaderings in ŉ verskeidenheid kontekste in praktyk;
- kennis van die verskillende fases in die leerondersteuningsproses en die toepassing daarvan op die beplanning van ondersteuning van leerders wat leerhindernisse ervaar in praktyk;
- geïntegreerde kennis en vaardighede om ŉ ondersteuningsprogram te kan saamstel vir die onderskeie hindernisse wat leerders ondervind in praktyk;
- ŉ omvattende begrip van die teorieë oor inklusiewe onderwys;
- kennis en vaardighede om die teoretiese perspektiewe oor inklusiewe onderwys in praktyk te analiseer en krities evalueer;
- vaardigheid in die praktiese toepassing van die verskeie perspektiewe in ŉ verskeidenheid kontekste in praktyk;
- ŉ toepaslike gesindheid ten opsigte van die etiese beginsels onderliggend aan en ingebed in inklusiewe onderwys.

| | |
|---|---|
| **Metode van aflewering:** | Voltyds / Deeltyds |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 %<br>Skriftelike eksamen 50 % |

| MODULEKODE: BMAN 611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: GEÏNTEGREERDE BESTUURSTOEPASSING** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- 'n sistematiese en teoretiese kennis hê van die elemente wat bydra tot 'n effektiewe ondernemingsplan asook ŉ lewensvatbare besigheidsgeleentheid;
- die belangrikheid van die opstel van funksionele planne as deel van die ondernemingsplan begryp;
- in staat wees om teorie te gebruik om besigheidsgeleenthede te evalueer; en
- in staat wees om 'n ondernemingsplan daarvoor saam te stel en voor te dra.

| MODULEKODE: BMAN 612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** GEVORDERDE ENTREPRENEURSKAP | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- die rol van entrepreneurskap in die ekonomie, die breë betekenis van die term entrepreneurskap, entrepreneuriese ingesteldheid en sukses vaardighede in verskillende kontekste kan toepas;
- die dominante temas vir entrepreneuriese sukses kan ontleed;
- ’n persoonlike entrepreneuriese / loopbaanstrategie kan ontwikkel en aanbied;
- die dryfkragte van entrepreneurskap in die entrepreneuriese proses kan toepas;
- verskeie geleenthede met behulp van die venster van geleentheid kan evalueer;
- geleenthede met behulp van geleentheidskandering kan ontleed;
- weet hoe om tot verskeie finansieringsalternatiewe toegang te kan kry;
- ’n franchise as geleentheid kan ontleed;
- van die basiese beginsels van inkomstebelasting vir die individu en onderneming kennis geneem het;
- ’n gevallestudies kan skryf en ontleed;
- weet hoe om ’n onderneming in die begin- en groeifase te bestuur;
- in groepe aan opdragte kan werk en effektiewe terugvoer gee; en
- betekenisvolle aanbiedings kan doen.

| MODULEKODE: BMAN 621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** ONDERNEMINGSPLAN | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- in staat wees om teorie te gebruik om besigheidsgeleenthede te evalueer;
- in staat wees om 'n industrie- en markevaluasie van ’n nuwe onderneming te kan doen;
- in staat wees om 'n uitvoerbare besigheidsgeleentheid te identifiseer; en
- 'n ondernemingsplan daarvoor saam te stel en dit voor te dra.

| MODULEKODE: BMAN 622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** FINANSIËLE BESTUUR | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- ’n omvattende en sistematiese kennis van finansiële state en kontantbestuur, vaste bates, ontleding van finansiële bestuur en bedryfskapitaal, tydwaarde van geld, waardering en interne opbrengskoers, en dividend beleid kan demonstreer;
- vaardighede gebaseer op ingeligte insig van teorieë en konsepte, evaluering en analisering van finansiële state, berekening van alle berekenings oor die tydwaarde van geld, finansiële aspekte en die neem van besluite gebaseer op hierdie bevindinge kan demonstreer;
- die vermoë om ’n literatuurstudie en omgewingsverslag uit te voer, ’n verslag oor finansiële vraagstukke voor te berei en as ’n individu of lid van ’n groep dit te kommunikeer, skriftelik of mondelings aan ’n gehoor demonstreer; en
- die vaardigheid om probleme en gevallestudies gebaseer op bogenoemde aspekte van finansiële bestuur kan oplos.

| MODULEKODE: BMAR 611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** KLEINHANDELSBESTUUR | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- kennis demonstreer oor kleinhandel en kleinhandelsbestuur;
- ’n situasie-analise uitoefen;
- die regte klante teiken vir ’n kleinhandelwinkel;
- ’n vestigingsplek kan kies vir die kleinhandelwinkel;
- kennis demonstreer oor die bestuur van ’n kleinhandelonderneming;
- kennis demonstreer oor die voorraad en prys van produkte in die kleinhandelwinkel;
- identifiseer hoe om met klante te kommunikeer; en
- ’n kleinhandelplan kan skryf.

| MODULEKODE: BMAR 621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BEMARKINGSPLAN** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- die onderneming se huidige situasie ontleed;
- markte en klante ontleed;
- ŉ SWOT-ontleding uitvoer;
- marksegmentering, doelmarkkeuse en posisionering van die onderneming se produkte uitvoer;
- finansiële-, bemarkings- en sosiale doelwitte stel;
- ŉ bemarkingstrategie opstel;
- bemarkingsprogramme ontwikkel;
- ŉ bemarkingsplan opstel wat bogenoemde konstrukte dek; en
- die bemarkingsplan vir belanghebbendes aanbied.

| MODULEKODE: BMAR 622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: INTERNASIONALE BEMARKING** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- om ŉ deeglike kennis en begrip van die teorie van die voorgeskrewe handboek te toon en dit te kan toepas op gevallestudies;
- om ŉ profiel vanuit ŉ bemarking- en moontlike internasionale uitvoer-oogpunt op te stel vir ŉ gegewe land en of area met betrekking tot die spesifieke kriteria;
- om die sosio-ekonomiese, regs-, ekonomiese, politiese, fisiese en tegnologiese omgewings as faktore toe te pas op ŉ internasionale bemarkingsveldtog;
- om te verduidelik waarom internasionale bemarkingsnavorsing belangrik is;
- om die produkidee vir ŉ internasionale bemarkingsplan te formuleer en die aspekte wat belangrik is om in ag te neem wanneer die produk in die bemarkingsmengsel ingesluit word, te bespreek;
- om ŉ internasionale bemarkingsplan te ontwikkel en ŉ geskrewe plan in te handig; en
- om ŉ internasionale plan deur ŉ 15-minute verkoopsaanbieding aan te bied, waar die idée en sy komponente aan die bestuur en potensiële investeerders uiteengesit word.

| MODULEKODE: BMAR 623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: VERKOOPSBESTUUR** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- 'n persoonlike verkoopsfilosofie;
- 'n verhoudingstrategie;
- 'n produkstrategie ;
- 'n klantestrategie; en
- 'n aanbiedingstrategie.

| MODULEKODE: BMAR 671 | SEMESTER 1/2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BEMARKINGSNAVORSING** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- die vermoë demonstreer om ŉ navorsingsvoorstel op te stel;
- die vermoë demonstreer om ŉ vraelys op te stel;
- primêre data versamel deur middel van veldwerk onder respondente in die teikenmark;
- data verkry deur die veldwerk in te sleutel en te analiseer; en
- die vermoë demonstreer om ŉ akademiese artikel te skryf.

| MODULEKODE: BRKP613 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: BEPLANNING EN BESLUITNEMINGSTEGNIEKE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- bespreek die beginsels van besluitneming, insluitende die identifikasie van relevante kontantvloei en die gebruik daarvan tesame met kwalitatiewe faktore om volledige evaluerings te kan maak;
- bespreek die moontlike konflik tussen kosteberekening vir winsverslagdoening, voorraadwaardering en inligting benodig vir besluitnemingsdoeleindes;
- bespreek die spesifieke knelpunte in prysbesluite met betrekking tot die konflik tussen marginale kostebeginsels en die behoefte om volkoste te verhaal;
- Toepassing van ’n prysbenadering om wins op onvolmaakte markte te maksimeer;
- bespreek die finansiële gevolge van alternatiewe prysbesluite;
- verduidelik waarom gemeenskaplike koste na finale produkte vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes toegedeel moet word, maar dit sinloos is wanneer proses- of produklewensvatbaarheidsbesluite geneem moet word;
- verduidelik die nut om koste in vaste- en veranderlike komponent te verdeel teen die agtergrond van korttermynbesluitneming;
- interpreteer vaste/ veranderlike koste ontledings vir meervoudige produkte in die gelykbreekontleding en produkmengselbesluite, insluitende omstandighede waar meervoudige beperkings bestaan wat met behulp van lineêre programmering opgelos moet word ten einde ’n optimale oplossing te verkry;
- bespreek die betekenis van optimale oplossing en toon hoedat lineêre programmeringsmetodes aangewend kan word vir winsmaksimering, inkomstemaksimering en bevrediging van doelwitte;
- ontleed die invloed van onsekerheid en risiko ten opsigte van besluitnemings modelle wat op koste-volume-winsontleding gebaseer is;
- vergelyk en kontrasteer waarde-ontleding en funksionele koste-ontleding;
- evalueer die invloed van net-betydsproduksie, die teorie van beperkings en totale kwaliteitsbestuur op doeltreffendheid, voorraad en koste;
- verduidelik die begrip deurlopende verbetering en Kaizen kosteberekening wat die kernpunt van kwaliteitsbestuur vorm;
- voorbereiding van kwaliteitskosteverslae;
- toepassing van leerkurwes om die tyd en koste van ’n nuwe produk of diens te skat;
- toepassing van die tegniek van aktiwiteitsgebaseerde bestuur en die identifisering van kostedrywers/ aktiwiteite;
- verduidelik hoe prosesherstrukturering gebruik kan word om aktiwiteite te elimineer wat nie waarde toevoeg nie en om aktiwiteitskoste te bespaar;
- verduidelik hoe doelwitkoste vanaf doelwitpryse afgelei kan word en ook die verwantskap tussen doelwitkoste en standaardkoste;
- Verduidelik die begrip lewensikluskosteberekening en die interrelasie daarvan met bemarkingstrategieë in elke fase van die siklus;
- bespreek die waardeketting begrip en die bestuur van bydrae/ wins wat daardeur gegenereer word;
- bespreek verlowingsooreenkomste waar kontrakteurs en kliënte bevoordeel word indien kontrakmikpunte soos koste, afleweringstyd ens. verbeter word;
- ontleed direkte kliënte winsgewendheid en brei dit uit na produkkanaalwinsgewendheid deur middel van die toepassing van aktiwiteitsgebaseerde koste-berekingdenke;
- toepassing van Pareto ontleding as ’n gepaste tegniek vir die identifisering van sleutelelemente en die aanbieding van resultate in ander ontledings soos aktiwiteitsgebaseerde winsberekeninge;
- Capita Selecta.

| MODULEKODE: BRKP614 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: BESTUURSBESLUITNEMING | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- Bespreek koste metodes en die metodes se resultate.
- vergelyk en kontrasteer marginale (of veranderlike), deurplaas en absorpsie rekeningkundige metodes in verband met verslagdoening rakende wins en voorraadwaardasie;
- bespreek ŉ verslag wat begrote en werklike wins rekonsilieer deur middel van absorpsie en/of marginale koste beginsels;
- bespreek aktiwiteitsgebaseerde koste in vergelyking met tradisionele marginale en absorpsie koste metodes, insluitend die relatiewe voordele en nadele as ŉ stelsel van koste rekeningkunde;
- pas standaardkoste metodes binne koste stelsels toe, ingesluit die rekonsiliasie van begrote en werklike winsgrense;
- verduidelik hoekom en hoe standaarde gestel word in vervaardiging en diens industrieë met spesifieke verwysing na die maksimalisering van effektiwiteit en minimalisering van verspilling;
- interpreteer materiaal-, arbeid-, veranderlike bokoste, vaste bokoste en verkoopsafwykings, en onderskei tussen beplannings en operasionele afwykings;
- berei verslae voor deur gebruik te maak van ŉ reeks interne en eksterne norme en die resultate te interpreteer;
- verduidelik die impak van net-betyds vervaardigingsmetodes op koste rekeningkunde en die gebruik van 'terugvloei koste rekeningkunde' wanneer werk-in-proses voorraad minimaal is.
- Verduidelik die rol van MRP en ERP stelsels.
- verduidelik die rol van MRP en ERP stelsels ondersteunend tot standaardkoste stelsels, deur berekening van afwykings en fasilitering van die teboekstel van grootboekinskrywings.
- Pas beginsels van omgewings-koste berekening toe.
- pas beginsels van omgewings-koste berekening toe in die identifisering van relevante interne koste en eksterne impak op die omgewing van die onderneming se aktiwiteite.
- Verduidelik die doel van vooruitskattings, planne en begrotings.
- verduidelik hoekom organisasies vooruitskattings voorberei en beplanning doen;
- verduidelik die doel van begrotings, insluitend beplanning, kommunikasie, koördinasie, motivering, goedkeuring, beheer en evaluasie, en die moontlike konflik tussen bogenoemde.
- Berei vooruitskattings van finansiële resultate voor.
- bereken geskatte produk/diens volumes deur middel van toepaslike vooruitskattingstegnieke;
- bereken verwagte inkomste en koste gebaseer op produk/diens volumes, prysstrategieë en kostestrukture.
- Berei begrotings voor gebaseer op vooruitskattings.
- berei ŉ begroting voor vir enige rekening in die meesterbegroting, gebaseer op projeksies/vooruitskattings en bestuursteikens;
- pas alternatiewe benaderings tot begrotings toe
- Analiseer inligting om die impak van veranderlikes met onsekere waardes op besluite te bepaal.
- analiseer die impak van onsekerheid en risiko op besluitnemingsmodelle wat gebaseer is op relevante kontantvloei, leerkurwes, verdiskonteringstegnieke, ens;
- pas sensitiwiteitsanalise toe op korttermyn en langtermyn besluitnemingsmodelle om sodoende veranderlikes te identifiseer wat ŉ wesenlike impak kan hê op projek resultate;
- analiseer risiko en onsekerheid by die berekening van verwagte waardes en standaardafwykings tesame met waarskynlikheidstabelle en histogramme;

- berei tabelle met verwagte waardes voor;
- bereken die waarde van inligting;
- pas besluitnemingsbome toe.
- Capita Selecta

| MODULEKODE: BRKP623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **PRESTASIE-EVALUERING EN -BESTUUR** | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- Verduidelik die beginsels onderliggend tot die gebruik van begrotings in beheer.
- verduidelik die konsepte van terugvoer- en omgekeerde terugvoer-beheer en die toepassing daarvan in die gebruik van begrotings vir beplanning en beheer;
- verduidelik die konsep van verantwoordelikheidsrekeningkunde en die belangrikheid daarvan in die opstel van funksionele begrotings wat die oorkoepelende meesterbegroting ondersteun;
- identifiseer beheerbare en nie-beheerbare in die konteks van verantwoordelikheidsrekeningkunde en hoekom nie-beheerbare koste na verantwoordelikheidsentrums toegedeel mag word of nie.
- Evalueer prestasie deur gebruik te maak van begrotings, deur kennis te neem van alternatiewe benaderings en sensitiwiteit teenoor veranderlike faktore.
- evalueer geprojekteerde prestasie deur gebruik te maak van verhoudingsontledings;
- evalueer die gevolge van "wat as" scenario's en die impak daarvan op die meesterbegroting;
- evalueer prestasie deur gebruik te maak van vaste en veranderlike begrotingsverslae.
- Bespreek die wyer bestuursimplikasies wat voortspruit uit die gebruik van begrotings in beheer.
- bespreek die impak van begrotingsbeheer sisteme en die vasstel standaardkoste op menslike gedrag;
- bespreek die rol van nie-finansiële prestasiemeters;
- vergelyk en kontrasteer tradisionele benaderings tot begrotings met aanbevelings gebaseer op die gebalanseerde telkaart';
- bespreek die kritiek op begrotings, veral met verwysing na ‘verby begrotings' tegnieke.
- Bespreek die gebruik van verantwoordelikheidsentrums in die opstel van organisasie strukture en in bestuursbeheer.
- Bespreek die gebruik van koste-, inkomste-, wins- en beleggingsentrums in die opstel van organisasie strukture en in bestuursbeheer.
- Bespreek inligting toepaslik vir besluitneming van bestuur in verantwoordelikheidsentrums.
- bespreek koste inligting in toepaslike formate vir bestuur van koste-sentrums, deur beheerbare en nie-beheerbare koste en die belangrikheid van veranderlike begrotings in ag te neem;
- bespreek inkomste en koste inligting in toepaslike formate vir bestuur van wins- en beleggingsentrums, deur veranderlike koste, toedeelbare koste, beheerbare koste en die identifisering van toepaslike meters van die bydrae van ŉ winssentrum in ag te neem;
- bespreek alternatiewe prestasiemeters vir verantwoordelikheid sentrums.
- Bespreek die wyer bestuursimplikasies wat voortspruit uit die verdeling van ŉ organisasie in verantwoordelikheidsentrums.
- bespreek die moontlike gedragsgevolge van die gebruik van prestasiemeters in die bestuur van koste-, wins- en beleggingsentrums;
- bespreek die tipiese gevolge van ŉ verdeelde struktuur vir prestasiemeting wanneer divisies teen mekaar kompeteer of met mekaar handel dryf;
- bespreek die moontlike gevolge van verskillende benaderings tot oordragpryse vir afdelingsbesluitneming, afdelings- en groepswye winsgewendheid, die motivering van afdelingsbestuur en die outonomie van individuele afdelings;
- bespreek in beginsel die potensiële gevolge van die bestuur van belasting en valuta van

die interne oordragsprysbeleid.
- Capita Selecta

| MODULEKODE: BRKP671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| TITEL: FINANSIËLE BESLUITNEMING | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:
- advies te gee rondom investering, finansiering en dividendbesluite;
- finansiële rekords te analiseer en interpreteer;
- inligting te verskaf en te evalueer vir langtermyn besluitneming;
- die beginsels van finansiering toe te pas op die waardasie van 'n besigheid en die waardasie van finansiële bates deur die toepaslike waardasietegnieke te gebruik;
- die korttermynfinansieringsbehoeftes van 'n entiteit te evalueer en te kontroleer;
- bestuur te adviseer rakende buitelandse valutabestuur en -beleggings;
- toepaslike finansieringsinstrumente te evalueer en te kies vir effektiewe minimalisering van risiko.

| MODULEKODE: BRKP672 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: INLIGTINGSTELSELS EN GEÏNTEGREERDE BESTUUR | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:
- die sosiale, politiese en ekonomies konteks van besigheid te verduidelik;
- die verwantskappe tussen interne beheer binne die organisasie en eksterne bronne van beheer en regulering te ontleed;
- die wyer besigheidskonteks waarbinne inligtingstelsels funksioneer te bespreek;
- 'n ontleding te kan doen van hoe inligtingstelsels geïmplementeer kan word ten einde die organisasie se strategie te ondersteun;
- die verwantskappe tussen bedryfsbestuur en ander aspekte van die organisasie te verduidelik;
- bedryfsbestuurstegnieke en hulpmiddels te kan toepas;
- ontwikkelings in bemarking te kan verduidelik;
- hulpmiddels en tegnieke wat gebruik word ter ondersteuning van die organisasie se bemarking te kan toepas;
- die verwantskappe van mensehulpbronne met die organisasie se ander aktiwiteite te kan verduidelik;
- die aktiwiteite geassosieer met die bestuur van mensehulpbron kapitaal te kan bespreek.

| MODULEKODE: BRKP674 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: ORGANISASIEBESTUUR | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:
- die onderskeie mededingingsomgewings en die sleutel eksterne eienskappe daarvan te kan bespreek;
- die ontwikkelings in strategiese bestuur te kan bespreek;
- hulpmiddels en tegnieke vir projekbestuur te kan bespreek;
- die verwantskappe tussen projekbestuur en die eksterne omgewing the kan evalueer;
- die konsepte wat geassosieer word met die effektiewe werking van 'n organisasie te kan bespreek;
- die aktiwiteite en tegnieke wat geassosieer word met die bestuur van mense te kan bespreek.

| MODULEKODE: BRKP676 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: FINANSIËLE ANALISE | | | |

Groepstate
- Met voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
- die vereistes te kan verduidelik vir 'n onderneming om 'n filiaal, geassosieerde en 'n gesamentlike onderneming te kan wees van 'n ander maatskappy sowel as die beginsels van verantwoording te kan toepas;
- gekonsolideerde finansiële state te kan opstel, sowel as intermaatskappy transaksies te

kan verantwoord;

- tussentydse verkrygings sowel as verandering in belange te kan verantwoord in gekonsolideerde finansiële state;
- beginsels vir die rekeningkundige hantering van 'n kapitale herkonstruksieskema of ontbondeling te kan verduidelik; en
- buitelandse valuta omskakelings-beginsels te kan verduidelik sowel as die korrekte hantering van buitelandse lenings wat buitelandse ekwiteitsbeleggings finansier.
- Ander
- Met voltooiing van die module moet die student in staat wees om:
- buitelandse valuta omskakelingsprosedures te kan verduidelik en toe te pas;
- die moontlike hantering van finansiële instrumente in die uitreikers se state te kan verduidelik sowel as die omstandighede te identifiseer waar geamortiseerde koste, billike waarde en verskansingsrekeningkunde toepaslik is vir finansiële instrumente, en die beginsels van die rekeningkundige metodes kan verduidelik;
- verdienste per aandeel te kan bespreek en bereken in terme van IAS 33;
- meting van inkomste en kapitaal te kan verduidelik;
- maatreëls om distorsie in finansiële state te verminder wanneer prysvlakke verander. te kan verduidelik;
- aspekte van nie-finansiële-, omgewings- en sosiale verslagdoening te verstaan en kan verduidelik;
- 'n segmentele analise op te stel en te interpreteer; en
- Capita Selecta.

| MODULEKODE: BSKP611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| TITEL: PSIGOMETRIKA | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- die implikasies (bv. etiek en regverdigheid) betrokke in psigometriese toetsing van menslike hulpbronne te ken en verstaan;
- die onderliggende beginsels van ontwikkeling, evaluering en toepassing van psigometriese metingsinstrumente wat gebruik word in die werkplek vir diagnoses, prognoses en die voorspelling van werk verwante gedrag, te verstaan;
- psigometrika, toetsing en assessering wat die proses van toetsing vorm en ondersteun te ken en verstaan;
- toetsing op 'n professionele en etiese wyse te gebruik deur goeie toetsbeginsels te volg; en
- die kontekstuele kennis en vaardighede (wat betref die diverse kliënt populasies wat geëvalueer kan word) toe te pas.

| MODULEKODE: BSKP612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: PSIGOLOGIESE EVALUERING** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- kennis te dra van watter psigometriese instrumente geregistreerde psigometriste in die werksplek en opvoedkundige konteks mag gebruik op nasionale en internasionale vlak;
- kennis en begrip vir die beginsels van psigometriese evaluasie en die verskeidenheid instrumente wat geregistreerde psigometriste mag gebruik beide op internasionale en nasionale vlak om individue se vermoë, belangstelling, persoonlikheid en motivering, te evalueer;
- kennis en vaardighede om terugvoer te kan gee rakende individue se funksionering en verwysings opsies, te kan toepas;
- kennis en vaardighede om terugvoer aan individue te gee ten einde stimulering van groei te fasiliteer, te kan toepas;
- die etiek betrokke in die sielkundige evaluering van individue te ken en verstaan;
- die toepassing van kennis en vaardighede om tegnies betroubare toetse te gebruik, om die nodige voorbereiding te doen vir ŉ toetssessie, om die toetse te administreer onder gestandaardiseerde omstandighede, dit na te sien, te analiseer en interpreteer en die terugvoer, te verskaf; en
- gebeurlikheid bestuursvaardighede om toetsverwante probleme te bestuur, te kan toepas.

| MODULEKODE: BSKP613 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ORGANISASIEGEDRAG** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- volledige en sistematiese kennis te dra van die wêreld van Organisasiegedrag en van diversiteitsbestuur, sowel as van die rol van individue, groepe en groepprosesse in Organisasiegedrag (leerdoelwitte vir elke hoofstuk);
- vaardighede te toon wat op ŉ ingeligte begrip van teorie en begrippe gegrond is, om uitdagings en vraagstukke wat oor die wêreld van Organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rol van individue en groepe en groepsprosesse in Organisasiebeheer handel, te identifiseer (oefeninge); en
- oor die vermoë te beskik om ŉ literatuur- en omgewingsopname te onderneem, basiese verslag te lewer oor uitdagings en vraagstukke wat handel oor die wêreld van organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rol van individue en groepe en groepprosesse in Organisasiegedrag, individueel of as ŉ spanlid en om die verslag skriftelik asook mondeling oor te dra (werksopdragte).

| MODULEKODE: BSKP616 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: LOOPBAANSIELKUNDE** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student die volgende te ken en verstaan:

- die konsep loopbaan en die historiese wortels, aard en grondslae van loopbaansielkunde en hierdie kennis en begrip te kan toepas om die verhouding tussen loopbaansielkunde en die ander spesialis-velde van bedryfsielkunde te kan analiseer.
- die betekenis en funksies van werk en die verhouding tussen werk en ontspanning van die hedendaagse werker en die toepassing van hierdie kennis en begrip om insig te verkry oor die kontemporêre werk-etiek.
- die verskillende teorieë van loopbaankeuses en die aanpassing en gebruik van hierdie kennis om insig te verkry in die dinamika van en die verbetering van die eie en andere se beroeps-/ loopbaankeuses en -aanpassing.
- die dinamika van adolessente- en volwasse loopbaangedrag, -loopbaanontwikkeling en -loopbaan-selfbestuur (insluitende dié van persone uit minderheidsgroepe en spesiale groepe, soos werkende vroue, asook werkers met gestremdhede) en die rol van die organisasie in hierdie verband en die toepassing van hierdie kennis en begrip om die eie en andere se toetrede in die wêreld van werk, sosialisering, innovering, stabilisering, middelloopbaan, laat-loopbaan en aanpassing by aftrede, te verbeter.
- die dinamika onderliggend aan die huidige loopbaankwessies en die toepassing van hierdie kennis en begrip in die hantering van die eie en andere se loopbaankwessies en -probleme.

| MODULEKODE: BSKP621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ORGANISASIE-ONTWIKKELING** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student die volgende te ken en verstaan:

- die konsep, komponente en kenmerke van organisasie-ontwikkeling.
- toepassing van vaardighede om organisasiefunksionering en -verandering te verduidelik.
- die aard van huidige en toekomstige veranderinge wat moontlik op organisasies kan inwerk, asook die strategieë wat organisasies kan toepas om hierdie veranderinge onder die loep te neem.
- die rol van paradigmas in veranderingsbestuur.
- proseskonsultasie as ’n organisasie-ontwikkelingsintervensie en pas proseskonsultasie-vaardighede toe tydens diagnosering en intervensies in organisasies.
- die toepassing van vaardighede met betrekking tot organisasiediagnose om probleme op te los en geleenthede in die organisasie te identifiseer.
- die toepassing van vaardighede om organisasie-ontwikkelingstrategieë te evalueer (op individuele, groeps- en organisasievlak) en om intervensies binne organisasies toe te pas.

| MODULEKODE: BSKP622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MENSEKAPASITEITSONTWIKKELING** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student :

- die organisasie missie, -visie, -waardes en- strategiese doelwitte te verstaan en evalueer;
- mensehulpbronontwikkelingsaktiwiteite in te rig met in agneming van die nasionale opleidingstrategie;
- die eksterne en interne omgewingskragte wat ’n impak het op opleiding en ontwikkeling te analiseer;
- ’n Mensehulpbronontwikkelingsmissie, kernwaardes, en strategiese doelwitte (mensehulpbron-ontwikkelingsplan) wat in ooreenstemming is met die organisasie se strategie, te formuleer;
- die behoeftes van die kliënte van die Mensehulpbron-ontwikkelingsdepartement (bekwaamheid van die opleiding- en ontwikkelingskonsultant, vaardigheid-gebaseerde opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur, modelle vir die identifisering van opleiding- en ontwikkelingsbehoeftes), te ondersoek en kennis daaroor te verkry;
- die toepassing van kennis en vaardighede oor psigologiese sterktes om individue te assesseer en die opstel van selfontwikkelingsprogramme vir werknemers op verskillende vlakke in ’n organisasie;
- opleidingstrategieë te ontwerp en implementeer om die gaping tussen die behoeftes en die werklike bekwaamheid te oorkom;
- verskillende evalueringstrategieë te verstaan en implementeer; en
- die vaardighede verbonde aan die verskillende rolle van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant te verstaan en uit te beeld.

| MODULEKODE: BSKP623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGSVERSLAG** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- bedryfsielkunde-literatuur te evalueer en te integreer om navorsingsgeleenthede en oplossings vir probleme te kan identifiseer; en
- kennis en vaardighede toe te pas om ’n wetenskaplike, empiriese navorsingsprojek van ’n beperkte omvang te onderneem, geldige gevolgtrekkings te maak en relevante aanbevelings te maak.

**Assesseringsmetodes:** Navorsingsverslag: gewig – 100

| MODULEKODE: BSKP626 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **WERKNEMERSWELSTAND** | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- oor ŉ omvattende, diepgaande, sistematiese en ŉ geïntegreerde kennis en ŉ koherente en ŉ kritiese begrip van die beginsels en die teoretiese onderbou van die aard en die ekonomiese lewensvatbaarheid, onderliggende uitgangspunte, wetlike drywers en funksionele pilare/komponente van werknemerwelstand en werknemer-gesondheid- en -welstandsprogramme in organisasies beskik en dit te kan toepas op ŉ analise en evaluering van die fisiese, emosionele, geestelike, beroeps- en sosiale komponente daarvan ten einde risiko-assessering binne ŉ organisasie uit te voer deur die gebruik van die basiese beginsels van 'n geïntegreerde model van werknemerwelstand wat uit die literatuur begrond kan word op grond van die evaluering van verskillende teorieë en modelle van werknemerwelstand en van die gebruik van ŉ verskeidenheid van kwalitatiewe en kwantitatiewe tegnieke en instrumente ten einde die onderliggende prosesse in ŉ verskeidenheid van situasies/organisasies te identifiseer en te evalueer, ŉ verskeidenheid van wyses/intervensies (primêr, sekondêr en tersiêr) kan gebruik om gesondheid by die werksplek te bevorder, 'n veilige, risikovrye werksomgewing te handhaaf, en werknemerwelstand by die werksplek te verbeter sodat die bestuur van 'n organisasie oortuig kan word van die noodsaaklikheid van die implementering van 'n werknemerwelstandsprogram;
- die proses van strategiese beplanning en bestuur van 'n werknemer-gesondheid en -welstandfunksie in 'n organisasie te kan verduidelik en 'n beleid oor werknemer-gesondheid- en -welstand vir 'n spesifieke organisasie te kan skryf;
- relevante literatuur te kan opspoor, interpreteer, integreer en gebruik om met behulp van ŉ verskeidenheid relevante navorsingsmetodes en -tegnieke komplekse en reële werknemerwelstandsprobleme en -vraagstukke na te vors en die resultate skriftelik en mondeling met gebruikmaking van ŉ verskeidenheid van informasie-tegnologiese en ander hulpmiddels (soos ŉ verslag, ŉ referaat, of ŉ "PowerPoint"-aanbieding) aan ŉ gehoor te kommunikeer; en
- ŉ diepgaande kennis en begrip te toon van die etiese beginsels en riglyne van toepassing op werknemer-gesondheid- en -welstandbeamptes deur die demonstrering van die kapasiteit om leer-take op ŉ outonome, professionele en waardegedrewe wyse te kan hanteer en deur die demonstrering van die nodige kennis, vaardighede en houdings wat vereis word ten einde effektief te funksioneer in interpersoonlike verhoudinge, beide binne groep- en individuele situasies, asook die kennis, disposisies, vaardigheid, houdings en gedrag wat van ŉ persoon vereis word ten einde 'n effektiewe en doeltreffende werknemer-gesondheid- en -welstandskenner te word.

| MODULEKODE: BSKP627 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **GEVORDERDE PRAKTIESE WERK** | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- die verskillende maniere te ken, verstaan en toe te pas om mense in die werksplek te beraad. In staat wees om mense te verwys na ander kundiges wanneer nodig. Die toepassing van kennis en vaardighede om mense wat aftree te beraad. Die toepassing van kennis en vaardighede om die aanpassing van werknemers in die werksplek te ondersoek en te fasiliteer. Die toepassing van vaardighede om persone in nood te kan beraad (bv. tydens organisasietransformasie, afdankings en ander krisisse). Pas kennis en vaardighede toe om loopbaanbeplanning- en lewensvaardighede-werkswinkels vir studente en volwassenes in die werksplek te evalueer, aan te bied en te ontwerp. Is in staat om op ŉ praktiese wyse te bepaal: watter betekenisse werk vir die moderne mens inhou, hoe optimale beroepskeuses gefasiliteer behoort te word, watter loopbaantake in die verskillende loopbaanfases uitgevoer behoort te word (in ooreenstemming met die besondere loopbaankwessies wat ter sprake is), en watter leerervaringe opgedoen word by die fasilitering van beroepsaanpassing. Pas kennis en vaardighede toe om die aanpassing van werknemers in die werksplek te ondersoek en te fasiliteer. Pas kontekstuele kennis en vaardighede toe om te verseker dat die uiteenlopende

kliëntebevolking op wetenskaplike en regverdige wyse geëvalueer word. Pas kennis en vaardighede toe om poste ooreenkomstig spesifieke kriteria te ontleed en saam te stel. Ken en verstaan 'n posevalueringstelsel en die voorwaardes wat noodsaaklik is vir die doeltreffende implementering daarvan. Maak deel uit van 'n paneel wat hierdie poste evalueer – hierdie poste moet korrek ontleed en gegradeer word. Ontwerp 'n vergoedingstelsel wat op prestasie gebaseer is. Stel bevoegdheidsprofiele saam van verskillende poste op verskillende vlakke. Stel 'n werwingsadvertensie vir 'n spesifieke pos saam. Ontwerp 'n inlywingsprogram vir nuwe werknemers – bied die program aan en evalueer dit. Ontwerp 'n gestruktureerde onderhoud vir 'n spesifieke pos, lei die lynbestuurders en onderhoudkandidate op wetenskaplike en regverdige wyse op. Toon bevoegdheid ten opsigte van personeeladministrasie. Pas vaardighede toe om 'n wetenskaplike en regverdige prestasiebestuursproses te waarborg. Ondersteun en help met die ontwikkeling van 'n regstellende-aksieprogram in die werkkonteks. Ontwerp 'n opleidingsprogram vir lynbestuurders – bied die program aan en evalueer dit. Voer 'n organisasie-diagnose in 'n organisasie uit ooreenkomstig die voorgeskrewe model, diagnoseer probleme en geleenthede in die organisasie op die korrekte wyse – skryf 'n verslag en lewer 'n voordrag oor die diagnose. Bied 'n self-ontwikkelingsprogram aan werknemers van 'n organisasie aan en help die lede om verandering en stres in die werkplek te hanteer. Doen aanbevelings met betrekking tot organisasiesosialiseringsmeganismes wat toegepas kan word om organisasiedoeltreffendheid te verseker. Fasiliteer strategiesebeplanning-sessies en skryf 'n verslag oor die sessies. Keur, implementeer en evalueer organisasie-ontwikkelingsintervensies. Bied 'n diversiteitopleidingsprogram aan en evalueer dit. Onderneem leierskapontwikkeling ooreenkomstig die voorgeskrewe riglyne. Identifiseer die lewensiklus van 'n organisasie ooreenkomstig die korrekte maatreëls en doen aanbevelings ten opsigte van hoe die doeltreffendheid van die organisasie verbeter kan word.

- identifiseer die verskillende simptome van die verskillende vorme van psigopatologie in die werkskonteks en wees in staat om dit te kan diagnoseer volgens 'n internasionaal-geskikte model (bv. DSM IV). Verstaan die psigodinamika onderliggend aan psigopatologie. Die toepassing van kennis en vaardighede om etiese kwessies en regverdigheid in die gebruik van psigometriese assesseringsinstrumente te verseker. Die toepassing van psigometriese kennis en vaardighede om 'n diagnose, prognose en voorspelling van werksverwante gedrag te kan maak. Gebruik toetse en vraelyste op 'n professionele en etiese manier deur goeie toetspraktyke te volg. Die toepassing van kontekstuele kennis en vaardighede om te verseker dat die diverse kliënte-populasies op 'n wetenskaplike en regverdige manier geëvalueer word. Die toepassing van kennis en vaardighede om terugvoer te verskaf aan individue en groei te stimuleer. Maak gebruik van tegnies-betroubare toetse en vraelyste, doen die nodige voorbereidings vir 'n toetssessie, pas die toetse en vraelyste toe onder gestandaardiseerde omstandighede, en sien dit na, analiseer die resultate en interpreteer die resultate volgens die voorgestelde prosedures en verskaf terugvoer. Die toepassing van kontingente bestuursvaardighede om toetsverwante probleme te kan hanteer. Gebruik verskeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en stel korrigerende aksies voor – gebruik die aksie-navorsingsmodel effektief.

| **MODULEKODE: BSKP628** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 16** |
|---|---|---|---|
| **TITEL: PRAKTIESE WERK** | | | |

- die student moet die verskillende maniere ken, verstaan en toepas om mense in die werksplek te beraad. In staat wees om mense te verwys na ander kundiges wanneer nodig. Die toepassing van kennis en vaardighede om mense wat aftree te beraad. Die toepassing van kennis en vaardighede om die aanpassing van werknemers in die werksplek te ondersoek en te fasiliteer. Die toepassing van vaardighede om persone in nood te kan beraad (bv. tydens organisasietransformasie, afdankings en ander krisisse).
- pas kennis en vaardighede toe om loopbaanbeplanning- en lewensvaardighede-werkswinkels vir studente en volwassenes in die werksplek te evalueer, aan te bied en

te ontwerp. Is in staat om op ŉ praktiese wyse te bepaal: watter betekenisse werk vir die moderne mens inhou, hoe optimale beroepskeuses gefasiliteer behoort te word, watter loopbaantake in die verskillende loopbaanfases uitgevoer behoort te word (in ooreenstemming met die besondere loopbaankwessies wat ter sprake is, en watter leerervaringe opgedoen word by die fasilitering van beroepsaanpassing.

- pas kennis en vaardighede toe om die aanpassing van werknemers in die werksplek te ondersoek en te fasiliteer.
- pas kontekstuele kennis en vaardighede toe om te verseker dat die uiteenlopende kliëntebevolking op 'n wetenskaplike en regverdige wyse geëvalueer word.
- pas kennis en vaardighede toe om poste ooreenkomstig spesifieke kriteria te ontleed en saam te stel.
- ken en verstaan ŉ posevalueringstelsel en die voorwaardes wat noodsaaklik is vir die doeltreffende implementering daarvan.
- maak deel uit van ŉ paneel wat hierdie poste evalueer – hierdie poste moet korrek ontleed en gegradeer word.
- ontwerp ŉ vergoedingstelsel wat op prestasie gebaseer is.
- stel bevoegdheidsprofiele saam van verskillende poste op verskillende vlakke.
- stel ŉ werwingsadvertensie vir ŉ spesifieke pos saam.
- ontwerp ŉ inlywingsprogram vir nuwe werknemers – bied die program aan en evalueer dit.
- ontwerp ŉ gestruktureerde onderhoud vir ŉ spesifieke pos, lei die lynbestuurders en onderhoudkandidate op wetenskaplike en regverdige wyse op.
- toon bevoegdheid ten opsigte van personeeladministrasie.
- Pas vaardighede toe om ŉ wetenskaplike en regverdige prestasiebestuursproses te waarborg.
- ondersteun en help met die ontwikkeling van ŉ regstellende-aksieprogram in die werkkonteks.
- ontwerp ŉ opleidingsprogram vir lynbestuurders – bied die program aan en evalueer dit.
- voer ŉ organisasie-diagnose in ŉ organisasie uit ooreenkomstig die voorgeskrewe model, diagnoseer probleme en geleenthede in die organisasie op die korrekte wyse – skryf ŉ verslag en lewer ŉ voordrag oor die diagnose.
- bied ŉ self-ontwikkelingsprogram aan werknemers van ŉ organisasie aan en help die lede om verandering en stres in die werkplek te hanteer.
- doen aanbevelings met betrekking tot organisasiesosialiseringsmeganismes wat toegepas kan word om organisasiedoeltreffendheid te verseker.
- benut 'n verskeidenheid instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en doen aanbevelings ten opsigte van die korrekte optrede in hierdie verband.
- fasiliteer strategiesebeplanning-sessies en skryf ŉ verslag oor die sessies.
- keur, implementeer en evalueer organisasie-ontwikkelingsintervensies.
- bied ŉ diversiteitopleidingsprogram aan en evalueer dit.
- onderneem leierskapontwikkeling ooreenkomstig die voorgeskrewe riglyne.
- identifiseer die lewensiklus van ŉ organisasie ooreenkomstig die korrekte maatreëls en doen aanbevelings ten opsigte van hoe die doeltreffendheid van die organisasie verbeter kan word

| **MODULEKODE: BSKP631** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 8** |
|---|---|---|---|
| **TITEL: FASILITERING** | | | |

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- ŉ grondige kennis te hê van die beginsels, teorie en funksionering van ŉ geskikte fasiliteringsmodel. Die toepassing van kennis deur die analisering en evaluering van sielkundige probleme, soos emosionele aspekte, kan parafraseer en opheldering deur van die model gebruik te maak en fasiliteringsvaardighede in die toepassing van ŉ effektiewe probleemoplossingsmodel sowel as die identifisering van relevante fasiliteringsstrategieë as deel van die bevordering van ŉ geïntegreerde strategiese plan wat wel-wees bevorder binne ŉ organisasie en oplossings genereer vir probleme gebaseer op bewys-gerigte argumente.

| **MODULEKODE: BSKP671** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 16** |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MENSEHULPBRONBESTUURSTRATEGIEË** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te ken en te verstaan:

- die omvang, werklikhede en verwikkeldhede van personeelsielkunde en strategiese mensehulpbronbestuur, die verhouding tussen hierdie studiegebied en die ander spesialisgebiede binne bedryfsielkunde, asook die toepassing van hierdie kennis en begrip met betrekking tot die oplos van ingewikkelde mensehulpbronbestuur-vraagstukke om ŉ bydra te lewer tot die eindbestemming van enige organisasie.
- die aard van die nuttigheidsteorie ("utility theory") en die stelselteorie vir personeelsielkunde/strategiese mensehulpbronbestuur en -beplanning, keuring van bestuurspersoneel (met assesseringsentra as keurings- en ontwikkelingsinstrument), strategiese voorsiening van personeel, strategiese prestasie-evaluering, -bestuur en -vergoeding, die evaluering van personeel-/mensehulpbronbestuur-aktiwiteite/-funksies en die bestuur van die personeel-/mensehulpbronfunksie.
- die komponente van ŉ strategiese benadering tot mensehulpbronbeplanning.
- die veranderlikes en veranderende neiging op globale vlak wat op mensehulpbronbestuur in Suid-Afrika inwerk.
- die neigings en veranderlikes binne die breë Suid-Afrikaanse sosiale, politieke en ekonomiese omgewing wat implikasies inhou vir die bestuur van mense wat in Suid-Afrikaanse organisasies werk.
- die huidige stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie (teenoor internasionale standaarde) en hoe dit verband hou met mensehulpbronbestuur.
- ŉ begrip van die uitwerking en effek van die internasionale ekonomie op Suid-Afrikaanse organisasies.
- die dinamiek van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.
- die toepassing van omgewingstendense om mensehulpbronprobleme en geleenthede te verstaan, te voorspel en te bestuur.

| **MODULEKODE: BSOP 614** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 8** |
|---|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGSMETODOLOGIE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:

- om verskeie metodes en strategieë rakende data-insameling te ken en verstaan wat die student in staat sal stel om toepaslike en relevante gevolgtrekkings in ŉ navorsingsprojek te kan maak.
- om die vereistes vir statistiese meting en ontleding te ken en verstaan.
- om kennis en vaardighede toe te pas met die opstel van ŉ navorsingsvoorstel as deel van ŉ navorsingsprojek.

| MODULEKODE: BSOP615 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** GEVORDERDE ARBEIDSVERHOUDINGE | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:<br>• om die verskillende komponente wat verband hou met arbeidsverhoudinge te ken en te verstaan.<br>• om toepaslike vaardighede in die doeltreffende bestuur van arbeidsverhoudinge te voed.<br>• om te weet en verstaan hoe om as ŉ arbeidsverhoudinge-spesialis op te tree. | | | |
| **MODULEKODE: BSOP616** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** ARBEIDSMARKBEGINSELS | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:<br>• om oor ŉ omvattende begrip te beskik van die verskillende beginsels, teorieë en funksies van die arbeidsmark;<br>• om sodanige beginsels toe te pas deur arbeidsmark-vraagstukke te ontleed en te evalueer, soos arbeidsaanvraag en voorsiening, lone, produktiwiteit, globalisering en mensekapitaal-belegging, arbeidsmarkbedelings/stelsels en -diskriminering en arbeidsmark-organisasies;<br>• om oor oplossings vir probleme te redeneer, gebaseer op huidige feitelike klinkklare getuienis;<br>• om daartoe in staat om toepaslike literatuur rakende komplekse en gepaardgaande probleme op te spoor, te interpreteer en te integreer deur gerat te wees met ŉ reeks navorsingsmetodes en tegnieke, en sodanige stof in ŉ geskrewe en mondeling-geformateerde voordrag aan te bied; en<br>• om die inhoud van hierdie module binne ŉ etiese denkparadigma te kan toepas. | | | |
| **MODULEKODE: BSOP621** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 38** |
| **TITEL:** ORGANISASIE-ONTWIKKELING | | | |
| Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:<br>• om die studieveld van Groepdinamiek, die belangrikheid, struktuur en funksie van kleingroepe as substelsels in wisselwerking te ken en te verstaan;<br>• om die prominentste eksponente en hul toepaslike perspektiewe soos herhaal op die gebied van Groepdinamiek te ken;<br>• om gerat te wees met die nodige vermoëns en om die verklarende/toepaslike moontlikhede op empiriese probleme binne ŉ organisasie toe te pas;<br>• om kennis en begrip van begrippe soos groepdinamika, groepkohesie, taakgroepe, die belangrikheid en implikasies van kleingroepe vir die individu en die ontwikkeling van groepdinamika te toon; en<br>• om verworwe kennis van groepdinamika toe te pas deur verkennende moontlikhede rakende die individu en die groep toe te pas. | | | |
| **MODULEKODE: BSOP623** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** NAVORSINGSVERSLAG | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:<br>• om Bedryfsosiologiese literatuur te evalueer en te integreer met navorsingsgeleenthede en om probleemoplossingsmetodes te identifiseer; en<br>• om kennis en vaardighede toe te pas en om wetenskaplike navorsing te onderneem om betroubare en toepaslike gevolge te bepaal om die vereiste voorstelle te kan maak. | | | |

| MODULEKODE: BSOP624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: TOEGEPASTE ARBEIDSVERHOUDINGE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:

- om die eksterne regulasies wat op arbeidsverhoudinge inwerk, te verstaan en om arbeidsverhouding-prosedures op verskillende vlakke in die werkplek te integreer en te bestuur;
- om eksterneregulasie-vereistes om die arbeidsverhouding-klimaat in die organisasie te verbeter, toe te pas; en
- om die bestuur van verwante werkplekvraagstukke vir beide bestuur en arbeid te hanteer.

| MODULEKODE: CEPS612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: GEMEENSKAP-OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE** | | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:

- afgeronde kennis van die teoretiese grondslae van Opvoedkundige Sielkunde soos vervat in die ekosistemiese perspektief, en van Gemeenskapsielkunde;
- afgeronde kennis van die beginsels van gemeenskapsielkunde, insluitende gesondheidsbevordering, en van die verskillende rolspelers in die proses;
- geïntegreerde kennis en vaardighede in die toepassing van die teorie oor gemeenskapsielkunde
- toegepaste, geïntegreerde kennis, vaardigheid en houdings, sodat ontwikkelingsintervensies uitgevoer kan word om gesondheid en welsyn in verskeie kontekste te bevorder

**Metode van aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: CLIN611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: KLASKAMERONDERRIG** | | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:

- omvattende kennis, praktiese vaardighede en houdings ten opsigte van strategiese onderrig sodat effektiewe onderrig-leergeleenthede geïmplementeer kan word in spesifieke leerareas, vakke en kontekste.

**Metode van aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: CUDE 611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: KURRIKULUMONTWIKKELING** | | | |

Na voltooiing van die module behoort studente:

- die teorieë en modelle van kurrikulumstruktuur, -ontwikkeling, -evaluasie en innovering/verandering te verstaan;
- die prosesse en prosedures van kurrikulumontwikkeling in Suid-Afrika te analiseer;
- kritiese denke en analise van ŉ wye verskeidenheid bekommernisse in kurrikulumontwikkeling te ontwikkel;
- krities op die Nasionale Kurrikulumverklaring (Kurrikulum 2005 en NKV) te reflekteer;
- begrip van die rol van navorsing in kurrikulumontwikkeling te demonstreer;
- begrip vir die faktore wat kurrikulumverandering beïnvloed, te ontwikkel

**Metode van aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: ECON610 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BELEGGINGSBESTUUR** | | | |
| Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om met behulp van die volgende kennis ’n gestruktureerde proses vir ’n beleggingsbestuursfirma te ontwerp of te ontwikkel:<br>• bo-na-onder-aspekte van portefeuljebestuur<br>• batetoewysing<br>• risiko-assessering en risikobestuur<br>• aandele-ontleding<br>• staats-, korporatiewe en inflasiebeskermde effekte in portefeuljebestuur<br>• industrie-ontleding<br>• stylontleding<br>• belastingdoeltreffende investering<br>• verhandeling<br>• maatskaplik verantwoordelike investering en korporatiewe betrokkenheid<br>• alternatiewe beleggings<br>• verskansingsfondsstrategieë | | | |

| MODULEKODE: ECON611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MIKRO-EKONOMIE** | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:<br>• mikro-ekonomiese probleme op te los met behulp van logiese en kwantitatiewe vaardighede;<br>• krities en analities oor werklikheidskwessies te dink en om ’n reeks mikro-ekonomiese beleidskwessies krities te ontleed;<br>• mikro-ekonomiese argumente en bewyse te evalueer; en<br>• mikro-ekonomiese argumente mondeling en skriftelik aan te bied. | | | |

| MODULEKODE: ECON612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MAKRO-EKONOMIE** | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:<br>• om ’n deeglike begrip van die funksionering van die Makro-ekonomie oor sowel die lang- as die kort-termyn te demonstreer;<br>• om die vermoë te demonstreer om makro-ekonomiese probleme soos groei, inflasie en werkloosheid te ontleed en daarvan werk te maak deur middel van verskillende analitiese metodes; en<br>• om u kennis van die verskillende gesigspunte oor die onderlinge verbande en interafhanklikhede in die ekonomie as geheel aan te wend om makro-ekonomiese beleidsaanbevelings in die Suid-Afrikaanse konteks te evalueer. | | | |

| MODULEKODE: ECON614 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** ONTWIKKELINGSEKONOMIE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- ’n deeglike kennis van die beginsels en toepassing van ekonomiese ontwikkeling te demonstreer;
- op intelligente wyse as ’n ekonoom aan die ontwikkelingsdebat deel te neem;
- die onderling verbonde aspekte en toepassings van ekonomiese ontwikkeling binne die teoretiese raamwerk te vertolk, begryp en uit te druk;
- begrip te hê van die praktiese omstandighede in minder ontwikkelde lande (MOL’e);
- konsekwente ekonomiese beleidsadvies wat ’n verskil kan maak aan die ekonomiese probleme van minder ontwikkelde lande, veral Afrikalande suid van die Sahara, met inbegrip van Suid-Afrika, te formuleer;
- die opstelling van sosio-ekonomiese ontledings van ’n gebied en die skryf van verslae, met inbegrip van die toepassing van regressie-ontledings en ander tegnieke wat in ander verwante dissiplines bestudeer is, om verskillende aspekte van ekonomiese ontwikkelingsverskynsels toe te pas en te verduidelik; en
- voorstelling van ’n ekonomiese beleidraamwerk.

| MODULEKODE: ECON615 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** AFGELEIDE INSTRUMENTE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeleide instrumente van CBOT, LME, SAFEX en verwante markte, aan te wend in die oplossing van risikobestuur-scenario’s; en
- praktiese kennis van maniere waarop die prysrisiko’s van:
    - plastiek,
    - geselekteerde metale,
    - goud,
    - mielies, koring, sonneblom,
    - aandele op die JSE,
    - effekte,
    - rentekoerse en
    - buitelandse valuta met afgeleide instrumente verskans word, te demonstreer.

| MODULEKODE: ECON617 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** EKONOMETRIE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van tydreeks-regressie-modelle en spesifikasietoetsing van die resultate te demonstreer;
- as individu en/of as deel van ’n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om tydreeks-regressiemodelle met EViews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit, outokorrelasie en koïntegrasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van Ekonomiese ontledings; en
- die vermoë te demonstreer om ’n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, tydreeks- ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in ’n eties gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in ’n verslag / artikel van 20 bladsye.

| MODULEKODE: ECON618 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: NAVORSINGSMETODES**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van die navorsingsproses, die opstel van vraelyste, die uitvoering van opnames en die ontleding van opname-data te demonstreer;
- as individu en/of as deel van ’n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om ’n navorsingsprojek te beplan, ’n vraelys te ontwerp, ’n aanvoorstudie te onderneem, die resultate met behulp van SPSS te ontleed en hulle te verbrei; en
- die vermoë te demonstreer om ’n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in ’n eties-verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van ’n projekverslag / artikel van 20 bladsye.

| MODULEKODE: ECON621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: INTERNASIONALE HANDELSBETREKKINGE**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van die veranderende wêreldekonomie en die faktore wat internasionale mededingendheid beïnvloed, te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om die onderliggende oorsake van ekonomiese welsyn te evalueer soos weerspieël in ’n land se ekonomiese groei en ontwikkeling, asook die rol van die betalingsbalans en ander geselekteerde aanwysers in die beklemtoning van ’n land se algemene ekonomiese prestasie en potensiaal;
- as individu en/of as deel van ’n groep die makro-ekonomiese beleid te analiseer wat ’n land se nasionale owerhede implementeer om besparings en beleggings te maksimaliseer, inflasie en geldeenheidfluktuasies te beheer en ’n land se mededingendheid te verhoog;
- afgeronde en sistematiese kennis van die samestelling van die internasionale monetêre stelsel te demonstreer; en
- as individu en/of as deel van ’n groep die ekonomiese gebeure en besluite – sowel plaaslik as internasionaal – te analiseer wat Suid-Afrika se besigheidsomgewing die afgelope jare help vorm het.

| MODULEKODE: ECON622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: MONETÊRE EN FISKALE BELEID**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van heersende fiskale en monetêre beleidskwessies in die Suid-Afrikaanse konteks te demonstreer;
- as ’n individu en/of as deel van ’n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om heersende beleidskwessies (bv. fiskale reëls of monetêre teikens) te identifiseer en toepaslike beleidsoptrede aan te beveel; en
- die bekwaamheid te demonstreer om verskillende vorme van owerheidsinmenging in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings te kommunikeer met behulp van die toepaslike IT.

| MODULEKODE: ECON623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: RISIKOBESTUUR**

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- ʼn deeglike kennis van bankrisikobestuur en -regulering te demonstreer met die fokus op die strategiese risikobestuurstrategieë en minder op die werklike risikometing te hê;
- ʼn dieptekennis van Basel II te demonstreer;
- strategiese risikobestuur en die rol van die ALCO te bespreek; en
- die bestuur van:
    - rentekoersrisiko,
    - likiditeitsrisiko,
    - kredietrisiko,
    - markrisiko,
    - operasionele risiko en
    - buitelandse valuta-risiko in banke in skriftelike verslae te beskryf.

| MODULEKODE: ECON624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: EKONOMIESE-MODELLERING**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van algemene ewewig en makro-ekonometriese modelle en hul toepassing om “sê nou”-vrae in Ekonomie te beantwoord;
- as individu en/of as deel van ’n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om ’n 1-2-3-algemene ewewigsmodel (in Excel) en ’n makro-ekonometriese model (in EViews) te bou en ’n simulasie daarvan te laat loop; en
- die vermoë te demonstreer om ’n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, ’n klein algemene ewewigsmodel of makro-ekonometriese model te gebruik om die skok te simuleer, resultate te vertolk, en dan die bevindinge in ’n eties-gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van ’n projekverslag / artikel van 20 bladsye.

| MODULEKODE: ENLG671 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|

**TITEL: RESEARCH METHODOLOGY AND MINI-DISSERTATION: LINGUISTICS**

The student should be able to explain and distinguish between different kinds of research methods and designs; use a range of relevant electronic databases, Internet, and other research resources; draft research proposals which conform with generally-accepted norms and criteria; formulate valid and scholarly problem statements; construct/design research theses/hypotheses; write an extended research paper in which he/she demonstrates the ability to analyse linguistic phenomena; integrate other viewpoints and criticism of schools of thought, theories, views and trends into an independent argument; formulate a personal viewpoint logically and coherently while acknowledging and evaluating those of others in a responsible and scholarly manner; manage critical and scholarly discourse in fluent English; and transfer these skills to the writing of shorter papers in other English courses.

| MODULEKODE: ENLG672 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|

**TITEL: LINGUISTIC THEORY**

The student should be able to discuss a broad range of theoretical views about the way language can be approached as an object of scientific and scholarly investigation; be able to evaluate conflicting views about the nature of language and formulate an own view; be able to compare and relate selected theories and their key concerns; be able to apply selected models of analysis emerging from different theoretical positions; be knowledgeable about the assumptions, methods, advantages and limitations of selected theories so as to be able to develop a personal critique of these theories; and be able to manage critical and theoretical discourse in fluent and fairly sophisticated English.

| MODULEKODE: ENLG674 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **LINGUISTIC ANALYSIS AND CORPUS LINGUISTICS** | | | |
| On completion of this module the student should explain the principles of organisation at different levels of linguistic organisation; analyse linguistic structures and functions in depth; identify and discuss the major publicly available corpora in English and evaluate their uses; explain the principles of corpus design; use appropriate software to analyse corpora; analyse and interpret data on the lexical and grammatical levels in corpora, including the relationship between the two levels; interpret the findings of linguistic analysis within a consistent theoretical framework. | | | |
| **MODULEKODE: ENLG675** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** **ENGLISH SOCIOLINGUISTICS** | | | |
| On completion of this module the student should demonstrate a critical awareness of how language functions in society; be able to identify and analyse variable language data in terms of its forms and uses; identify, apply and evaluate models of varieties of English; and evaluate language policy proposals and present a motivated viewpoint about the role of English in the South African society. | | | |
| **MODULEKODE: ENLG679** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** **APPLIED LANGUAGE STUDIES** | | | |
| On completion of this module the student should be able to explain the key issues in SLA; explain the role of selected factors that influence SLA; characterise interlanguage; discuss and evaluate the universal grammar theory of SLA; discuss the role of formal instruction in SLA; distinguish between approaches and methods in language teaching; describe and evaluate selected approaches and methods in language teaching, covering all four language skills (reading, writing, speaking and listening); design syllabi and teaching materials. | | | |
| **MODULEKODE: ENLG680** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** **ACADEMIC LITERACY** | | | |
| On completion of this module the student should be able to explain the various theoretical conceptions of academic literacy in higher education and formulate a point of view regarding controversies in this regard; explain the various theoretical conceptions of the relationships between language and cognition at the higher education level and how these are reflected in theoretical conceptions of academic literacy; describe and evaluate features of academic discourse in higher education; conduct a needs analysis for an academic literacy course for higher education; design an academic literacy course for higher education; describe and evaluate teaching and learning methodologies for an academic literacy course in a higher education context; design materials for an academic literacy course in a higher education context; evaluate existing assessment instruments used for determining academic literacy in higher education; and conduct research into academic literacy in higher education. | | | |
| **MODULEKODE: ENLL671** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 32** |
| **TITEL:** **RESEARCH METHODOLOGY AND MINI-DISSERTATION: LITERATURE** | | | |
| On completion of this module the student should be knowledgeable about literary research methodologies in general; able to use a range of relevant electronic databases, Internet, and other research resources; able to draft research proposals which conform with generally-accepted norms and criteria; able to formulate valid and scholarly problem statements; able to construct/design research theses/hypotheses; able to write an extended research paper in which he/she demonstrates the ability to analyse literary texts; able to integrate other viewpoints and criticism of schools of thought, theories, views and trends into a reasonably independent argument; able to formulate a personal viewpoint logically and coherently while acknowledging and evaluating those of others in a responsible and scholarly manner; able to manage critical and scholarly discourse in fluent and fairly sophisticated English; and able to transfer these above skills to the writing of shorter papers in other English courses. | | | |

| MODULEKODE: ENLL672 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| TITEL: LINGUISTIC THEORY | | | |
| The student should be able to discuss a broad range of theoretical views about the way language can be approached as an object of scientific and scholarly investigation; be able to evaluate conflicting views about the nature of language and formulate an own view; be able to compare and relate selected theories and their key concerns; be able to apply selected models of analysis emerging from different theoretical positions; be knowledgeable about the assumptions, methods, advantages and limitations of selected theories so as to be able to develop a personal critique of these theories; and be able to manage critical and theoretical discourse in fluent and fairly sophisticated English. | | | |
| **MODULEKODE: ENLL673** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL: SOUTH AFRICAN POSTCOLONIAL LITERATURE IN ENGLISH** | | | |
| The student should be able to construct and motivate a viable definition of the term "postcolonial"; discuss recent trends in South African literature critically; be knowledgeable about important South African postcolonial writers in general; be able to discuss and refer to several seminal South African postcolonial authors in particular; be able to relate postcolonial writing to the South African context; be able to distinguish major voices in South African literature; engage critically with the questions of subjectivity and identity formation; explore with some sophistication generic representations of postcolonial issues; interpret selected poems, novels and autobiographies from the angles of race, class and gender; be cognisant of relevant and related theories; substantiate conclusions about the significance of applicable approaches and their value for contemporary South African society; and be cognisant of relevant critical material in the field. | | | |
| **MODULEKODE: ENLL680** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL: TWENTIETH CENTURY LITERATURE IN ENGLISH** | | | |
| The student should be knowledgeable about the complex dialectic between epistemological and ontological issues in representative twentieth-century texts; identify, describe, analyse and compare the textual characteristics of the selected texts and be able to relate these to the larger movements of the period; be able to comment critically on the underlying philosophical assumptions and literary techniques evolving from the literary "trends" or "periods" of Modernism and Postmodernism; apply his/her knowledge of different theoretical approaches in their interpretations of narrative, poetic and dramatic texts; distinguish some major voices in twentieth-century British and American literature; situate each poet, novelist or playwright studied within British and American literary culture of the period; analyse and interpret with some sophistication the variety of poetic voices; be cognisant of relevant critical material in the field; discuss a broad range of theoretical views about the way language and literature can be approached as an object of scientific and scholarly investigation; be aware of the complex genealogy of modern critical discourse; and be able to describe with some sophistication the relationship between various theories and the issues which they deal with. | | | |
| **MODULEKODE: ETIE672** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL: MENSEREGTE** | | | |
| Na voltooiing van hierdie module behoort die student die konsep van menseregte soos uitgedruk in die gedagte van ’n regstaat te verstaan; die begrip menseregte Christelik te fundeer; die universele verklaring van menseregte eties te beoordeel; individuele voorgestelde menseregte eties te beoordeel; fundamentele menseregteskendings eties te beoordeel. | | | |

| MODULEKODE: FLCE 621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|

**TITEL: FASILITERING EN LEKEBERADING VIR OPVOEDERS**

Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees om:

- basiese kennis, vaardighede en houdings te integreer sodat leerders wat steun benodig of wat lewensprobleme ervaar, ondersteun kan word, en om daardie leerders wat gespesialiseerde berading benodig, te verwys;
- oor basiese kennis, vaardighede en houdings te beskik aan die hand waarvan emosionele en sosiale probleme by leerders en adolessente geïdentifiseer kan word, en om daardie leerders wat gespesialiseerde berading of terapie benodig, te verwys;
- kennis, vaardighede en houdings in die identifisering van emosionele en sosiale probleme by kinders en adolessente te demonstreer;
- kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van die verwysing van leerders wat gespesialiseerde berading of terapie benodig, te demonstreer;
- kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van ondersteuning vanuit ŉ ekosistemiese perspektief te demonstreer.

**Metode van aflewering:** Voltyds / Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: GESK671 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|

**TITEL: METODOLOGIE**

Die student moet in staat wees om binne die breë raamwerk van die historiese metodologie besondere vaardighede te ontwikkel; deur te let op heuristiek en hermeneutiek; analitiese benaderingswyses; wetenskaplike verslagdoening; die ontwikkeling van kritiese denkvaardighede wat die sinvolle interpretasie/analise van historiese tekste moontlik maak; en die tentatiewe identifisering van navorsingsmetodologie waarop daar op magistervlak verder gewerk kan word.

| MODULEKODE: GESK672 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|

**TITEL: HISTORIOGRAFIE**

Die student moet in staat wees om die breë lyne in die ontwikkeling van die geskiedkunde as dissipline vanaf die vroegste tye tot in die twintigste eeu, insluitende die ontwikkeling van die vak in Suid-Afrika, aan te toon; die vernaamste strominge in die ontwikkeling van die geskiedkunde vanaf die negentiende eeu in die Westerse wêreld en in Suid-Afrika te identifiseer en krities vanuit ’n lewensbeskoulike (insluitend ’n Christelike) oogpunt te evalueer; die bydrae en betekenis van ’n beperkte aantal belangrike Westerse en Suid-Afrikaanse geskiedskrywers te kan beoordeel.

| MODULEKODE: GESK673 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|

**TITEL:** NAVORSINGSPROJEK

Die student moet in staat wees om die metodes en tegnieke van die geskiedskrywing, soos veral in module 671 bestudeer, te kan toepas in navorsing wat handel oor ŉ beperkte onderwerp, waarby primêre en sekondêre bronne gebruik word

| MODULEKODE: GESK674 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|

**TITEL: AFRIKA-GESKIEDENIS: ’N GESELEKTEERDE TEMA**

Die student moet in staat wees om ’n verskeidenheid gepubliseerde materiaal oor een of meer aspekte van, onderskeidelik die politieke, ekonomiese en sosiale ontwikkeling van een of meer lande of samelewings van Afrika suid van die Sahara (insluitende Suid-Afrika) sedert die negentiende eeu krities te kan ontleed en vergelyk, en gepaardgaande daarmee ’n wetenskaplike begrip van enkele relevante historiese temas of tendense in die Afrika-geskiedenis kan openbaar.

<table>
<tr><td>MODULEKODE: GESK675</td><td>SEMESTER 1</td><td>NKR-VLAK: 7</td><td>KREDIETE: 24</td></tr>
<tr><td colspan="4">TITEL: WÊRELDGESKIEDENIS: ’N GESELEKTEERDE TEMA</td></tr>
<tr><td colspan="4">Die student moet in staat wees om ’n verskeidenheid gepubliseerde materiaal oor een of meer aspekte van, onderskeidelik die politieke, ekonomiese en sosiale ontwikkeling van een of meer lande of samelewings in Europa, Asië of Amerika sedert die negentiende eeu krities te kan ontleed en vergelyk, en gepaardgaande daarmee ’n wetenskaplike begrip van enkele relevante historiese temas of tendense in die wêreldgeskiedenis kan openbaar.</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: GESK676</td><td>SEMESTER 1</td><td>NKR-VLAK: 7</td><td>KREDIETE: 24</td></tr>
<tr><td colspan="4">TITEL: KRYGSGESKIEDENIS</td></tr>
<tr><td colspan="4">Die student moet ’n goeie begrip hê van die vernaamste teoretiese en metodologiese aspekte van krygsgeskiedenis as ’n besondere subdissipline van die geskiedenis, verskillende soorte oorloë kan onderskei, basiese kennis oor die rol van strategie en taktiek in oorlogvoering in die loop van die geskiedenis ontwikkel, en die plek van oorlogvoering binne die wyer konteks van die wêreldgeskiedenis en die Suid-Afrikaanse geskiedenis kan evalueer.</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: GESK677</td><td>SEMESTER 1</td><td>NKR-VLAK: 7</td><td>KREDIETE: 16</td></tr>
<tr><td colspan="4">TITEL: GENEALOGIE</td></tr>
<tr><td colspan="4">Die student moet in staat wees om ’n goeie begrip te ontwikkel van die vernaamste teoretiese en metodologiese aspekte van genealogie; vaardighede te ontwikkel wat hom/haar in staat stel om navorsing te onderneem oor die geskiedenis van die gesin en ’n gesinsblad, kwartierstaat en stamboom kan saamstel.</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: GESK678</td><td>SEMESTER 1</td><td>NKR-VLAK: 7</td><td>KREDIETE: 8</td></tr>
<tr><td colspan="4">TITEL: TOEGEPASTE GENEALOGIE</td></tr>
<tr><td colspan="4">Die student moet in staat wees om ’n outonome stuk genealogiese navorsing te onderneem en die resultaat daarvan in die vorm van ’n wetenskaplike verslag op te stel.</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: HIST971</td><td></td><td>NKR-VLAK: 9</td><td>KREDIETE: 360</td></tr>
<tr><td colspan="4">TITEL: GESKIEDENIS-PROEFSKRIF</td></tr>
<tr><td colspan="4">Na voltooiing van hierdie module behoort ’n kandidaat in staat te wees om ’n navorsingstitel en navorsingsprobleem, asook navorsingsdoelstellings en/of -hipoteses te formuleer; om ’n omvattende en sistematiese begrip van die onderliggende teorie wat op die navorsingsonderwerp betrekking het, te demonstreer; om kritiese begrip van die mees gevorderde navorsingsmetodologie-tegnieke te demonstreer en sinvolle gevolgtrekkings te kan maak, gegrond op resultate wat verkry is deur die relevante metodes te gebruik; om logies van literatuur en navorsingsresultate verslag te kan doen; om in die navorsingsproses voldoende gebruik te maak van ’n verskeidenheid bronne; om navorsingsresultate effektief en volgens ’n aanvaarde formaat te kommunikeer; om navorsing suksesvol uit te voer; om ’n oorspronklike bydrae tot die terrein van Historiese Studies te maak.</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: HOMV671</td><td>SEMESTER 1</td><td>NKR-VLAK: 7</td><td>KREDIETE: 8</td></tr>
<tr><td colspan="4">TITEL: HOMILETIEK</td></tr>
<tr><td colspan="4">Die student moet in staat wees om trinitariese prediking te omskryf en die elemente daarvan aan te du; die elemente van indikatief, imperatief en belofte in ’n preek te omskryf en toe te pas; doelwitgerigte prediking te definieer en toe te pas; hoof kommunikasie-elemente in die oordrag van ŉ preek aan te dui; vereistes vir ŉ preek in ŉ postmoderne tyd aan te dui.</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: HPGA611</td><td>SEMESTER 1</td><td>NKR-VLAK: 7</td><td>KREDIETE: 16</td></tr>
<tr><td colspan="4">TITEL: METODOLOGIE</td></tr>
<tr><td colspan="4">Die student sal in staat wees om ’n motiveringsvoorlegging in die lig van ’n geldige navorsingsprobleem te konstrueer; ’n aantal geldige en toepaslike sosiaal wetenskaplike navorsingstegnieke en metodes te kan gebruik en toepas; die aard van wetenskaplike kennis te verstaan en te kan beskryf.</td></tr>
<tr><td>MODULEKODE: HPGA616</td><td>SEMESTER 1</td><td>NKR-VLAK: 7</td><td>KREDIETE: 16</td></tr>
<tr><td colspan="4">TITEL: OPENBARE FINANSIËLE BESTUUR</td></tr>
<tr><td colspan="4">Die student moet kennis hê van die interpretasie van finansiële beleid; in staat wees om strategiese beplanning met ’n begrotinging verband te bring; in staat wees om ’n model vir die bestuur van belasting en verpligtinge te ontwerp en so ’n model toe te pas op die gebiede van risikobestuur, aankopebestuur, batebestuur en interregeringsfiskale verhoudings.</td></tr>
</table>

| MODULEKODE: HPGA617 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **OPENBARE PRESTASIEBESTUUR** | | | |
| Die student moet in staat wees om te die beginsels van goeie regering te verduidelik, naamlik deelname, regstaatlikheid, gelykheid en inklusiwiteit, verantwoording en effektiwiteit; die student moet weet wat bedoel word met uitkomsgebaseerde regering; in staat wees om die voordele van effektiewe prestasiebestuur te identifiseer en in staat wees om 'n model vir prestasieaanduiders, en 'n model vir doel en standaarde te ontwikkel, sowel as 'n model vir die evaluering en monitering van bogenoemde. | | | |
| **MODULEKODE: HPGA618** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** **OPENBARE MESELIKE HULPBRONBESTUUR** | | | |
| Studente moet in staat wees om te verduidelik hoe wetgewing sedert 1994 MHB verander het; om 'n model vir 'n openbare menslike hulpbronnesisteem strategies te beplan; en om in die funksionele areas van menslike hulpbronvoorsiening, -gebruik, dissipline en -terminering te praktiseer. | | | |
| **MODULEKODE: HPGA621** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** **BELEIDSANALISE EN –IMPLEMENTERING (BEPLANNING)** | | | |
| Die student sal in staat wees om beleidbepalingsproses en hoe beleidsanalise binne hierdie proses onderneem word te verstaan asook hoe beplan moet word om beleid te implementeer (visie / missie / doelstellings / strategie / programme). | | | |
| **MODULEKODE: HPGA6232** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** **PROJEKBESTUUR (EKONOMIE)** | | | |
| Die student sal in staat wees om te verstaan hoe die finansiële proses in die owerheidsektor werk en hoe dit binne die regeringsopset (sentraal / provinsiaal / munisipaal) gevestig word asook wat die rol van die openbare finansiële bestuurder in die proses is. | | | |
| **MODULEKODE: HPGA624** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** **MUNISIPALE BESTUUR** | | | |
| Die student sal in staat wees om die munisipale omgewing te verstaan en te kan omskryf watter faktore 'n invloed op dienslewering en die bestuur daarvan het; die bestuursaspekte van toepassing in munisipale owerhede in konteks te kan plaas met munisipale werksaamhede. | | | |
| **MODULEKODE HPGA625** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** **BESTUUR VIR VOLHOUBARE ONTWIKKELING** | | | |
| Die student moet in staat wees om sosiale probleme wat in ag geneem moet word ten einde volhoubare ontwikkeling te verseker, te ontleed; en om basiese tegnieke toe te pas in die bestuur van sosiale probleme ten einde volhoubare ontwikkeling te verwesenlik. | | | |
| **MODULEKODE: HPGV613** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 32** |
| **TITEL:** **INTERNASIONALE BETREKKINGE** | | | |
| Die student behoort in staat te wees om kennis te demonstreer van die belangrikste internasionale politieke gebeure; die teoretiese onderbou van die verskillende perspektiewe op die internasionale politiek te identifiseer en kritiseer; die verskillende perspektiewe in verband te bring met belangrike huidige politiese gebeure; belangrike perspektiewe op internasionale politiek te vergelyk of in verband te bring met hedendaagse internasionale gebeure. | | | |
| **MODULEKODE: HPGV618** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 32** |
| **TITEL:** **VERGELYKENDE POLITIEK** | | | |
| Die student behoort 'n wye spektrum politieke denkwyses, stelsels, gebeure, tendense en instellings met mekaar te kan vergelyk; gevolgtrekkings, verklarings en voorspellings te kan maak op grond van vergelyking; ooreenkomste, teenstrydighede en onderliggende voorveronderstellings te kan uitwys; vergelykings te kan toegelig en ontleed met voorbeelde uit die praktyk. | | | |

| MODULEKODE: HPGV619 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: POLITIEKE BESTUUR EN TRANSFORMASIE | | | |
| Die student moet in-diepte insig openbaar in die dinamika van die politieke transformasieproses wat tans in Suid Afrika plaasvind. Hierdie transformasie konteks sal veral in verband gebring word met behoeftebevrediging, asook die sterk en swakpunte inherent aan die huidige Suid-Afrikaanse politieke bedeling. | | | |
| **MODULEKODE: HPGV627** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL: POLITIEKE IDEES EN IDEOLOGIEË** | | | |
| Die student behoort kennis van die teoretiese grondslae van die politiek verwerf het, met spesifieke verwysing na die historiese ontwikkeling van idees en ideologieë. Die student moet hierdie historiese oorsig in verband kan bring met (nasionale en internasionale) hedendaagse politieke gebeure. Die student moet dus diepgaande kennis van idees en ideologieë, wat betrekking het op hedendaagse politieke tendense, kan demonstreer. | | | |

| MODULEKODE: HRMA612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| TITEL: PSIGOLOGIESE EVALUERING, WERWING, KEURING EN PLASING | | |

**Module-uitkomste:**

- Ken en verstaan die beginsels van psigometriese evaluering.
- Ken en verstaan die verantwoordelikhede van assesseringspraktisyne.
- Weet watter toetse geregistreerde psigometriste mag gebruik binne die werks- en onderrigkontekste op nasionale en internasionale vlak.
- Ken en verstaan die etiek betrokke in die psigologiese evaluering van individue.
- Ken en verstaan die doelwitte van regverdige en etiese keuring in assesseringspraktyke.
- Verstaan die faktore wat kandidate se persepsies van regverdige en etiese keuring en assesseringspraktyke beïnvloed.
- Ken en verstaan die rol van relevante wetgewing.
- Die vermoë om die rol van psigometriese toetse as deel van die keuringsproses te kan definieer.
- Die vermoë om die volledige werwingsproses te kan bestuur.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| MODULEKODE: HRMA621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| TITEL: PRAKTIESE WERK | | |

**Module-uitkomste:**

- Ken en verstaan hoe om verskillende wyses van berading van individue in die werkplek (vir verskillende redes, insluitend aftrede, organisasie-transformasie, afdankings en ander krisisse) toe te pas en hoe om hierdie individue na die toepaslike professionele persoon, waar toepaslik, te verwys.
- Ken en verstaan hoe om kennis en vaardighede toe te pas om loopbaanbeplanningswerkswinkels en lewensvaardighede-werkswinkels aan studente en volwassenes in die werkplek te evalueer, voor te lê en te ontwikkel; om te weet en te verstaan hoe om die betekenis(se) wat werk en om te werk hou vir die moderne persoon prakties te bepaal; hoe optimale beroepskeuses gefasiliteer behoort te word; welke loopbaantake uitgevoer behoort te word in die verskillende loopbaanfases (ten opsigte van die spesifieke loopbaansake wat vorendag kom); en welke leerervaringe betrokke is wanneer beroepsaanpassings gefasiliteer word.
- Pas kennis en vaardighede toe om die aanpassing van werknemers in die werkplek te ondersoek en te fasiliteer.
- Pas kontekstuele kennis en vaardighede toe om te verseker dat die diverse kliëntebevolking op ’n wetenskaplike en regverdige wyse geëvalueer word.
- Pas kennis en vaardighede toe om poste volgens spesifieke kriteria te analiseer en saam te stel.

- Ken en verstaan 'n pos-evalueringstelsel sowel as die voorwaardes benodig vir sy effektiewe implementering.
- Maak deel uit van 'n paneel wat hierdie poste evalueer; die korrekte analise en gradering van hierdie poste.
- Ontwikkel 'n vergoedingstelsel gebaseer op prestasie.
- Stel bevoegdheidsprofiele van verskillende poste op verskillende vlakke op.
- Stel 'n werwingsadvertensie vir 'n spesifieke pos saam.
- Ontwikkel 'n induksie-program vir nuwe werknemers; lewer die program en evalueer dit.
- Ontwikkel 'n gestruktureerde onderhoud vir 'n spesifieke pos, lei die lynbestuurders op en voer onderhoude met die kandidate op 'n wetenskaplike en regverdige wyse.
- Toon bevoegdheid in personeeladministrasie.
- Pas vaardighede toe om 'n wetenskaplike en regverdige prestasiebestuursproses te verseker.
- Ondersteun en verleen hulp in die ontwikkeling van 'n regstellende aksie-program binne die werkskonteks.
- Ontwikkel 'n opleidingsprogram vir lynbestuurders en lê die program voor en evalueer dit.
- Voer 'n organisasiediagnose binne 'n organisasie uit volgens die voorgeskrewe model, diagnoseer probleme en geleenthede in die organisasie op die korrekte wyse; skryf 'n verslag en lê 'n voorlegging voor rakende die diagnose.
- Lê 'n self-ontwikkelingsprogram aan werknemers van 'n organisasie voor en verleen hulp aan die lede om verandering en stres in die werkplek te hanteer.
- Maak aanbevelings ten opsigte van organisatoriese sosialiseringsmeganismes wat gebruik kan word of organisasie-doeltreffendheid te verseker.
- Maak gebruik van verkeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en maak aanbevelings rakende korrektiewe aksies.
- Fasiliteer 'n strategiese beplanningsessie en skryf 'n verslag oor die sessie.
- Selekteer, implementeer en evalueer organisasie-ontwikkelingsintervensies.
- Lê 'n diversiteitsopleidingsprogram voor en evalueer dit.
- Onderneem leierskapsontwikkeling volgens die voorgeskrewe riglyne.
- Identifiseer die lewensiklus van 'n organisasie volgens die korrekte maatstawwe en maak aanbevelings oor hoe die effektiwiteit van die organisasie verbeter kan word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

| **MODULEKODE: HRMA622** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 8** |
| --- | --- | --- |
| **TITEL: MENSEKAPASITEITSONTWIKKELING** | | |

**Module-uitkomste:**

- Verstaan en evalueer die organisasie se visie, waardes en strategiese doelwitte.
- Rig mensehulpbronontwikkelingsaktiwiteite met inagneming van die nasionale opleidingstrategie.
- Analiseer die eksterne en interne kragte wat 'n impak op opleiding en ontwikkeling het.
- Formuleer 'n Mensehulpbronontwikkelingsmissie, hoof waardes en strategiese doelwitte (mensehulpbronontwikkelingsplan) wat korreleer met die organisasie se strategie.
- Ondersoek en verkry kennis aangaande die behoeftes van kliënte van die mensehulpbronontwikkelingsdepartement (vermoëns van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant, bevoegdheid-gebaseerde opleiding en ontwikkeling, prestasie-meting, modelle van identifisering, opleiding en ontwikkelingsbehoeftes).
- Die toepassing van kennis en vaardighede oor sielkundige sterkpunte om individue te evalueer en die skep van self-ontwikkelingsprogramme vir werknemers op verskillende vlakke van 'n onderneming.
| Na voltooiing van die module moet die student by wyse van navorsingstuk ’n volledige, ingeligte en sistematiese kennis demonstreer van die gekose area in die taalpraktyk; beginsels, tegnieke en teoretiese benaderings binne die konteks van die gekose area van taalpraktyk vir ’n navorsingsprojek kan selekteer, toepas en integreer; onbekende konkrete en abstrakte taalpraktykprobleme te kan identifiseer en oplos deur middel van gesofistikeerde teoretiese oorweging in ’n navorsingsprojek; kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting ten opsigte van ’n gekose taalpraktykprobleem te identifiseer, versamel, analiseer en sintetiseer; en akademies-professionele werk voor verskeie gehore ten opsigte van die gekose probleem effektief en toepaslik te kan aanbied en kommunikeer. **Neem kennis:** LPRA671 is ’n verpligte module. | | | |
| **MODULEKODE: LPRA681** | | **NKR-VLAK: 8** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** **TOEPASSINGS IN TAALPRAKTYK: VERTALING** | | | |
| Na voltooiing van die module moet die student oor ’n volledige, ingeligte en sistematiese kennis beskik van die vernaamste historiese en kontemporêre ontwikkelings in die veld van praktiese vertaling; beginsels, tegnieke en teoretiese benaderings binne die konteks van praktiese vertaling te kan selekteer, toepas en integreer; onbekende konkrete en abstrakte vertaalprobleme in praktiese vertalings te kan identifiseer en oplos; kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting ten opsigte van praktiese vertaling te identifiseer, versamel, analiseer en sintetiseer; en akademies-professionele werk voor verskeie gehore ten opsigte van praktiese vertaling effektief en toepaslik te kan aanbied en kommunikeer. | | | |
| **MODULEKODE: LPRA682** | | **NKR-VLAK: 8** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** **TOEPASSINGS IN TAALPRAKTYK: TEKSREDAKSIE** | | | |
| Na voltooiing van die module moet die student oor ’n volledige, ingeligte en sistematiese kennis beskik van die vernaamste historiese en kontemporêre ontwikkelings in die veld van teksredigering; beginsels, tegnieke en teoretiese benaderings binne die veld van teksredaksie en in praktiese teksredigering te kan selekteer, toepas en integreer; onbekende konkrete en abstrakte probleme in terme van teksredigering te kan identifiseer en oplos; kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting ten opsigte van teksredigering te identifiseer, versamel, analiseer en sintetiseer; en akademies-professionele werk voor verskeie gehore ten opsigte van teksredigering effektief en toepaslik te kan aanbied en kommunikeer. | | | |
| **MODULEKODE: LPRA683** | | **NKR-VLAK: 8** | **KREDIETE: 8** |
| **TITEL:** **INTERNSKAP** | | | |
| Na voltooiing van die module moet die student oor ’n volledige, ingeligte en sistematiese kennis beskik van die vernaamste historiese en kontemporêre ontwikkelings in die veld van taalpraktyk, binne die konteks van ’n internskap; beginsels, tegnieke en teoretiese benaderings in ’n betrokke veld van taalpraktyk en binne die konteks van ’n internskap te kan selekteer, toepas en integreer; onbekende konkrete en abstrakte vertaalprobleme te kan identifiseer en oplos deur die gebruik van toepaslike hulpmiddels vir taalpraktisyns binne die konteks van ’n internskap; kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting binne die konteks van ’n praktiese internskap te kan identifiseer, versamel, analiseer en sintetiseer; en akademies-professionele werk voor verskeie gehore ten opsigte van ’n praktiese internskap effektief en toepaslik te kan aanbied en kommunikeer. **Neem kennis:** LPRA683 is ’n verpligte module. | | | |

| MODULEKODE: LPRA684 | | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **JOERNALISTIEK EN LESSENAARPUBLISERING (DTP)** | | |
| Na suksesvolle afhandeling van die module sal die student in staat wees om spesifieke inligtingsversamelingstegnieke te kies en toe te pas vir joernalistieke doeleindes; kennis van eienskappe en styl van ‘n verskeidenheid joernalistieke genres te demonstreer (insluitende die artikel, die profiel en resensie), dit in die praktyk toe te pas op verskillende publikasies; kennis van die verskillende eienskappe en skryfstyle avn verskillende joernalistieke genres te demonstreer, en toe te pas in die praktyk; joernalistieke tekselemente te skep, en elktroniese bladuitlegvaardighede te demonstreer vir ‘n verskeidenheid publikasies; foto’s te neem en te redigeer met sagteware vir mediadoeleindes en om kennis en vaardighede van media-intrepreneurskap te demonstreer. | | | |

| MODULEKODE: LEON611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **LEERPERSPEKTIEWE** | | |
| Na voltooiing van hierdie module behoort die student ’n kritiese verstaan van die behavioristiese, inligtingverwerking, en konstruktivistiese beskouinge van leer te demonstreer deur elkeen van hierdie beskouinge vanuit ’n skrifmatige en fundamentele perspektief te evalueer; leer vanuit elke beskouing te definieer; die positiewe en negatiewe implikasies van elke beskouing vir effektiewe leer en die veranderlikes wat volgens elke beskouing effektiewe leer beïnvloed te identifiseer en ’n program te ontwikkel wat studente in staat sal stel om effektiewer te leer. | | | |

| MODULEKODE: LEON612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **ONDERRIGPERSPEKTIEWE** | | |
| Na voltooiing van hierdie module behoort die student basiese kennis en ’n kritiese ingesteldheid ten opsigte van die proses-produk- en die ontologies-kontekstuele onderrigbeskouings te demonstreer, begronding, verduideliking en evaluering van genoemde onderrigbeskouings vanuit ’n christelike en ander perspektiewe, asook die implikasies daarvan vir onderrig-leer in verskillende kontekste te bepaal, te verduidelik en te motiveer asook basiese kennis en vaardigheid ten opsigte van die keuse, toepassing en evaluering direkte en indirekte onderrigbenaderings in spesifieke leerareas en -kontekste. | | | |

| MODULEKODE: LEON613 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **DIE UGO-KURRIKULUM** | | |
| Aan die einde van die module sal die student bewys lewer van begrip van: die basiese beginsels van die kurrikulum; hoe kurrikulumbesluite geneem word; die uitkomsgebaseerde onderwysbenadering (UGO); die debat rondom bekwaamhede versus prestasie, en die voorgeskrewe inhoud en vaardighede in die nasionale kurrikulum. Die student sal in staat wees om die voorgeskrewe onderrig- en leerprogramme vir ’n bepaalde leersituasie (skool/klas) aan te pas en dit te implementeer. | | | |

| MODULEKODE: LEON614 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **KLASKAMER KOMMUNIKASIE** | | |
| Na voltooiing van hierdie module behoort die student ’n grondige kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van ’n klaskamerkommunikasiemodel te demonstreer ten einde die klaskamerkommunikasie-vaardighede wat effektiewe onderrig en leer bevorder aan die hand daarvan te klassifiseer, asook die klaskamerpraktyk te ontleed en te evalueer, kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van onderrigstyle ten einde style te kan ontleed en te evalueer, asook ten opsigte van kommunikasievrees ten einde dit te meet, te ontleed en maatreëls vir die voorkoming en/of oorkoming daarvan saam te stel, grondige kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van klasklimaat ten einde dit te meet, te ontleed en maatreëls ter verbetering van klasklimaat daar te stel, asook ten opsigte van klasdissipline en -orde ten einde probleemsituasies te ontleed en maatreëls ter oplossing daar te stel. | | | |

| MODULEKODE: LEON621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| TITEL: STRATEGIESE LEER EN MOTIVERING | | | |
| Na voltooiing van hierdie module behoort die student 'n kritiese verstaan van effektiewe leer te kan demonstreer soos gesien vanuit 'n sosiaal-kognitiewe, konstruktivistiese en selfgereguleerde beskouing van leer om elkeen van hierdie perspektiewe vanuit 'n skrifmatige en fundamentele perspektief te evalueer; kennis (byvoorbeeld van die self as student, voorkennis, epistemologiese oortuigings), doelwitte, die leertaak, metakognisie en leerstrategieë as veranderlikes wat leer beïnvloed te ontleed; die verband tussen motivering en leer te ontleed, met besondere beklemtoning van die attribusie- en doelwitteorieë en selfdoeltreffendheid om 'n program te ontwikkel wat studente se leervermoë en motivering om te leer sal verbeter. | | | |

| MODULEKODE: LEON622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: STRATEGIESE ONDERRIG | | | |
| Na voltooiing van hierdie module behoort die student 'n gespesialiseerde en refleksiewe kennis, praktiese vaardigheid, kritiese ingesteldheid en waarde ten opsigte van die kenmerke van doeltreffende onderrig, en kontemporêre behavioristies en konstruktivisties-gebaseerde onderrigbenaderings te demonstreer, asook verduideliking, motivering, ondersoek en evaluering van genoemde benaderings; bepaling en kritiese beoordeling van die implikasies hiervan vir onderrig-leer in spesifieke leerareas en -kontekste en gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die keuse, gebruik en evaluering van direkte en indirekte onderrigmodelle, wo. probleemgesentreerde onderrig-leer, asook van doeltreffende onderrig-leermedia en -tegnologieë in verskillende kontekste. | | | |

| MODULEKODE: LEON623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: KURRIKULUMONTWIKKELING | | | |
| Aan die einde van die module sal die student bewys lewer van begrip van: verskillende benaderings tot kurrikulum- en programontwikkeling; die sosiologiese, filosofiese, sielkundige, historiese, politieke en ekonomiese invloede op onderwys in ontwikkelende gemeenskappe; die invloed van taal- en kultuurverskille op leerprogramme; deelname aan kurrikulering op die makro-, meso- en mikrovlak. Die student moet in staat wees om bestaande programme te vertolk en aan te pas en om oorspronklike leerprogramme te ontwikkel. | | | |

| MODULEKODE: LEON624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| TITEL: ASSESSERING VAN LEER | | | |
| Na voltooiing van hierdie module behoort die student 'n gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die assessering van onderrig-leersituasies, -prestasie en -media, asook ten opsigte van die keuse, motivering, ondersoek en evaluering van toepaslike assesseringswyses in spesifieke leerareas en -kontekste te demonstreer, asook beplanning, implementering, ondersoek en evaluering van 'n doeltreffende geïntegreerde assesseringsplan as deel van 'n onderrigleerprogram in spesifieke leerareas en -kontekste. | | | |

| MODULEKODE: MISS671 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| TITEL: MISSIOLOGIESE PERSPEKTIEWE | | | |

**Afdeling 1: Missiologie: Inleidende historiese aspekte**
Die student moet in staat wees om die tydperke waarin die sendinggeskiedenis ingedeel kan word, te noem en die belangrikste kenmerke van elk te bespreek; missiologie as teologiese dissipline te beskryf; sending Bybels-teologies te begrond, verskillende sendingmodelle te evalueer en verskillende elemente van sending te verduidelik.
**Afdeling 2: Missiologie: Teoretiese aspekte**
Die student moet in staat wees om die belangrikste ideologieë van ons tyd met mekaar te vergelyk en te evalueer; die verskil tussen ŉ magiese en ŉ religieuse lewensbeskouing te bespreek; die stand van die godsdienste tans in die wêreld te beskryf; die missionêre gemeente te omskryf en sy funksionering te bespreek; die verhouding tussen die sigbare en onsigbare dimensies van die eenheid van die kerk te bespreek en die betekenis daarvan vir die kerke in Suid-Afrika aan te dui; die bydrae van die Afrika-Christendom tot wêreldsending te beskryf; sentrale temas in die Christelike Afrika-teologie te verduidelik; verantwoorde strategieë vir sendingwerk vandag te formuleer; ingeligte advies te kan gee met betrekking tot verskeie aspekte van sendingwerk.

| MODULEKODE:MPMA811 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: METODOLOGIE | | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:
- Gepaste wetenskaplike metodes en prosedurele tegnieke in regeringsinstansies toe te pas, en data-insamelingsinstrumente en -tegnieke (soos vraelyste, onderhoudvoering, houding en verwagtingpeilings ens.) wetenskaplik te integreer; om data in te samel, te verwerk en te interpreteer, en wetenskaplik gefundeerde gevolgtrekkings te maak, wat in ŉ basiese verslag aangebied word as prosedures en bevindinge. Probleme en kwessies in regeringsinstansies op grond van verworwe kennis metodologies te ontleed, en oplossings aan te bied wat gegrond is op wetenskaplike metodes en prosedures.
- Basiese wetenskaplike kennis te demonstreer aangaande die gebruik van metodologiese en prosedurele tegnieke in die wetenskaplike implementering van data-insamelingsinstrumente en -tegnieke.

| MODULEKODE:MPMA812 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: OPENBARE BESTUUR | | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:
- Bestuurskwessies in die sfeer van sentrale, provinsiale en plaaslike regering aan te spreek, deur na bestaande bestuursteorieë te verwys.
- Bestuurspraktyke en -tegnieke te implementeer wat ondergeskiktes sal aanmoedig en motiveer om in regeringspraktyke effektief en ooreenkomstig regeringsbeleid te werk

| MODULEKODE:MPMA814 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: TOEGEPASTE PROJEKBESTUUR | | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:
- Die beginsels, teorieë en tegnieke van projekbestuur, soos dit in die openbare sektor toegepas word, te ontleed.
- Projekte in openbare instansies te beplan, implementeer en beheer, met die oog op die operasionalisering van strategiese doelwitte en die verbetering van dienslewering.

| MODULEKODE:MPMA826 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: PRESTASIEBESTUUR | | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:
- Openbare prestasiebestuurstelsels en -praktyke te ontleed.
- Die teorieë en beginsels van prestasiebestuur te benut vir die doeltreffende, effektiewe en ekonomiese funksionering van openbare instansies.
- Tegnieke en modelle toe te pas vir die bestuur van die algehele prestasie van openbare instansies.
- Die beginsels van prestasiebestuur op menslike hulpbronne toe te pas, met spesifieke verwysing na prestasie-evaluerings.

| MODULEKODE:MSDW821 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **DIE KULTURELE DINAMIEK VAN WATER** | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om begrip te hê van:

- die historiese evolusie van waterbeheer in Suid-Afrika;
- kernbelangrike kwessies van geantisipeerde toekomstige waterskaarste;;
- die belangrikheid van die hidrosfeer in volhoubare omgewingsontwikkeling; en
- die toepassing van historiese denke in navorsing oor die hidrosfeer.

| MODULEKODE:MSDW822 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **GEÏNTEGREERDE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE** | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om begrip te hê van:

- Die beginsels, teorieë, instrumente en tegnieke van meer effektiewe, doeltreffende, ekonomiese en volhoubare Waterhulpbron-Bestuur te ontleed en toe te pas op hul aktiwiteite met betrekking tot die openbare lewering van drinkbare water en sanitasiedienste – veral in die sfeer van plaaslike regerings in die land.

| MODULEKODE:MSDW823 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **HIDRO-POLITIEK** | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om begrip te hê van:

- Die opkoms van hidro-politiek as ’n studieveld te beskryf
- Hidro-politiek te omskryf en beskryf
- Die teoretiese konsepte van hidro-politiek te verduidelik en bespreek
- Hidro-politiek op meta-, makro- en mikro-vlak te bespreek.

| MODULEKODE: NAVR611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **OPVOEDKUNDIGE NAVORSING** | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student ’n basiese kennis en verstaan van opvoedkundige navorsing te demonstreer deur vaardigheid in die gebruik van inligtingstegnologie (w.o. die Internet) om inligting te ontsluit; ’n literatuuroorsig/-studie te skryf; tussen die aard en kenmerke van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes te onderskei; navorsingsprobleme kan identifiseer en op grond van sodanige kennis ’n navorsingsvoorlegging te kan skryf.

| MODULEKODE: NAVR621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **AKSIENAVORSING. Praktiese opdrag** | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in die **professionele fokus** op grond van die kennis van die verskillende aspekte van navorsing en die vaardighede wat met die module.

| MODULEKODE: NAVR622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **NAVORSINGSOPDRAG. Praktiese opdrag** | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in die **akademiese fokus** ’n diepgaande kennis en verstaan van en vermoë om navorsing in die veld van spesialisering te kan doen te demonstreer deur ’n sinvolle navorsingsprobleem te identifiseer en te ondersoek deur die beplanning, uitvoer, evaluering en rapportering van ’n navorsingsprojek in hierdie verband, wat ten minste ’n literatuurstudie en twee tipes navorsing vereis. Die student behoort verder ’n basiese kennis en verstaan van die navorsingsproses te demonstreer deur navorsingsprobleme te identifiseer wat verskillende navorsingsmetodes vereis, ’n navorsingsvoorlegging te skryf om ’n spesifieke navorsingsprobleem op te los; vaardigheid te toon in beskrywende en inferensiële statistiese prosedures soos vereis deur kwalitatiewe, kwantitatiewe, “baseline” en aksienavorsing om die basiese statistiese analises uit te voer wat deur elkeen van hierdie metodes vereis word; navorsingsvaardighede te demonstreer deur ’n navorsingsprojek van beperkte omvang uit te voer; en ’n navorsingsverslag in die vorm van ’n tydskrifartikel te skryf.

| MODULEKODE: NAVR 623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **NAVORSINGSPROJEK. Praktiese Opdrag** | | |
| Na voltooiing van hierdie module behoort die student 'n basiese kennis en begrip van navorsing in Bewegingswetenskap te toon, deur vaardighede in die gebruik van literatuur, in die skryf van 'n literatuuroorsig, en die uitvoer van 'n empiriese ondersoek van beperkte omvang in 'n spesifieke spesialisgebied as voorbereiding vir verdere studies op magistervlak. | | | |
| **MODULEKODE: NTES672** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** | **NUWE TESTAMENT** | | |
| **Afdeling 1: Inleiding in NT Eksegese en Hermeneutiek, en sosiohistoriese konteks van die NT**<br>Die student moet in staat wees om die vertrekpunte en metodes van die gereformeerde Hermeneutiek te identifiseer; die stappe van 'n metode vir die eksegese van die NT vir gereformeerde Woordbediening te noem en prakties toe te pas; hom/haar te verantwoord oor die Grieks-Romeinse wêreld in die tyd van die Nuwe Testament.<br>**Afdeling 2: Kernmotiewe van die Openbaringsgeskiedenis, Algemene Kanoniek**<br>Die student moet in staat wees om prinsipiële en wetenskaplik verantwoorde standpunte te formuleer oor die ontstaan, omvang en gesag van die Kanon, en om – met hulpmiddels – eksegetiese materiaal sistematies te orden met die oog op beskrywing van fasette van die Godsopenbaring in die Nuwe Testament; op wetenskaplik-verantwoorde wyse standpunte oor openbaringshistoriese kernmotiewe van die Nuwe Testament te formuleer en te beoordeel.<br>**Afdeling 3: Die Sinoptiese Evangelies**<br>Die student moet in staat wees om op hoogte te wees met die inhoud van die Sinoptiese Evangelies; die Sinoptiese vraagstuk te beredeneer; met hulpmiddels, verklaring en hermeneutiek van geselekteerde tekste uit die Sinoptiese Evangelies te doen. | | | |
| **MODULEKODE: ONAV673** | **SEMESTER 1** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** | **PRAKTIESE STATISTIEK: GEESTESWETENSKAPPE** | | |
| Die student sal in staat wees die basiese metodes van steekproefneming, opsomming en beskrywing van data, korrelasie en liniêre regressie, asook faktorontleding te beskryf en prakties toe te pas. | | | |
| **MODULEKODE:ONWB624** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** | **MENSLIKE HULPBRONBESTUUR EN ONTWIKKELING IN OPVOEDKUNDE** | | |
| Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te kan demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:<br>• 'n omvattende en sistematiese kennis van die hoofteorië, benaderings, konsepte, kontemporêre kwessies, doelstellings, geskiedenis en uitdagings ten opsigte van menslike hulpbronontwikkeling in die werksplek<br>• die vermoë om geselekteerde beleide, wette en beginsels ten opsigte van menslike hulpbronbestuur te kan interpreteer en te kan bestuur<br>• die vermoë om prosesse van hulpbronwerwing, evaluering en toewysing in die werkplek te verstaan<br>• kennis van volgehoue professionele ontwikkeling ten einde programme, gemik op die ontwikkeling van talent onder werkers te ontwerp, analiseer en toe te pas<br>• die vermoë om loopbaanbestuursbeginsels en -modelle te kan interpreteer en toe te pas<br>• die vermoë om kennis van menslike hulpbronontwikkeling toe te pas ten einde prestasie in die werkplek te verhoog en ten einde werknemers die geleentheid te bied om hulleself te ontwikkel. | | | |
| **Metode van aflewering:** | Voltyds / Deeltyds | | |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 %<br>Skriftelike eksamen 50 % | | |

| MODULEKODE:ONWB625 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: FINANSIËLE SKOOLBESTUUR**

Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te kan demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:

- ’n begrip van die aard en die kompleksiteit van die samehang tussen die ekonomiese en politieke aspekte en die finansiering van skole
- die vermoë om onderwysbestuursareas toe te pas met betrekking tot finansiering ten einde die praktykimplikasies daarvan te analiseer
- die vermoë om die teorie van begroting en finansiering op ’n praktiese wyse toe te pas
- ’n diepere begrip van die implikasies van geselekteerde beleidsdokumente en wette vir die finansiering van skole.

| | |
|---|---|
| **Metode van aflewering:** | Voltyds / Deeltyds |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 %<br>Skriftelike eksamen 50 % |

| MODULEKODE: ONWR611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: ONDERWYSREG: TEORIE EN PRAKTYK**

Na voltooiing van hierdie module demonstreer studente dat hulle die volgende verwerf het:

- die vermoë om teoreties na te dink oor Onderwysreg en die kernaard daarvan te omskryf;
- ’n teoretiese en konseptuele kennis van die terminologie van Onderwysreg; die vermoë om die bronne van Onderwysreg te beskryf en dit korrek te kan toepas; ’n teoretiese en konseptuele kennis van gemeneregbeginsels, asook ’n vermoë om dit op die onderwyspraktyk toe te pas; die vermoë om kennis en begrip van Onderwysregbeginsels in onderwys-verwante scenario’s toe te pas; ’n teoretiese en konseptuele kennis van onderwyswetgewing, asook ’n vermoë om dit te ontleed, interpreteer en in die onderwyspraktyk toe te pas; die vermoë om die Grondwet te ontleed, interpreteer en in die onderwyspraktyk toe te pas; ’n teoretiese en konseptuele kennis van relevante hofsake asook ’n vermoë om hofsake te bestudeer, te ontleed en op die interpretasie van relevante wetgewing toe te pas.

| MODULEKODE: ONWR621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|

**TITEL: INLEIDING TOT DIE ONDERWYSREG**

Studente moet in staat wees om die rolle die regte, pligte, aanspreeklikheid en toerekeningsvatbaarheid van die onderskeie rolspelers in die onderwys te analiseer, te interpreteer en toe te pas ten einde ’n juridies geordende en effektiewe omgewing vir die onderwys daar te stel.

| MODULEKODE: ONWR622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|

**TITEL: UITLEG VAN WETTE**

Studente moet in staat wees om wetgewing as determinante vir ’n juridies geordende en effektiewe onderwysbestel te kan analiseer en te kan interpreteer.

| MODULEKODE: ONWR623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: MENSEREGTE IN DIE ONDERWYS** | | | |
| Studente moet in staat wees om die Suid-Afrikaanse Grondwet m.b.t. die toepassing van menseregte in die onderwys te kan analiseer, te kan interpreteer en te kan toepas. | | | |

| MODULEKODE: ONWR 624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ARBEIDSREG EN SKOOLBEHEER** | | | |

Na voltooiing van hierdie module, moet studente kan aantoon dat hulle die volgende bemeester het:

- voldoende prakties aanwendbare kennis van die toepaslike arbeidswetgewing vir onderwys;
- teoretiese en konseptuele kennis van grondwetlike en ander wetlike bepalings wat die regte en verpligtinge van opvoeders as werknemers reguleer;
- die vermoë om regsbeginsels met betrekking tot die regte en verpligtinge van werknemers en werkgewers in die onderwyspraktyk te beskryf, analiseer en toe te pas;
- teoretiese en konseptuele kennis van die onderliggende beginsels van die gemene reg en regspraak wat verband hou met die substantiewe kwessies van arbeidsreg in die onderwys;
- die vermoë om te onderskei tussen arbeidswetgewing wat betrekking het op opvoeders by onderskeidelik openbare skole en onafhanklike skole;
- teoretiese en konseptuele kennis van konsepte soos onbillike arbeidspraktyk, substantiewe en prosedurele billikheid, asook die neem van korrekte, ingeligte en billike besluite in situasies wat met arbeidsverhoudinge verband hou;
- teoretiese en konseptuele kennis met betrekking tot kollektiewe arbeidsverhoudinge in die onderwys;
- teoretiese en konseptuele kennis met betrekking tot die regte en verpligtinge van lede van die beheerliggame van openbare skole;
- ŉ indringende begrip van die rolle en funksies van skoolbeheerliggame;
- teoretiese en konseptuele kennis van die kenmerke van korrekte dissiplinêre prosedures, asook die vermoë om die prosedures toe te pas in gevalle van leerders wat hulleself skuldig maak aan ernstige wangedrag.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Voltyds / Deeltyds |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 %<br>Skriftelike eksamen 50 % |

| MODULEKODE: ONWR 625 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **MENSEREGTE EN DEMOKRASIE IN DIE ONDERWYS** | | | |

Na afhandeling van die module behoort die student die volgende te demonstreer:

- ’n teoretiese en konseptuele kennis van onderwysregtelike determinante in die Grondwet van Suid-Afrika;
- ’n teoretiese- en konseptuele kennis van die grondwetlike en statutêre bepalings van demokrasie in die Onderwys toon;
- die vermoë om te onderskei tussen en die beduidenis te evalueer van onderskeie modelle van demokrasie ten opsigte van die onderwys;
- die vermoë om grondwetlike regte ten opsigte van onderwyspraktyk te ontleed, te interpreteer en toe te pas;
- die vermoë om te onderskei tussen die wyses waarop fundamentele regte beperk mag word;
- ’n diepgaande begrip van demokratiese skoolbeheer, desentralisasie, devolusie en delegasie van gesag toon;
- die vermoë om kennis met betrekking tot verskillende grondwetlike regte in gevallestudies toe te pas;
- die vermoë om op ’n grondwetlik gefundeerde wyse as onderwyser of onderwysbestuurder op te tree;
- ’n diepgaande begrip van regspraak toon en die vermoë toon om regspraak oor die Grondwet en onderwyspraktyk te ontleed en toe te pas;
- die vermoë toon om ongrondwetlike- en ondemokratiese verskynsels en praktyke in verskeie onderwyssituasies te ontleed en te kritiseer.

**Metode van Aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: OPSK612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **STUDENTE MET SPESIALE BEHOEFTES – A** | | | |

Studente sal in staat wees om studente met spesiale behoeftes te verstaan in die algemeen in hulle sosiale konteks deur gebruik te maak van ’n ekosistemiese perspektief. Studente sal ook in staat wees om studente met spesiale behoeftes - spesifiek individuele leerprobleme, te identifiseer en aan hulle hulp te verleen.

| MODULEKODE: OPSK613 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **GESONDHEIDSBEVORDERENDE SKOLE** | | | |

Studente sal in staat wees om die proses te bestuur vir die bevordering, vestiging en instandhouding van Gesondheidsbevorderende Skole met inbegrip van die gebruik van Heelskoolontwikkeling om hierdie doel te bereik.

| MODULEKODE: OPSK624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **SKOOLVOORLIGTING** | | | |

Studente sal in staat wees om skoolvoorligting te kan bedryf met die fokus op persoonlike en sosiale, akademiese en opvoedkundige, en beroepsvoorligting.

| MODULEKODE: OPSK625 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **STUDENTE MET SPESIALE BEHOEFTES – B** | | | |

Studente sal in staat wees om studente met spesiale behoeftes - spesifiek individuele gestremdhede soos fisieke en sensoriese gestremdhede, epilepsie, chroniese siektes, ensovoorts, te identifiseer en aan hulle hulp te verleen.

| MODULEKODE: OTES672 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: OU TESTAMENT** | | | |

**Afdeling 1:**
Die student moet in staat wees om die beginsels en metodes vir die interpretasie van die Ou Testament te evalueer; geselekteerde gedeeltes uit die Ou Testament te kan interpreteer met die gebruikmaking van ’n verantwoorde metodiek; eksegetiese vraagstukke te beoordeel en voorstelle tot ’n oplossing te formuleer.
**Afdeling 2:**
Die student moet in staat wees om ’n oorsig te gee oor die bestudering van die Ou Testament; verskillende benaderings tot die bestudering van die Ou Testament te evalueer.
**Afdeling 3:**
Die student moet in staat wees om ’n oorsig te gee oor die bestudering van die Ou Testamentiese Teologie (Openbaringsgeskiedenis) en verskillende benaderings te evalueer.

| MODULEKODE: PAST671 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ALGEMENE EN SPESIFIEKE BERADING** | | | |

**Afdeling 1: Algemene berading**
Die student moet in staat wees om te omskryf wat Bybelse berading is; ’n pastorale gesprek te kan voer; kortliks weer te gee wat ’n beradingsmodel behoort te behels; self ’n beradingsmodel te ontwerp; inleidende Bybelse berading aan medegelowiges te verleen.
**Afdeling 2: Spesifieke berading**
Die student moet in staat wees om die beginsels en metodiek van kerklike huisbesoek weer te gee; prinsipieel en prakties verantwoording te kan doen oor pastorale huweliksopbou en begeleiding in ’n situasie van egskeiding; die beginsels en metode van herderlike bediening aan siekes te omlyn; herderlike begeleiding aan verslaafdes te omskryf en toe te pas.

| Modulekode: POLS611 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| **Titel: METODOLOGIE** | | |

**Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:

- omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te demonstreer van politieke navorsing;
- samehangende en kritiese begrip te toon vir die belangrikste beginsels, teorieë en epistemologie van politieke navorsing;
- om navorsing te beoordeel en gegronde teoretiese en metodologiese menings daaroor te lewer;
- onafhanklik inligting te versamel en te ontleed, te sintetiseer en te evalueer, en daardie resultate te kommunikeer met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme

Metode van aflewering:

Assessering metodes:

| Modulekode: POLS612 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| **Titel: BELEIDSTUDIES** | | |

**Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:

- oor uitgebreide en sistematiese kennis te beskik van nasionale en internasionale openbare beleid;
- goed ontwikkelde insamelingsvaardig- hede te gebruik om bekende en onbekende, en
- dikwels abstrakte, probleme oor openbare beleid te help oplos;
- hierdie oplossings individueel of in groepe eties en akademies te kommunikeer.

Metode van aflewering:

Assessering metodes:

| Modulekode: POLS613 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| **Titel: POLITIEKE FILOSOFIE** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• uitgebreide en sistematiese kennis van politieke filosofie te toon;<br>• die onbekende en astrakte probleme weens die soeke na regverdiging van gesag, globale ekonomiese geregtigheid, vryheid, demokrasie en oorlog, te ontleed;<br>• die oplossings op . etiese en akademiese manier individueel of in groepverband deur rekenaartegnologie te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |
| **Modulekode: POLS621** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| **Titel: VERGELYKENDE POLITIEK** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis en begrip te toon van die metodes en toepassing van politieke vergelykings;<br>• onafhanklik inligting te versamel en te ontleed en oplossings vir onbekende en dikwels abstrakte probleme in vergelykende politiek individueel of in groepe volgens akademiese konvensies voor te stel. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |
| **Modulekode: POLS622** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| **Titel: VRAAGSTUKKE IN DIE WÊRELDPOLITIEK** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis en begrip te toon van vraagstukke<br>• en probleme in die wêreldpolitiek asook die betrokkenheid en gedrag van . verskeidenheid akteurs in wêreldvraagstukke;<br>• onafhanklik inligting te versamel en te ontleed, en dan, individueel of in groepe, volgens akademiese konvensies oplossings voor te stel vir onbekende en dikwels abstrakte probleme rakende vraagstukke in die wêreldpolitiek. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |
| **Modulekode: POLS623** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| **Titel: POLITIEKE DINAMIKA** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis en begrip te toon van politieke dinamika asook die verskynsels, instellings en rolspelers wat hiermee verband hou;<br>• onafhanklik inligting te versamel en te ontleed en, individueel of in groepe volgens akademiese konvensies oplossings voor te stel vir onbekende dikwels abstrakte probleme rakende politieke dinamika en verskynsels, instellings en rolspelers wat hiermee verband hou. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |

| Modulekode: POLS624 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| **Titel: POLITIEK IN DIE ONTWIKKELENDE WÊRELD** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• oor omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te beskik van die politiek van die ontwikkelende wêreld;<br>• samehangende en kritiese begrip te toon vir belangrikste beginsels, teorieë asook die epistemologie van die politiek van die ontwikkelende wêreld;<br>• met gevorderde ondersoekvaar- dighede, getuienisgedrewe oplossings asook teoriegedrewe oplossings en argumente vir komplekse probleme rakende die politiek van die ontwikkelende wêreld aan te bied;<br>• onafhanklik inligting rakende die politiek van die ontwikkelende wêreld te versamel, ontleed, sintetiseer, evalueer en die resultate met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |
| **Modulekode: POLS625** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| **Titel: AFRIKAPOLITIEK** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van politiek in Afrika te demonstreer;<br>• samehangende en kritiese begrip te toon vir die belangrikste beginsels, teorieë en epistemologie van die politiek in Afrika;<br>• met gevorderde ondersoekvaardig- hede, getuienisgedrewe oplossings asook teorie-gedrewe oplossings en argumente vir ingewikkelde probleme rakende politiek in Afrika aan te bied;<br>• . onafhanklik inligting rakende politiek in Afrika te versamel, ontleed, sintetiseer,<br>• evalueer en die resultate met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |
| **Modulekode: POLS626** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| **Titel: REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• uitgebreide en sistematiese kennis van politieke transformasie te toon;<br>• die onbekende en astrakte probleme te ontleed wat teweeggebring word deur die wringkragte van verandering binne die konteks van regeringsbestuur;<br>• die mootlike oplossings aan die hand van teorieë, krities vanuit verskeie bronne te beredeneer en die resultate, akademies, eties en deur rekenaartegnologie individueel en in groepverband te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |

| Modulekode: POLS627 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| **Titel: POLITIEKE EKONOMIE** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van Politieke Ekonomie kan demonstreer;<br>• samehangende en kritiese begrip te toon vir die belangrikste beginsels, teorieë en epistemologie van die Politiek Ekonomie;<br>• met gevorderde ondersoekvaardig- hede, getuienisgedrewe oplossings asook teoriegedrewe oplossings en argumente vir ingewikkelde probleme rakende Politieke Ekonomie aan te bied;<br>• oor die vermoë beskik om onafhanklik inligting rakende Politieke Ekonomie te versamel, ontleed, sintetiseer, evalueer en die resultate met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |
| **Modulekode: POLS673** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
| **Titel: NAVORSINGSPROJEK** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te demonstreer van . spesifieke politieke onderwerp;<br>• samehangende en kritiese begrip te toon vir die belangrikste beginsels, teorieë en die epistemologie van . spesifieke politieke onderwerp;<br>• met gevorderde ondersoekvaardighede, getuienisgedrewe oplossings asook teoriegedrewe oplossings en argumente vir ingewikkelde probleme aan te bied vir spesifieke politieke onderwerp;<br>• onafhanklik inligting rakende . spesifieke politieke onderwerp te versamel, ontleed, sintetiseer, evalueer en die resultate met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme te kommunikeer . | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |
| **Modulekode: POLS871** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| **Titel: Politieke Studies Verhandeling** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• op gevorderde vlak navorsing oor politieke verskynsels te kan onderneem en wetenskaplik daaroor verslag te doen. Dit sal die student ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde research binne die dissipline van politieke wetenskap te kan voortgaan. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Assessering metodes: | | |
| **Modulekode: POLS971** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| **Titel: politieke Studies Proefskrif** | | |
| **Module uitkomste:** Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:<br>• navorsing (binne die dissipline van politieke wetenskap) op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie program opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die kompleksiteit van nasionale en internasionale politieke verskynsel beter te kan verstaan. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Metode van aflewering: | | | |
| Assessering metodes: | | | |
| **MODULEKODE: PSYC671** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 8** |
| **TITEL: PSIGOMETRIE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- ŉ uitgebreide en sistematiese kennisbasis en kritiese begrip te demonstreer van die faktore wat psigologiese assessering, internasionaal en in Suid-Afrika, help vorm het en tans rig, asook van die aard en proses van psigologiese evaluering;
- die vaardigheid te demonstreer om die bruikbaarheid van toetse te beoordeel op grond van hulle psigometriese eienskappe en die prestasie van individue in verskillende toetse of in verskillende toetsbattery te evalueer en te interpreteer. Verder behoort leerders die basiese eienskappe en tegniese vereistes van toetse, asook die wyse waarop toetse en hulle toetsnorme ontwikkel word, as individu en in groepsverband te gebruik om 'n nuwe psigologiese meetinstrument te ontwikkel vir gebruik in ŉ komplekse en werklikheidsgetroue probleem;
- die vermoë te demonstreer om kombinering van toetstellings, kruiskulturele toetsaanpassing en -vertaling; die beheer van toetse en etiese standaarde; administratiewe reëlings betrokke by assesseringsprosedure, en die verslagdoening oor toetsresultate verbaal en/of skriftelik aan ŉ gehoor van eweknieë te kommunikeer terwyl gebruik gemaak word van relevante IT ;
- die vermoë te demonstreer om individueel en in groepsverband toepaslike literatuursoektogte te onderneem wat kan dien as verwysingsraamwerk om oor bogenoemde aspekte te redeneer ; en
- te kan reflekteer oor die impak van die leerstof op die self as persoon en toekomstige hulpverlener.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Voltyds / Deeltyds |
| **Assesseringsmetodes:** | Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MODULEKODE: PSYC672** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL: PSIGOLOGIESE EVALUERING** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- ŉ uitgebreide en sistematiese kennisbasis en kritiese begrip te demonstreer van die prosesse van psigologiese evaluering wat ŉ holistiese beeld van die kind, adolessent en/of volwassene ten doel het;
- ŉ samehangende en kritiese begrip van verskillende evalueringsmetodes van psigologiese funksionering en die etiese toepassing daarvan, te demonstreer;
- ŉ uitgebreide kennis van die kernmetodes van psigologiese evaluering te kan toepas op duidelik gedefinieerde onbekende gevallestudies;
- kwalitatiewe en kwantitatiewe uitkomste van psigologiese evaluering krities kan evalueer en sintetiseer in ŉ gevolgtrekking wat vervat is in ŉ goed gestruktureerde verslag met die oog op die waarskynlike leser; en
- die vermoë demonstreer om onafhanklik inligting van toepaslike navorsingsartikels en ander geloofwaardige bronne te verkry, krities te analiseer en te sintetiseer en bevindings in toepaslike akademiese en professionele diskoers aan te bied.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Voltyds / Deeltyds |
| **Assesseringsmetodes:** | Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen. |

| MODULEKODE: PSYC673 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: TOEGEPASTE POSITIEWE PSIGOLOGIE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- ŉ uitgebreide kennisbasis te demonstreer van Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde, asook van die belangrike paradigmas, teorieë, konsepte en etiese fasette wat verband hou met psigologiese gesondheid, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in ŉ multikulturele konteks;
- relevante teorieë/navorsing in kulturele konteks te kan toepas met sensitiwiteit vir bio-psigososiale samehang ten einde gedragsprobleme en die fasilitering van psigososiale welstand vanuit ŉ positiewe psigologie/psigofortologiese perspektief te kontekstualiseer;
- die vermoë demonstreer om komplekse en swak-gedefinieerde eietydse probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike prosedures en goeie bewyse vanuit ŉ kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigofortologie, asook om die inligting op ŉ betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering; en
- ŉ verskeidenheid van spesifiek geselekteerde navorsingsgebaseerde strategieë in ŉ moreel-etiese en kultuursensitiewe wyse toe te pas ten einde positiewe psigologiese welstand in individue, groepe en gemeenskappe te bevorder met erkenning van belangrike bio-psigososiale assosiasies en met sensitiwiteit vir onder andere kollektivistiese en individualistiese waardesisteme.

**Metode van Aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen.

| MODULEKODE: PSYC674 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGPSIGOLOGIE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- begrip te demonstreer dat navorsing beplan en uitgevoer word vanuit ŉ spesifieke paradigmatiese perspektief wat die navorser se filosofiese en konseptuele raamwerk verteenwoordig en gereflekteer word in sy/haar aannames oor die wêreld en die navorsingsproses;
- ŉ goed gefundeerde kennisbasis van alle aspekte met betrekking tot navorsing asook die fases van die navorsingsproses te demonstreer;
- navorsingsvaardighede prakties en op ŉ etiese wyse toe te pas wat die effektiewe keuse van gepaste navorsingsmetodes demonstreer om data in te samel en te hanteer in werklike lewensituasies;
- die navorsingsbevindings verbaal op ŉ innoverende wyse aan te bied asook om in geskrewe formaat ŉ samehangende verslag te produseer waarin kritiese begrip gedemonstreer word in die gebruik van navorsinggebaseerde oplossings en teorie;
- identifiseer wanneer inrigting variansie en twee-rigting ANOVA gebruik word; en
- identifiseer wat die doel van veelvuldige regressie metodes is, en die verskillende tipes en aannames te onderskei.

**Metode van Aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen.

| MODULEKODE: PSYC675 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE:16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** INTERVENSIETEGNIEKE | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student:<br>• ŉ gevorderde kennis en begrip van die teorie van relevante korttermyn intervensietegnieke (ses fase krisis ingrypingsmodel);<br>• die vermoë te demonstreer om intervensieteorieë te beoordeel en effektief kernprosedures, handelinge en tegnieke toe te pas in verskillende sosiaal-kulturele kontekste;<br>• die vermoë demonstreer om onafhanklik inligting van toepaslike navorsingsartikels en ander geloofwaardige bronne te verkry, krities te analiseer en te sintetiseer en bevindinge in toepaslike akademiese en professionele diskoers aan te bied; en<br>• ŉ duidelike waardestelsel en etiese gedragskode te demonstreer in alle vorme van kommunikasie en gedrag. | | | |
| **Metode van Aflewering:** Gedoseerde kontaksessies – slegs voltyds<br>**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen. | | | |
| **MODULEKODE: PSYC676** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HULPVERLENING | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student:<br>• omvattende kennis en insig in verskillende modelle en prosesse van psigologiese hulpverlening te kan demonstreer; en<br>• hierdie kennis oor verskillende terapeutiese teorieë en tegnieke op onbekende gevallestudies toe te pas en gepaste intervensies te ontwikkel op grond van teorie-gedrewe argumente en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak; en<br>• inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die afhandeling van skriftelike opdragte. | | | |
| **Metode van Aflewering:** Voltyds en deeltyds<br>**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen. | | | |
| **MODULEKODE: PSYC677** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: (7)8** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL:** GEMEENSKAPSPSIGOLOGIE | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student:<br>• omvattende en sistematiese kennis demonstreer van wat gemeenskapsielkunde behels en wat as geografiese en sosiale gemeenskappe beskou word;<br>• bevoegdheid demonstreer om toepaslike intervensies voor te stel, wat gebaseer is op die konseptuele modelle vir gemeenskapsielkunde;<br>• vaardighede demonstreer om gemeenskapsbevoegdheid te fasiliteer, te beplan en te evalueer deur gebruik te maak van toepaslike navorsingsmetodes; en<br>• sensitief te wees vir die kontekstuele ingebedheid van gemeenskappe in die makro-omgewing, gekenmerk deur armoede, geweld, MIV, en haweloosheid. | | | |
| **Metode van Aflewering:** Voltyds en deeltyds<br>**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen. | | | |

| MODULEKODE: PSYC678 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: PSIGOPATOLOGIE | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- omvattende kennis en begrip te demonstreer van 'n Westerse sowel as 'n Afrika-perspektief op die verskillende vorme van psigopatologie in kinders, adolessente en volwassenes;
- vaardighede demonstreer om moontlike etiologieë met betrekking tot psigopatologie binne gevallestudies te herken, analiseer en 'n korrekte diagnose te maak;
- na die bestudering van die gevallestudies sinvolle en relevante verwysing vir voortgesette of gevorderde intervensie te kan doen; en
- in alle handelinge eties korrek en vanuit 'n gevestigde waardesisteem op te tree.

**Metode van Aflewering:** Voltyds en deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen.

| MODULEKODE: PSYC679 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| TITEL: ETIEK EN PROFESSIONELE GEDRAG | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- 'n uitgebreide en sistematiese kennisbasis en kritiese begrip te demonstreer van die verskillende wette, etiese beginsels en professionele gedragswyses wat die psigologie as professie internasionaal en in Suid-Afrika rig;
- vaardigheid demonstreer om etiese, wetlike en professionele dilemmas in 'n komplekse en werklikheidsgetroue probleem te kan identifiseer en tot 'n aanvaarbare uitkoms te kan kom;
- inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die afhandeling van mondelinge en skriftelike opdragte; en
- 'n duidelike waardestelsel en etiese gedragskode te demonstreer in alle vorme van kommunikasie en gedrag.

**Metode van Aflewering:** Voltyds en deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen.

| MODULEKODE: PSYC681 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: FASILITERING VAN GEMEENSKAPWELSTAND | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- kennis en vaardighede demonstreer om die behoeftes, beperkinge, sterktes en/ of bronne van individue, groepe of gemeenskappe te kan identifiseer, inligting te versamel en om die data wat so verkry word te kan interpreteer en analiseer; en
- na aanleiding van die verkreë data, op eties verantwoordelike wyse, toepaslike intervensie te kan beplan, implementeringsplanne kan voorstel, intervensie kan evalueer en aanpassings maak na aanleiding van terugvoer.

**Metode van Aflewering:** Voltyds en deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen.

| MODULEKODE: PUMA611 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGSMETODOLOGIE** | | |

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- met sistematiese kennis, werkervaring asook samehangende en kritiese begrip die metodologiese grondslae van openbare bestuur in ŉ ontwikkelende Suid-Afrika te verstaan;
- deur kritiese analise, sintese en onafhanklike evaluering ontwikkelende basiese wetenskaplike kennis te demonstreer wat die gebruik bevorder van metodologiese en prosedurele tegnieke in die wetenskaplike implementering van instrumente en tegnieke vir die insameling van data;
- met inagneming van waardesisteme en deur die gebruik van optimale kommunikasie, toepaslike wetenskaplike navorsingsmetodologie en -konvensies, komplekse probleme binne die openbare sektor te kan identifiseer, analiseer en met oplossings te kan kom vir die ontleding en oplossing van sodanige probleme;
- ŉ gevorderde navorsingsverslag te kan opstel;
- basiese sowel as gevorderde elemente van ŉ navorsingsvoorstel te verstaan (bv. vir ŉ mini-verhandeling van die Meestersgraadstudie oor internasionale tendense in die transformasie van plaaslike regering).

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| MODULEKODE: PUMA612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: OPENBARE BESTUUR EN LEIERSKAP** | | |

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- ŉ uitgebreide en sistematiese kennis rakende openbare bestuur te demonstreer en strategiese leierskap binne die konteks van openbare sektorbestuur te verstaan;
- leierskapvaardighede krities te kan ontleed, evalueer en aanbevelings te maak vir die verbetering van strategiese leierskap binne die openbare sektor;
- Individueel of binne groepverband onafhanklik inligting in te samel aangaande openbare bestuur en strategiese leierskap;
- die resultate innoverend en binne ŉ etiese raamwerk te kan kommunikeer.

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| MODULEKODE: PUMA613 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: OPENBARE BELEIDSANALISE** | | |

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- ŉ omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te demonstreer van die aard van beleidsbepaling en -analise in die Suid-Afrikaanse konteks;
- ŉ samehangende en kritiese begrip te toon vir teorieë en beginsels van beleidsbepaling en -analise;
- onafhanklik inligting in te samel, te sintetiseer en te evalueer en daarna die resultate te kommunikeer met professionele insig, interpretasie en oplossing van die beleidsproblematiek;
- die openbare sektor te ontleed en die noodsaaklikheid van beleidsanalise vir verbeterde beleidsbesluite te evalueer.

Metode van aflewering: Deeltyds

| |
|---|
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% |

| **MODULEKODE: PUMA621** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|
| **TITEL: OPENBARE FINANSIËLE BESTUUR** | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• kernverantwoordelikhede te hanteer soos die opstel van 'n begroting, voldoening aan finansiële aanspreeklikheid, effektiewe toepassing van toepaslike wetsvereistes en dit doeltreffend toe te pas;<br>• basiese aspekte oor effektiewe, doeltreffende en ekonomiese voorraad-voorsieningsbestuur, batebestuur en finansiële bestuurstelsels effektief te kan toepas, monitor, evalueer en selfs verbeter. | | |
| Metode van aflewering: Deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |

| **MODULEKODE: PUMA622** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|
| **TITEL: OPENBARE MENSLIKE-HULPBRONBESTUUR** | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• uitgebreide en sistematiese begrip van bestaande teorieë, beginsels en die beste praktyk vir menslike hulpbronne te demonstreer;<br>• menslike-hulpbronpraktyke krities en onafhanklik te ontleed, te evalueer en aanbevelings te maak vir die verbetering van bestaande menslike hulbronpraktyke;<br>• Individueel en/of binne groepverband openbare menslikehulpbroninligting effektief in te samel en onafhanklik, krities en binne 'n etiese raamwerk te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: Deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |

| **MODULEKODE: PUMA623** | **SEMESTER 2** | **NKR-VLAK: 8** |
|---|---|---|
| **TITEL: MUNISIPALE BESTUUR** | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• die omgewing en konteks van dienslewerings van die ontwikkellende plaaslike regering in Suid-Afrika te analiseer;<br>• kern administratiewe-, politieke- en bestuursprosesse en -stelsels in munisipaliteite te evalueer;<br>• kern munisipale beleid, -strategieë, en -programme (soos geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning en dienslewering), te evalueer asook planne vir die implementering van begrotings. | | |
| Metode van aflewering: Deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |

| MODULEKODE: PUMA624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 8 |
|---|---|---|
| **TITEL: OPENBARE PRESTASIE- EN PROJEKBESTUUR** | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ŉ omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van prestasie- en projekbestuur in die Suid-Afrikaanse openbare sektor te toon;<br>• ŉ samehangende en kritiese begrip te demonstreer oor kernbeginsels, modelle en teorieë van prestasie- bestuur en projekbestuur vir die vaardige, doeltreffende en ekonomiese funksionering van openbare sektor instellings;<br>• met professionele insig en interpretasies toepaslike resultate te kommunikeer om sodoende die toepassing van prestasie- en projekbestuur binne die openbare sektor te help verbeter. | | |
| Metode van aflewering: Deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |

| MODULEKODE: RECP671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: GEVORDERDE FINANSIËLE REKENINGKUNDE** | | | |
| Na voltooiing van die module behoort die student:<br>• op grond van omvattende en sistematiese kennis van die vakgebied, die bevoegdheid te demonstreer om gevorderde finansiële state op te stel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Maatskappywet van Suid-Afrika, met inbegrip van gekonsolideerde finansiële state;<br>• standaarde individueel sowel as geïntegreerd tegnies-rekeningkundig te kan ontleed, evalueer en selektief hanteer volgens die aanvraag van die probleem (bv. joernaalinskrywing, grootboek of finansiële state) en teoreties te kan motiveer en bespreek; en<br>• akademiese, professionele en beroepsgerigte inligting effektief mondeling en skriftelik te kan kommunikeer, met bewyslewering van kreatiewe interpretasie en oplossings vir probleme en vraagstukke toepaslik vir die konteks. | | | |

| MODULEKODE: RECP672 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: GEVORDERDE OUDITKUNDE** | | | |
| By voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis weer te gee en toe te pas in gevallestudies ten opsigte van die volgende:<br>• beginsels van Korporatiewe bestuur;<br>• wetgewende en Regulerende korporatiewe bestuur;<br>• die Kode van Korporatiewe Praktyke en King II-verslag;<br>• besigheidsetiek en SAICA se professionele gedragskode;<br>• risikobestuur en interne beheer;<br>• die wetlike en regulerende omgewing waarbinne ouditeure opereer asook hul verantwoordelikhede, funksies en eienskappe;<br>• die ouditproses;<br>• vaardighede in die toepassing van IT in besigheid;<br>• vaardighede in die bestuur van IT; en<br>• vaardighede in die evaluering van IT. | | | |

| MODULEKODE: RECP673 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: GEVORDERDE INKOMSTEBELASTING** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- die Inkomstebelastingwet, regspraak, sowel as praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te kan interpreteer;
- sy/haar vermoë om die normale inkomstebelasting betaalbaar deur die individu te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag-ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid te kan demonstreer;
- gevorderde belastingvrae oor belastingadvies en beplanning oor die hele spektrum van belastingpligtiges en artikels en belastings te kan doen;
- sy/haar vermoë om werknemersbelasting wat van besoldiging afgetrek word sowel as voorlopige belasting betaalbaar op inkomste anders as besoldiging te bereken kan demonstreer;
- te motiveer deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake waarom items belasbaar / aftrekbaar is;
- aan al die wetgewing en vereistes van die aangehegte sillabus van SAICA te kan voldoen; en
- besluite te neem en die teorie van die vakgebied toe te pas op 'n eties-verantwoordbare wyse.

| MODULEKODE: RECP674 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: GEVORDERDE BESTUURSREKENINGKUNDE EN FINANSIËLE BESTUUR** | | | |

**Bestuursrekeningkunde**

Na voltooiing van die module sal die student:

**Algemeen**

- in staat wees om beplanning, kontrole en besluitneming te kan toepas om sodoende verantwoordelik as rentmeester op te tree.
- in staat wees om winsbeplanning en begrotingsbeheer toe te pas in die beplanningsproses sodat beskikbare bronne maksimaal benut kan word, maar ook om in die behoeftes van verbruikers te voorsien.
- kontrole uit te oefen om toe te sien of die doelwitte wat met beplanning daargestel is, bereik is.
- iIngeligte besluit te kan neem deur die bewustelike uitoefening van 'n keuse tussen twee of meer alternatiewe.
- in staat wees om die nodige inligting in ag te neem en te voorsien by die neem van 'n besluit.
- in staat wees om deur metodes, stelsels en tegnieke bruikbare inligting te verkry sodat die doelstellings van besluitneming, beplanning en kontrole bereik kan word.

**Spesifiek**

- begrotings op te stel deur gebruik te maak van beide tradisionele en hedendaagse tegnieke.
- die beginsels van standaardkoste te verduidelik en toe te pas, die berekening van afwykings in verskillende omstandighede en kritiese evaluering van standaardkoste in die lig van hedendaagse kritiek.
- koste in vaste en veranderlike komponente te verdeel en gelykbreekontleding te gebruik om besluite te neem waar daar 'n aantal beperkings is.
- relevante kontantvloei vir besluitneming te bepaal en hierdie beginsels in 'n verskeidenheid situasies toe te pas, insluitende proses/produk lewensvatbaarheid, prysbesluite insluitende die evaluasie van faktore soos korttermyn, bydrae-gebaseerde pryse en langtermyn, opbrengs op beleggingpryse, en leerkurwes.
- sensitiwiteitsontleding te doen om die invloed van risiko op besluitnemingsmodelle te bepaal deur gebruik te maak van winsgewendheidsontleding, verwagte waardetabelle en beslissingsbome, waar toepaslik.
- leerkurwes toe te pas in die vooruitskatting van toekomstige koste, asook die toepassing van die tegnieke van aktiwiteitsgebaseerde bestuur en doelwitkoste.

- geskikte finansiële state voor te berei vir koste-, wins- en investeringsentrumbestuurders, die berekening van toepaslike finansiële prestasie-aanwysers, waardering van die invloed van alternatiewe oordragsprysbeleide en bespreek die gedragsgevolge van bestuursbeheerstelsels, gebaseer op verantwoordelikheidsrekeningkunde desentralisasie en delegering.

**Finansiële Bestuur**

Na voltooiing van die module sal die student:

**Algemeen**

- voldoende kennis en begrip demonstreer ten einde beleggings-, finansierings- en dividend-besluite te kan verstaan in die konteks van die onderneming asook die omgewing.
- die vaardigheid ontwikkel het om aanbevelings te maak om ’n onderneming verantwoordelik te bestuur deur die effektiewe gebruik van finansiële hulpbronne binne die strategiese doelwitte van die onderneming.

**Spesifiek**

- vaardighede demonstreer om toepaslike maatstawwe vir prestasie, risiko en onsekerheid te identifiseer en interpreteer.
- vaardigheid demonstreer om advies te gee rondom komplekse investerings-, finansierings- en dividend-besluite.
- vaardigheid demonstreer om die beginsels van finansiering toe te pas op die waardasie van ’n besigheid en die waardasie van finansiële bates deur die toepaslike waardasietegnieke te gebruik.
- bestuur kan adviseer rakende bedryfskapitaal bestuur, buitelandse valuta en beleggings.
- advies kan gee betreffende veranderinge in eienaarskaptransaksies.
- vaardigheid demonstreer om toepaslike finansieringsinstrumente vir effektiewe minimalisering van risiko te evalueer en aan te beveel.

| MODULEKODE: REIP671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | BELASTING: GEVORDERDE BELASTING EN TRUSTS | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- die inkomstebelastingwet, regspraak sowel as praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te kan interpreteer.
- sy/haar vermoë om die normale inkomstebelasting betaalbaar deur die individu te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van ’n bedryf of besigheid te kan demonstreer.
- sy/haar vermoë om die normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye en trusts te bereken te kan demonstreer.
- sy/haar vermoë om gevorderde gevallestudies met betrekking tot boedelbelasting, skenkingsbelasting, kapitale wins belasting en belasting op toegevoegde waarde te beantwoord, kan demonstreer
- te motiveer deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake waarom items belasbaar / aftrekbaar is.

| MODULEKODE: REKP 671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| TITEL: | FINANSIËLE REKENINGKUNDE: GEVORDERDE INTERNASIONALE FINANSIËLE VERSLAGDOENING STANDAARDE (IFRS) EN GROEPSTATE | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- sy/haar vermoë demonstreer om transaksies en verwante inligting ooreenkomstig relevante Internasionale Verslagdoeningstandaarde te identifiseer en te ontleed.
- sy/haar vermoë demonstreer om beginsels in verband met Internasionale Verslagdoeningstandaarde toe te pas.
- sy/haar vermoë demonstreer om finansiële state op te stel ooreenkomstig Internasionale Verslagdoeningstandaarde.
- Capita Selecta (Insluitende Afgekondigde Standaarde en Interpretasies)

| MODULEKODE: REKP 672 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: PRAKTIESE REKENMEESTERSKAP** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- ten opsigte van bestorwe boedels: ŉ Opsomming van die verskillende huweliksvorme te gee, verskillende scenario's met betrekking tot instestate erfreg kan verduidelik en gevallestudies in die verband kan oplos, vermoë demonstreer om gevallestudies oor die opstel en herroeping van testamente en soorte testamentêre bemakings op te los, die funksies van die meester en die likwidateur te bespreek en verskillende likwidasie- en distribusierekenings kan opstel.
- ten opsigte van insolvente boedels: ŉ Opsomming van die sekwestrasieproses te gee, die algemene pligte van die kurator te kan verduidelik, die reëls met betrekking tot realisering van die verskillende boedelbates te kan verduidelik, die regsposisie van die verskillende kategorieë skuldeisers te bespreek, die berekenings met betrekking tot beswaarde bates, vrye oorskot, distribusie en kontribusie te doen en die verskillende boedelrekenings kan opstel.
- begrip en kennis te demonstreer van korporatiewe beheer in Suid-Afrika.
- begrip te toon vir etiese aangeleenthede en aspekte van die rekeningkundige professie en die Professionele Gedragskode vir rekenmeesters in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die Professionele Gedragsreëls van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Professionele Rekenmeesters (SAIPA).
- Capita Selecta

| MODULEKODE: REKP 673 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: REKENINGKUNDE: FINANSIËLE ANALISE** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- sy/haar kennis te demonstreer van Internasionale Rekeningkundige Standaard (IAS) 24 wat dit ten doel stel om verwante party transaksie te openbaar.
- sy/haar kennis te demonstreer van IAS 28 wat dit ten doel stel om beleggings in geassosieerdes te boek te stel en te openbaar.
- gekonsolideerde finansiële state te kan opstel, insluitende intermaatskappy transaksies, tussentydse verkrygings en verandering in belange.
- sy/haar kennis te demonstreer van Internasionale Rekeningkundige Verslagdoeningstandaard (IFRS) 3 wat dit ten doel stel om besigheidsamevoegings te verantwoord.
- gevallestudies te beantwoord met betrekking tot die verandering in die kapitaalstruktuur van besighede insluitende samesmeltings, oornames, rekonstruksies en likwidasies.
- Capita Selecta

| MODULEKODE: SGVK681 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: TEORIE VAN MEDIESE SOSIOLOGIE** | | | |

Die student behoort in staat te wees om kennis van die teorie van mediese Sosiologie te demonstreer deur aan die hand van die teorie die rol wat sosiale faktore in gesondheidsorg speel te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer; die konsep van holistiese gesondheid met betrekking tot die breër konteks van die sosio-fisiese arena te verstaan; verskillende bepalende modelle van gesondheidsorg met spesifieke verwysing na komplementêre gesondheidsorg te integreer; insig te demonstreer van die komplekse verhouding tussen sosiale faktore en die vlak van gesondheidskarakteristieke van 'n verskeidenheid groepe en gemeenskappe deur die kontrasterende idees omtrent gesondheid en sosialegedrag te verken; medikalisering van die gemeenskap te verdiskonteer; aspekte van algemene en gemeenskapsgesondheid soos aansteeklike en kroniese siektes demografies te verreken, en metateoretiese aspekte soos kousaliteit en holisme en hoe dit verband hou met gesondheidsorg toe te pas in probleemoplossing.

| MODULEKODE: SGVK682 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: NAVORSINGSMETODOLOGIE EN NAVORSINGSPROJEK** | | | |
| Die student behoort in staat te wees om ’n diepgaande insig ten opsigte van wat sosiologiese wetenskaplike metode behels te openbaar; kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes effektief en eties aan te wend; navorsingsmetodes en tegnieke te kan hanteer en dit sinvol aan te wend tot voordeel van die navorsingsproses; literatuur studie te onderneem en inligting kan kommunikeer en gebruik soos van toepassing in die navorsingsprojek en verslag; navorsingsbevindinge te analiseer, sintetiseer, evalueer, interpreteer, in verslagskrywing weer te gee asook voorstelle vir die implementering van die navorsingsbevindinge te doen; om rekenaarvaardigheid te demonstreer asook die vermoë vertoon om die wetenskap en tegnologie effektief, krities en verantwoordelik te gebruik. | | | |
| **MODULEKODE: SGVK683** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL: SOSIOLOGIESE GESONDHEIDSGEDRAG** | | | |
| Die student behoort in staat te wees om begrip te toon vir die verhouding tussen gesonde leefstyle en siekte met spesiale verwysing na die werk van Weber, gesonde leefstyl motivering, gesonde leefstyle in Westerse gemeenskappe en Afrika, dit te kan vergelyk en verduidelik en voorkomende sorg kan toepas in werklikheidsgetroue praktykgerigte gevallestudies. | | | |
| **MODULEKODE: SGVK684** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL: SOSIOLOGIE IN MEDISYNE** | | | |
| Die student behoort in staat te wees om die invloed van modernisasie en siektes op verskillende gemeenskappe met verwysing na die kompleksiteit van epidemiologiese siektes en sosiologies-demografiese tendense verstaan, evalueer en voorstelle vir hantering van probleme kan bied. | | | |
| **MODULEKODE: SGVK 685** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL: ETIEK IN MEDIESE SOSIOLOGIE** | | | |
| Die student behoort in staat te wees om kennis te demonstreer ten opsigte van die algemene aspekte van etiek in Mediese Sosiologie met verwysing na die samelewing, kultuur, pasiënt gesondheidsorg werker en die interaksie in hierdie sisteme; binne die bedryf vaardigheid te demonstreer om effektief en eties te bestuur en navorsing te doen op die terrein van gefokusde kundigheid sodoende ’n effektiewe diens te kan lewer in ’n gemeenskap, ’n kritiese bewussyn te demonstreer in die verslag ten opsigte van besluite en intervensies op ’n gemeenskap asook die sensitiwiteit vir die persoonlike, sosiale en kulturele waardes en norme, die nodige kennis van die toepaslike wette, riglyne en regulasies te verstaan en te handhaaf en te demonstreer in sy/haar verslag. | | | |
| **MODULEKODE: SGVK 686** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL: SOSIOLOGIESE DINAMIKA: IN GESONDHEIDSORGSISTEME** | | | |
| Die student behoort in staat te wees om ’n oorsig te gee van gesondheids-moontlikhede met verwysing na allopatiese en komplementêre sisteme van gesondheidsorg; siektegedrag te evalueer met verwysing tot selfsorg, sosiodemografiese veranderlikes en horisontale en vertikale siektes; goeie gesondheidswerker/dokter-pasiënt interaksie te bewerkstellig met verwysing na modelle van interaksie, kulturele verskille in gemeenskappe, die gebruik van tegnologie en kundigheid tot die professionalisering en sosialisering van die gesondheidswerker/dokter. | | | |
| **MODULEKODE: SGVK 687** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 16** |
| **TITEL: LEWENSTYL ‘COACHING” EN MIV/VIGS** | | | |
| Die student behoort in staat te wees om lewenstyl onderrig toe te pas met verwysing na: pasiënte verantwoordelikheid, etikettering, en stigmatisering; faktore wat mag bydrae tot optimale welstand, soos voeding en dieet, emosionele toestand, oefening en sosiale stres hantering; sosiale kondisionering en kulturele gebruike wat medebepalend vir lewenstyl mag wees. | | | |

| MODULEKODE: SGVK 876 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **GEVORDERDE TEORIE VAN SOSIOLOGIE** | | |

Die student sal in staat wees om kritiese en diepte analisering en evaluering te doen van die rol en bydrae onderskeidelik van allopatiese en komplementerende gesondheidswerkers in 'n veranderende gemeenskap met spesiale verwysing na sosiale kontrole, voorkeur paradigmas, opleidingseenhede, gelykheid in gesondheidsdienste, wetgewing, kulturele kondisionering en regeringsbeleid; krities die gesondheidsorg verskaffingsisteem in Suid-Afrika evalueer met spesiale verwysing na aspekte van historiese ontwikkeling, demografie, sosiale beleid, gesondheidsorg voorsieningspraktyke, gesondheidshervorming, verskaffing van dienste, hospitalisasie en gesondheidsorgkoste asook mediese sisteme en toepaslike aanbevelings maak; krities gesondheidsorg te ontleed en evalueer in ontwikkelde gemeenskappe met verwysing na sosialistiese en gedesentraliseerde nasionale gesondheidsprogramme vanuit 'n mediese sosiologiese perspektief soos in Kanada, Groot Brittanje, Japan, Duitsland en Frankryk en kritiese aanbevelings te kan maak in Suid-Afrikaanse konteks.

| MODULEKODE: SGVK 877 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 32 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **KLINIESE SOSIOLOGIE** | | |

Die student sal in staat wees om aanbevelings te maak oor die hantering van sosiale stres met verwysing na die impak en gevolge daarvan op gesondheid; teorieë oor sosiale stres soos Simbolies Interaksionisme (Thomas en Goffman) en Funksionalisme (Durkheim) te verstaan en te demonstreer vir toepassing in die praktyk; gesondheidsopsies te oorweeg ten einde met stres te kan deel met spesifieke verwysing na Allopatiese, Komplementêre en Alternatiewe Medisyne; die opleiding van Professionele Gesondheidspraktisyns in die Gedragswetenskappe te evalueer en aanbevelings te kan maak in die Suid-Afrikaanse konteks; insig te demonstreer in die verhouding tussen kultuur en gesondheid met spesiale verwysing na kulturele aspekte van gesondheid, die rol en posisie van Allopatiese, Komplementêre en Alternatiewe Gesondheidsisteme en sosiale ongelykheid en gesondheidbeginsels toe te pas ter ondersteuning van probleemoplossing.

| MODULEKODE: SLAD 621 | JAARMODULE | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **STRATEGIESE LEER EN ONTWIKKELING** | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende bemeester het:

- gespesialiseerde kennis van en vaardigheid in resultaatgebaseerde navorsing oor die basiese kognitiewe en affektiewe komponente van akademiese lees, skryf en kritiese denke relevant tot die vakinhoude op alle vlakke van opvoeding, en tot huidige navorsingsdokumentasie, -onderrigpraktyke, -raamwerke en –modelle;
- gespesialiseerde kennis van die veranderlikes wat effektiewe strategiese leer en die ontwikkeling van effektiewe akademiese ondersteuning beïnvloed.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Voltyds / Deeltyds |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 %<br>Skriftelike eksamen 50 % |

| MODULEKODE: SOCL811 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **VOLHOUBARE ONTWIKKELING: TEORETIESE ORIËNTASIE** | | |

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders in staat te wees om:

- die konseptuele raamwerk van die konsep Volhoubare Ontwikkeling te begryp;
- die teoretiese raamwerk met betrekking tot Volhoubare Ontwikkeling te begryp en kritiseer; makro- asook mikro-benaderings sal onder die loep geneem word;
- spesifieke relevante ontwikkelingskwessies in Suid-Afrika te bedink en krities te bespreek;
- 'n spesifieke ontwikkelingskwessie in Suid-Afrika te beskryf, ontleed en aanbevelings daaromtrent te maak deur 'n formele en wetenskaplike opdrag daaroor in te lewer.

| MODULEKODE: SSOL671 | JAARMODULE | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 24 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **VERGELYKENDE LITERATUUR VAN SA EN AFRIKA** | | |
| Die student behoort in staat te wees om onlangse tendense in Afrika en Suid-Afrikaanse literatuur krities te bespreek; ’n werkbare definisie van die term “postkoloniaal” te konstrueer en te motiveer; oor die algemeen kennis dra van die belangrike postkoloniale skrywers; verskeie seminale postkoloniale outeurs in besonder te beskryf en na hulle te verwys; postkoloniale skryfwerk in verband te bring met die Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks; sekere groot stemme in swart Suid-Afrikaanse en Afrika-literatuur uit te ken; krities om te gaan met die vraagstukke oor subjektiwiteit en identiteitsvorming; op gesofistikeerde wyse twee generiese vergestaltings van hierdie vraagstukke te ondersoek; geselekteerde gedigte, romans en outobiografieë te interpreteer vanuit ras-, klas- en geslagsrolperspektief; tot gesubstansieerde gevolgtrekkings te kom rakende die belangrikheid van die benadering en die waarde daarvan vir kontemporêre Suid-Afrikaanse en Afrika-samelewing; en kennis te dra van die betrokke kritiese materiaal in die veld. | | | |
| **MODULEKODE: SSOL672** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** | **KONTEMPORÊRE TENDENSE IN SESOTHO LITERATUUR** | | |
| Die student behoort in staat te wees om die ontwikkelingstendense in Sesotho literatuur uit te ken; die bewegings wat literêre ontwikkeling beïnvloed te verstaan en weer te gee; outeurs te identifiseer en klassifiseer volgens die profiel van hulle bydrae tot Sesotho literatuur; literêre ontwikkeling in verband te bring met sosiale ontwikkeling; ingeligte teoretiese argumente te ontwikkel vir die evaluering van literêre tekste; die implikasies van tipiese sosiale tendense soos geslagsrol, kultuur, ruimte en identiteit te herken; die eienskappe van die onderskeie genres te verstaan en toe te pas in literêre waardering; die literêre koppelvlak tussen tradisionele en moderne literatuur te analiseer, interpreteer en te bespreek. | | | |
| **MODULEKODE: SSOL673** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** | **OORSIG OOR ONTWIKKELINGE IN SESOTHO LITERATUUR** | | |
| Die student moet in staat wees om verskeie aspekte van spesifieke genres in Sesotho literatuur te bespreek, hoofsaaklik gefokus op ’n kombinasie van tradisionele tot moderne drama en mondelinge tot moderne poësie en fiksie Sesotho. Die student moet verder in staat wees om ontwikkelinge in hierdie genres vanaf hulle tradisionele wortels tot hulle huidige manifestasies te bespreek. | | | |
| **MODULEKODE: SSOL674** | **JAARMODULE** | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 24** |
| **TITEL:** | **SESOTHO TAALKUNDE** | | |
| Die student behoort ’n soliede kennis van verskeie taalkundige aspekte van Sesotho te hê, insluitende kennis van die velde van morfologie, sintaksis, semantiek, pragmatiek en fonologie. Die student behoort ook bekend te wees met algemene taalteorieë en die toepassing daarvan, spesifiek op die gebied van sosiolinguistiek, diskoersanalise en psigolinguistiek. | | | |
| **MODULEKODE: SSOL679** | | **NKR-VLAK: 7** | **KREDIETE: 32** |
| **TITEL:** | **SKRIPSIE** | | |
| Die student behoort in staat te wees om aan te dui dat hy/sy hom-/haarself vergewis het van die mees onlangse ontwikkelings rakende sekere aspekte van navorsing; op hoogte wees van die belangrikste wetenskaplike teorieë en metodologieë en in staat wees om hulle te beoordeel en toe te pas ’n substansiële stuk onafhanklike navorsing. | | | |

| MODULEKODE: STTN111 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: |
|---|---|---|---|
| **TITEL: BESKRYWENDE STATISTIEK** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- fundamentele kennis te demonstreer van die belangrikste statistiese tegnieke waaronder: steekproeftrekking, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinstekwadrate-lynpassing, voorspelling van kleinstekwadrate, korrelasiekoëffisiënte, meervoudige lineêre regressie en die toepassing daarvan vir voorspelling, tydreeksdata, asook kennis demonstreer van bewegingskomponente om uitkomste te voorspel en praktiese oorwegings in ag te neem vir steekproeftrekking en steekproef-grootte;
- probleem-oplossingsvaardighede by bekende en onbekende probleme te demonstreer deur gebruikmaking van steekproewe, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinstekwadrate-lynpassing, voorspelling van kleinstekwadrate, korrelasiekoëffisiënte, meervoudige lineêre regressie en die toepassing daarvan vir voorspelling van tydreeksdata; en
- in staat is om van verskillende metodes en tegnieke waaronder steekproeftrekking en beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding krities te vergelyk in onbekende realiteits-gebonde situasies.

**Metode van Aflewering:** Voltyds en deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen.

| MODULEKODE: STTN124 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: |
|---|---|---|---|
| **TITEL: PRAKTIESE STATISTIEK** | | | |

Na voltooiing van die module behoort die student:

- kennis en praktiese toepassing van die volgende te demonstreer:
  - korrelasie en die interpretasie daarvan, kleinstekwadrate-lynpassing, passing van 'n regressiefunksie, voorspelling m.b.v. regressiefunksie, meervoudige liniêre regressie en seleksie van voorspellers;
  - faktorontleding en die ontleding van die resultate van faktorontleding, interpretasie van faktormatrikse en konstrukgeldigheid;
  - faktorontleding en die ontleding van die resultate van faktorontleding, interpretasie van faktormatrikse en konstrukgeldigheid;
  - hipotese-toetsing, berekening van waarskynlikheid, sentrale limietstelling, beduidendheid en p-waardes;
  - eenrigting ANOVA toetsing en die interpretasie van resultate daarmee verkry;
  - die praktiese betekenisvolheid van effekgroottes van verskille in die gemiddeldes van twee populasies;
  - kategoriese dataontleding gebaseer op gebeurlikheidstabelle, chi-kwadraat passingstoetse en onafhanklike toetse; en
  - verdelingsmetodes, parametriese en nie- parametriese inferensiële metodes;
- die praktiese identifisering van statistiese konsepte in praktyk en om die toepaslike statistiese metodes toe te pas om data te kan opsom, te verstaan en te analiseer deur gebruikmaking van rekenaarsagteware vir statistiek.

**Metode van Aflewering:** Voltyds en deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen.

| MODULEKODE: TAXF671 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: GEVORDERDE BELASTING** | | | |

Na voltooiing van die module sal die student:

- In staat wees om die betrokke Inkomstebelastingwet, hofbeslissings en praktyknotas uitgereik deur die Suid Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer.
- Kennis hê van die definisies van bruto inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste van individue, boere, vennootskappe, maatskappye en trusts.
- In staat wees om die belasting betaalbaar deur individue, boere, vennote, maatskappye en trusts te bereken, bereken skenkingsbelasting en boedelbelasting betaalbaar;
- In staat wees om die Belasting op Toegevoegde Waarde Wet (BTW) te interpreteer en BTW te bereken;
- In staat wees om die bylaag oor Kapitale Wins Belasting (KWB) te interpreteer en KWB betaalbaar te bereken;
- In staat wees om belastingadvies te gee rakende belastingaangeleenthede

| MODULEKODE: TLAS 612 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ONDERRIG, LEER EN ASSESSERING** | | | |

Na voltooiing van die module behoort studente te beskik oor:

- gespesialiseerde kennis van en uitnemendheid in onderrig- en leerteorieë ter sake by die Suid-Afrikaanse en Internasionale onderrig- en leerkonteks;
- ŉ fundamentele begrip van die teoretiese grondslae van assessering en hoe dit verband hou met en impakteer op gesonde assesseringspraktyke;
- die kennis en vaardighede om suksesvolle klaskamerassessering te beplan en te implementeer.

**Metode van Aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: TSCU 621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: DIE SKOOLKURRIKULUM** | | | |

Na voltooiing van die module behoort studente behoort die student toegerus te wees:

- met ŉ sistematiese en in-diepte kennis van die skoolkurrikulum;
- om die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel in die algemeen en die skoolkurrikulum in die besonder krities te ontleed;
- met die vaardighede om teorie en praktyk in die klaskamersituasie te kan verbind;
- om `ŉ begrip van UGO en die relevansie daarvan in die skoolkurrikulum te kan demonstreer.

**Metode van Aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: VGLO621 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 7 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ONDERWYSSTELSELS: STRUKTUUR EN FUNKSIES** | | | |

Na voltooiing van hierdie module, demonstreer studente dat hulle die volgende verwerf het: begrip van die oorsprong, ontwikkeling, aard en doel van Vergelykende Opvoedkunde; die vermoë om verskillende onderwysstelsels ooreenkomstig kruis-nasionale oorwegings te vergelyk; die vermoë om ’n opvoedkundige kwessie vanuit ’n vergelykende perspektief te belig.

| MODULEKODE: VGLO 622 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: MODERNE OPVOEDKUNDESISTEME**

Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:

- die vermoë om spesifieke kenmerke en sosiale strukture met betrekking tot onderwys in die konteks van interne en eksterne determinante te beskryf, vergelyk en verklaar, met die doelstelling om die struktuur van nasionale en internasionale onderwysstelsels te begryp
- die vermoë om die individualiteit en universaliteit van onderwysstelsels te kan analiseer, ten einde in die behoeftes van teikenbevolkings te voorsien, en om die noodsaak van die skep van `'n harmonieuse skoolomgewing te begryp
- die vermoë om kennis, vaardighede en houdings toe te pas ten opsigte van die struktuur en organisasie van nasionale en internasionale onderwysstelsels, ten einde die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te kan evalueer.

**Metode van Aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: VGLO 623 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: HEDENDAAGSE ONDERRIGKWESSIES: VERGELYKENDE PERSPEKTIEWE**

Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:

- Die vermoë om beleidsontwikkeling in ontwikkelende lande te begryp
- Die vermoë om oordele te vorm oor onderwysbeleidskwessies, en om die impak van onderwysbeleid op onderwysbeplanning te kan evalueer
- Die vermoë om verskillende teorieë oor onderwysbeplanning te begryp, sowel as die vermoë om die teorieë toe te pas as onderwysbeplanners
- Die vermoë om onderwysprobleme in ontwikkelende lande te kan identifiseer en te analiseer
- Die vermoë om onderwyskwessies vanuit `'n vergelykende perspektief te kan analiseer.

**Metode van Aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

| MODULEKODE: VGLO 624 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: (7)8 | KREDIETE: 16 |
|---|---|---|---|

**TITEL: ONDERWYSSTELSELS: STRUKTUUR EN FUNKSIES**

Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:

- `'n begrip van die oorsprong, ontwikkeling, aard en doelstellings van Vergelykende Opvoedkunde
- die vermoë om verskillende onderwysstelsels met mekaar te kan vergelyk
- die vermoë om 'n onderwyskwessie vanuit `'n vergelykende perspektief te belig

**Metode van Aflewering:** Voltyds / Deeltyds
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Skriftelike eksamen 50 %

## V.15 MODULE-UITKOMSTE VAN DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT

| MODULEKODE: ACCD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: REKENINGKUNDEMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- in die konteks van nagraadse studie oor ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis te beskik ten opsigte van lesbeplanning, leerderprogramontwikkeling, onderrig hulpmiddels en onderrigbestuur van die vakmetodiek van Rekeningkunde;
- ŉ ingeligte begrip te demonstreer van die sleutelterme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë aangaande die aanbieding van Rekeningkunde met verwysing na die Nasionale Kurrikulum;
- inligting in te samel, te organiseer, krities te analiseer en te interpreteer, en inligting samehangend en betroubaar te kan kommunikeer, individueel en in groepsverband; en
- inligting te selekteer en die nodige aanbiedingsvaardighede te ontwikkel deur gepaste tegnologie aan te wend in ooreenstemming met Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP).

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: ADSD521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: AANVULLENDE METODIEK: KREATIWITEIT VIR OPVOEDERS** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van kreatiewe onderwys te beskik;
- 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot kreatiewe onderwysers, leerders en die klaskamer, kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in die verband;
- oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied;
- samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband; en
- die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om enige vak effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes op 'n kreatiewe wyse binne die raamwerk van Uitkomsgebaseerde Onderwys aan te bied.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: AFRD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: AFRIKAANSMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- leermateriaal en geïntegreerde leerderaktiwiteite te kan saamstel om huistaal- en addisioneletaal leerders te begelei in die bereiking van gestelde leeruitkomste;
- om gepaste assesseringsvorme, deur middel waarvan leerders in graad 7-12 se voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word, te kan implementeer;
- verworwe kennis oor die interpretasie en implementering van die NKV te kan gebruik om geïntegreerde lesse saam te stel; en
- om die voorskrifte van relevante departementele dokumente in breë trekke in ag te neem by die uitvoering van portefeulje-opdragte oor verskillende fasette van die onderrig van Afrikaans.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: AFRD521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **AFRIKAANSMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- met insig en in fyner besonderhede uitvoering te gee aan die voorskrifte van relevante departementele dokumente wanneer geïntegreerde lesse vir leerders in die Senior Fase saamgestel word én wanneer verslag gedoen word van leerdervordering;
- departementele voorskrifte ten opsigte van die samestelling van werkskedules, assesseringsprogramme en lesbeplanning vir die onderrig van Afrikaans aan leerders in Gr. 7-12 te kan uitvoer; en
- verskillende handboeke en ander soorte leermateriaal te kan beoordeel ten opsigte van die geskiktheid daarvan vir bepaalde leerdergroepe en bepaalde onderrigsituasies.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: BSTD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **BESIGHEIDSTUDIESMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- oor ŉ volledige, in-diepte en sistematiese kennisbasis te beskik van die Nasionale Kurrikulum verklaring soos van toepassing op Besigheidstudies in die VOO Fase, onderwyserportefeuljes, leerderprogramme en assessering;
- temas te kan identifiseer wat relevant is tot die Nasionale Kurrikulum verklaring soos van toepassing op Besigheidstudies in die VOO Fase en aktiwiteite te kan beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls te ondersteun;
- onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband te kan aanwend deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede effektief te kan aanwend om inligting in te samel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer;
- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten einde lesse te beplan en aan te bied in Besigheidstudies deur gebruik te maak van gepaste tegnologie, onbekende en abstrakte inligting, grafieke, teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede om inligting te versamel, organiseer, krities te evalueer en te interpreteer en bewys te lewer van teoretiese onderstutting; en
- didaktiese aspekte van Besigheidstudies effektief aan leerders in die klaskamer te kommunikeer op ŉ etiese, samehangende en betroubare wyse deur gebruik te maak van individuele -en groepsmetodes.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: CATD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIEMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- uitgebreide en sistematiese kennis te kan demonstreer van toepaslike beleidsdokument van Rekenaartoepassingstegnologie in die VOO-fase;
- grondige praktiese vaardighede te kan demonstreer tydens die beplanning, aanbieding en assessering van teoretiese sowel as praktiese RTT-lesse;
- die vermoë om uitkomsgebaseerde RTT-onderrig en -leer in die VOO-fase te kan demonstreer; en
- die etiese gebruik van verskillende RTT-studiemateriaal te kan demonstreer en evalueer.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: COMF511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| TITEL: REKENAARS IN DIE ONDERWYS | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- grondige kennis van e-Leer asook die e-Education beleid te demonstreer;
- kennis en vaardighede ten opsigte van ITK integrasie in skole te demonstreer;
- ŉ rekenaargeïntegreerde les te beplan, ontwerp en aan te bied; en
- etiese en morele aspekte ten opsigte van die gebruik van ITK in skole krities te evalueer.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: ECOD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| TITEL: EKONOMIE METODIEK | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- in die konteks van nagraadse onderwysstudie oor ŉ omvattende en sistematiese kennisbasis van die Nasionale Kurrikulum Verklaring en ander verwante departementele beleidsdokumente vir graad 10 – 12 te beskik en te kan toepas en ŉ ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot klaskamerbestuur, kreatiewe onderwysers en aktiewe leer in die ekonomie-klaskamer;
- kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in verband met klaskameradministrasie, -organisasie en rekordhouding te kan doen;
- oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting rakende die assessering van ekonomie-onderrig en die beplanning en voorbereiding van ŉ ekonomie les effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede en samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband; en
- die kennis en vaardighede wat hy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om die vak Ekonomie effektief en volgens die norme en waardes soos deur die Onderwys departement voorgeskryf aan graad 10 – 12 leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwys benadering te kan aanbied.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: EDCC511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| TITEL: OPVOEDKUNDETEORIE | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- ŉ breëbasisbegrip van die verskeidenheid opvoedkundeteorieë, idees en konsepte wat die huidige sosiale wetenskap- en opvoedkundige landskap kenmerk, op te doen;
- as toekomstige professionele opvoeders in verskillende kontekste (skole, klinieke, kolleges, universiteite, semi-staatsinstellings, nie-regeringsinstellings, ontwikkelingsorganisasies en regeringsinstellings) – ŉ minimumvlak van bekwaamheid met betrekking tot die toepassing van die belangrikste opvoedkundeteorieë, idees en konsepte binne hulle (toekomstige) opvoedkundige praktyke sal ontwikkel; en
- die vermoë te ontwikkel om hulle eie teoreties konseptuele begrypings op hulle uitvoering van basiese onderwysgerigte navorsing toe te pas en om hulle eie teoretiese insigte op grond van die resultate van empiriese navorsing te verruim.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: EDCC512 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ASSESSERING** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- begrip en toepassing van die teoretiese begronding van uitkomsgebaseerde assessering te demonstreer;
- begrip en toepassing van geïntegreerde assessering te demonstreer;
- begrip en toepassing van inklusiwiteit binne hoofstroomonderwys en die gewone klaskamer te demonstreer;
- die vermoë om te beplan vir onderrig, leer en assessering binne UGO te demonstreer;
- oor die vermoë om Uitkomsgebaseerde assessering uit te voer;
- oor begrip en toepassing beskik van rekordering, rekordhouding en rapportering in 'n UGO benadering; en
- begrip en toepassing van kwaliteitversekering van assessering te kan demonstreer.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
Portefeulje assessering 50 %

| MODULEKODE: EDCC513 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: PROFESSIONELE STUDIES** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- fundamentele kennis ten opsigte van die teoretiese begronding en beginsels van ŉ uitkomsgebaseerde kurrikulum te kan demonstreer;
- komponente van ŉ uitkomsgebaseerde kurrikulum te identifiseer en te verduidelik;
- die Nasionale kurrikulumverklarings en ander relevante beleide te interpreteer;
- ŉ leerprogram, ŉ werkskedule en ŉ les te ontwerp deur gebruik te maak van UGO beginsels;
- fundamentele kennis en vaardighede te demonstreer in die seleksie, beplanning en implementering van die direkte en indirekte onderrigstrategieë en die toepassing van relevante onderrigmetodes en vaardighede;
- professionele portefeuljes te onwikkel en te bestuur; en
- toepaslike kennis, vaardighede en houdings te kan toepas in praktiese onderwys.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: EDCC521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- fundamentele kennis van die teoretiese begronding van opvoedkundige en gemeenskapsielkunde asook die ekosistemiese perspektief te demonstreer;
- op te tree as ŉ agent vir verandering deur die teoretiese begronding van opvoedkundige en gemeenskapsielkunde asook die ekosistemiese perspektief te integreer in hul onderwyspraktyk;
- goed-geronde (fundamentele en in-diepte) kennis van gesondheidsbevordering in diverse onderwyskontekste te demonstreer;
- fundamentele kennis van Inklusiewe Onderwys te demonstreer en om hierdie kennis so te integreer om omgewings te skep wat alle leerders waardeer; en
- die leerder te verstaan as ŉ ontwikkelende persoon in terme van die ekosistemiese perspektief en krities te reflekteer op interpersoonlike dinamika in die onderwysopset.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: EDCC522 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ONDERWYSREG, -STELSELS EN -BESTUUR** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- by te dra tot kwaliteit onderwys in 'n diverse gemeenskap;
- oor 'n diepe kennis te beskik en begrip van die aard en doelwitte van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel; die vermoë om binne die onderwysstelsel te funksioneer tot die voordeel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en om by te dra tot vind van oplossings vir uitdagings;
- die vermoë om onderwysbestuur teorie en praktyk te integreer om professionele klaskamerbestuursvaardighede te ontwikkel in 'n diverse en veranderende nasionale en internasionale konteks;
- kennis en begrip van onderwysreg beginsels, en die vermoë om wetgewing en beleid korrek te implementeer en toe te pas om 'n verantwoordelike, onafhanklike en bydraende lid van die professionele onderwys-gemeenskap te word; en
- die vermoë om eksterne invloede op die onderwysstelsel en die klaskamer te assesseer om kritiese, kreatiewe en reflektiewe probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel binne die konteks van die onderwys asook die gemeenskap.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: EDCC523 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: PROFESSIONELE STUDIES** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- teoretiese kennis, praktiese vaardighede en die vereiste gesindheid ten opsigte van praktiese onderwys te openbaar;
- kennis en insig aangaande die etiese aspekte van onderwys as 'n professie en die SARO gedragskode te demonstreer;
- kennis en begrip van die kompleksiteit van klaskamerdissipline te demonstreer; en
- onderrigleermateriaal (media) vir die onderrig-leersituasie te identifiseer, te maak, integreer en evalueer.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %
**Slaagvereiste:** Deelnamepunt 30 %
* Praktiese onderwys 40 %
Teoretiese eksamen 30 %

* Dit is 'n voorvereiste dat 'n student aan al die vereistes moet voldoen om praktiese onderwys te slaag.

| MODULE CODE: ENGD511 | SEMESTER 1 | NQF-LEVEL: 6 | CREDITS: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: ENGLISH METHODOLOGY** | | | |

After completion of this module the student should be able to:

- apply OBE principles (outcome of the generic module EDCC512) in the different phases at school level for teaching English and to interpret learning outcomes for the outcomes of each phase; demonstrate systematic and comprehensive skills in the planning and execution of English lessons, integration with other learning areas and interpretation of the NCS;
- demonstrate sophisticated competence as educator and in the selection of appropriate learning material and teaching strategies for all phases; and
- demonstrate refined and cultivated values regarding the English language teaching profession, and showing responsibility towards learners and the community.

**Mode of Delivery:** Contact
**Assessment Mode:** Continuous assessment 50 %
1x3 hour written examination 50 %

| MODULE CODE: ENGD521 | SEMESTER 2 | NQF-LEVEL: 6 | CREDITS: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **ENGLISH METHODOLOGY** | | |

After completion of this module the student should be able to:

- demonstrate comprehensive knowledge of principles regarding the planning of lessons for teaching of English First Additional Language for Senior and FET Phases;
- demonstrate systematic and comprehensive skills in the planning and execution of English lessons and learning programmes; integration of other subjects; interpretation of the NCS with regard to the learning outcomes and assessment standards set per grade in the Senior and FET Phases;
- demonstrate sophisticated competence as educator and in the selection of appropriate learning material and teaching strategies for Senior and FET Phases; and
- demonstrate refined and cultivated values regarding the English language teaching profession and show responsibility towards learners and the community.

**Mode of Delivery:** Contact
**Assessment Mode:** Continuous assessment 50 %
1x3 hour written examination 50 %

| MODULEKODE: GEOD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **GEOGRAFIEMETODIEK** | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik om spesifieke vaardighede geïntegreerd toe te pas om ‘n Geografie-leerervaring kreatief te ontwerp en effektief te implementeer;
- die teorie en praktiese komponente te integreer met spesifieke verwysing na kurrikulumontwikkeling en ook as ’n kurrikulumbeplanner op te tree;
- tussen die verskillende onderrig- en leerstyle, beskikbare onderwysstrategieë, -metodes en –tegnieke te onderskei en te evalueer watter die effektiefste keuses vir spesifieke leerinhoude in Geografie is en dit daarna op kreatiewe, logiese en sistematiese wyse in die praktyk implementeer;
- oor deeglike en sistematiese kennis te beskik om geïntegreerde kritiese vaardighede toe te pas om te verseker dat die korrekte summatiewe en formatiewe aaneenlopende assesseringsmetodes, -tegnieke, toetsing en eksaminering van Geografie-kennis korrek geïmplementeer word; en
- die effektiewe bestuur en organisering van ’n Geografie-klaskamer, asook die bestuur en evaluering van ’n Geografie-departement en personeel te analiseer en te implementeer.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: HISD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **GESKIEDENISMETODIEK** | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- ŉ uitgebreide en sistematiese kennis van die Geskiedenis metodiek te demonstreer binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring;
- uitgebreide vaardighede te demonstreer in die analisering en sintetisering van bronne; die beplanning, ontwerp en implementering van verskillende assesseringstrategieë; die opstel van toetse, eksamenvraestelle en memorandums sowel as jaarbeplanning (leerprogramme en werkskedules);
- die bevoegdheid te demonstreer om bronne te analiseer en te sintetiseer en prakties te beplan; die ontwerp en implementering van verskillende assesseringstrategieë; die opstel van toetse, eksamenvraestelle en memorandums sowel as jaarbeplanning (leerprogramme en werkskedules); en
- waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie..

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: INTD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| TITEL: INLIGTINGSTEGNOLOGIEMETODIEK | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- uitgebreide en sistematiese kennis te demonstreer van departementele beleidsdokumente rakende Inligtingstegnologie in die VOO-fase, leerprogramme en werkskedules in toepaslike leerkontekste, ŉ verskeidenheid assesseringstegnieke, -metodes en -instrumente wat in Inligtingstegnologie toepaslik is, sowel as leermateriaal vir Inligtingstegnologie en die organisasie en administrasie van die rekenaarsentrum;
- grondige vaardighede te demonstreer in die analise, interpretasie en toepassing van departementele dokumentasie rakende Inligtingstegnologie, die beplanning, aanbieding en evaluering van beide teoretiese en praktiese lesse en die beplanning, implementering en evaluering van die beginsels van assessering in Inligtingstegnologie;
- die vermoë te demonstreer om leerkontekste en leerprogramme te implementeer en toe te pas ten einde betekenisvolle leer in Inligtingstegnologie moontlik te maak en toepaslike leeraktiwiteite te ontwikkel om leerders se bereiking van spesifieke assesseringstandaarde te meet; en
- die vermoë te demonstreer om die profiel van die ideale Inligtingstegnologie-fasiliteerder te evalueer en te debatteer.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: LAAD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| TITEL: LEERAREA KUNS EN KULTUURMETODIEK | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- ŉ omvattende en sistematiese kennis te kan demonstreer van die onderrig van Afrika-kunste, didaktiese beginsels, soos om lesse, werkskedules en ŉ leerprogram in die leerarea Kuns en Kultuur te kan beplan, oor kunste-onderrigmetodes en assessering in die kunste te kan debatteer en jou eie voorkeur te kan motiveer;
- onafhanklik die waarde van spel in die Leerarea Kuns en Kultuur te kan evalueer en musiek- dans-, drama- en visuele kunsspeletjies te kan fasiliteer;
- bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer, ontleed en deur praktiese onderrigvaardighede tydens mikro-lesse en praktiese onderwys in die Leerarea Kuns en Kultuur te kan toepas; en
- alle opinies vanuit jou goed gevestigde lewens- en wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl jy Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur tydens mikro-lesse en praktiese onderwys aanbied en jy moet bewus wees van die sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in ŉ sekere konteks.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: LAAD521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **LEERAREA KUNS EN KULTUURMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- bewys te kan lewer van ŉ uitgebreide en sistematiese kennisbasis en ŉ samehangende en kritiese begrip van onderrig in geïntegreerde Kunste; multikulturele Kunste en inklusiewe Kunste;
- verskillende modelle waarvolgens die Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur in die Senior Fase geïntegreer kan word, krities te kan ontleed en sintetiseer en onafhanklik te kan evalueer;
- bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer en ontleed en dit te kan hanteer deur genres toe te pas wat inherent geïntegreer is, soos teater- en musikale storievertelling; en
- alle menings vanuit u eie goed gevestigde wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl u inklusiewekunste-onderwys in die Leerarea Kuns en Kultuur tydens mikro-lesse en praktiese onderwys toepas, en bewus te kan wees van sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in ŉ bepaalde konteks.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: LABD521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **LEERAREA EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPEMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- in-diepte kennis en begrip van die Nasionale Kurrikulumverklaring van toepassing op die leerarea Ekonomiese en Bestuurwetenskappe in die senior fase te demonstreer ten opsigte van sleutelterme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband;
- om relevante temas te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat die samehorige verstaan van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun;
- bekende en abstrakte inligting te gebruik, asook die gebruik van grafieke en teoriegedrewe argumente en rekenaarvaardighede om inligting in te samel, te organiseer, krities te analiseer en te interpreteer; probleemoplossingsvermoëns te demonstreer tydens die beplanning en aanbieding van lesse in EBW;
- EBW eties, samehorig en betroubaar aan die studente in die klaskamer op ’n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes; en
- ’n les te beplan, voor te berei en aan te bied aan die hand van die leeruitkomste en assesseringstandaarde soos vervat in die Nasionale Kurrikulum verklaring vir die seniorfase.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: LAND521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** **LEERAREA NATUURWETENSKAPPEMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- ŉ omvattende en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskaplike onderrig te demonstreer: Die aard en struktuur van Natuurwetenskap, Uitkomste in Natuurwetenskap en die Lesplan in Natuurwetenskap;
- sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat ŉ omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun;
- probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels; en
- ŉ waardering vir die bydrae wat inheemse kennissisteme speel in opvoedkundige kwessies rakende bogenoemde inhoud en ŉ eties-professionele houding en gedrag as fasiliteerder jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: LIFD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|

**TITEL: LEWENSWETENSKAPPEMETODIEK**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- ŉ omvattende en sistematiese kennis van die volgende: Ontwerp van leerderprogramme (vakraamwerk, werkskedule en lesplan); gepaste Assesseringsinstrumente in Lewenswetenskappe te ontwerp; Laboratoriumtegnieke toe te pas; Omgewingsopvoeding met Lewenswetenskappe inhoud te integreer;
- probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los asook om aktiwiteite te beplan wat ŉ omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun;
- probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; en
- ŉ waardering te demonstreer vir die eties-professionele vereistes en verantwoordelikhede wat daar gestel word aan ŉ Lewenswetenskappe-onderwyser.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: LIFF521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|

**TITEL: LEWENSVAARDIGHEDE**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- fundamentele kennis oor sake wat verband hou met diversiteit, MIV/Vigs, waardes en omgewingsopvoeding te demonstreer;
- begrip van toepaslike vaardighede, houdings en waardes te demonstreer om by te dra tot die skep van 'n gesonde omgewing; en
- MIV/Vigs, diversiteit, waardes en omgewingsopvoeding in die klaskamer te integreer.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: LLOD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|

**TITEL: LEERAREA LEWENSORIËNTERINGMETODIEK**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- ŉ allesomvattende en sistematiese kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels, teorieë, metodes en strategieë met betrekking tot die aanbieding van die vier fokusareas van Lewensoriëntering in die VOO-fase, te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë, teks, metodes en strategieë met betrekking tot die aanbieding van Lewensoriëntering in die VOO-fase, te interpreteer, verander, evalueer en toe te pas;
- die vermoë te demonstreer om onbekende, konkrete en abstrakte probleme met betrekking tot die beplanning en implementering van Lewensoriëntering leerprogramme vir die VOO-fase op te los, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede en bewys te lewer van die teoretiese begronding; en
- eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorms van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot die beplanning en aanbieding van Lewensoriëntering in die VOO-fase.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: LLOD521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: LEERAREA LEWENSORIËNTERINGMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die uitkomste vir die Senior Fase op so ŉ wyse toe te pas dat dit leerder-gesentreerde en aktiwiteitgebaseerde leeraktiwiteite sal aanmoedig en ook die kritiese sowel as die spesifieke uitkomste vir die graad/grade waarvoor opgelei word sal kan identifiseer en die rasionaal daarvan kan motiveer;
- selfkennis en beroepskennis te kan motiveer in die Senior Fase as die twee belangrikste komponente in beroepsbeplanning, die proses aandui oor hoe inligting oor werk bekom word en deur middel van vraelyste en selfhelpinstrumente hierdie aspekte by leerders kan evalueer;
- gesondheidsontwikkeling en persoonlike welstand te kan toepas en inoefen in die Senior Fase sodat dit leerdergesentreerde en gepaardgaande aktiwiteit in die klaskamersituasie aangemoedig kan word;
- inklusiewe onderrig te kan evalueer aan die hand van persoonlikheidseienskappe en persoonlike ontwikkelingsaspekte; en
- fisieke ontwikkeling en Bewegingsopvoeding in die Senior Fase te kan toepas en inoefen sodat dit leerdergesentreerde en gepaardgaande aktiwiteite in die klaskamersituasie kan aangemoedig.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: MATD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: WISKUNDEMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- begripsomvattende kennis, insig en vaardighede te demonstreer ten opsigte van
  - die leer en onderrig van wiskunde wêreldwyd.
  - assessering van en vir die leer van wiskunde.
  - die effektiewe gebruik van tegnologie in die onderrig en leer van skoolwiskunde.
  - die waarde van wiskunde in die werklike lewe.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: MATD5121 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: WISKUNDEMETODIEK** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- konseptuele en pedagogiese kennis, insig en vaardighede toe te pas ten opsigte van
  - die inhoud en struktuur van die wiskundekurrikulum van toepassing op die seniorfase en die VOO-band
  - die implementering van wiskundige geletterdheid as ŉ verpligte vak in die VOO-band
  - die effektiewe onderrig van wiskunde in veeltalige klaskamers
  - die waarde van wiskunde in die werklike lewe.

**Metode van Aflewering:** Kontak
**Assesseringsmetodes:** Deurlopende assessering 50 %
1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 %

| MODULEKODE: PHSD511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **FISIESE WETENSKAPPEMETODIEK** | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die kennis en vaardighede te toon wat hulle verkry het met betrekking tot:
  - integrasie van pedagogiese en Fisiese Wetenskaplike kennisinhoude
  - progressie van kennis en prosesvaardighede van Fisiese Wetenskap van graad 7 tot 12
  - aard van wetenskap en verhoudings tussen wetenskap, tegnologie, die gemeenskap en die omgewing.
  - leerteorieë en onderrigstrategieë soos toegepas in Fisiese Wetenskap
  - assesseringsmodelle in Fisiese Wetenskap
  - laboratoriumbestuur

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 %<br>1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: SEMD511 | SEMESETARA 1 | TEKANYO YA NQF: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **SETSWANA METHODOLOGY (MOTHER TONGUE)** | | |

Kwa bkohutlong jwa mojulu o, tshwanets go:

- go supetsa mekgwa ya go ruta le go ithuta puo ya Seaforika jaaka leleme la ntlha mo phaposiboruetlong;
- go supetsa kitso e e lotaganeng e e rulaganeng ya diteori tsa go ruta thutapuo le thutaditlhwangwa ka tiriso ya mekgwa ya OBE le PKB mo mephatong ya 4-6; 7-9; kgotsa 10-12;
- go supetsa bokgoni jwa go ruta thutapuo ka tiriso ya thutaditlhangwa tsa Setswana;
- go supetsa kitso e e lotaganeng ya ditokomane tsa Lefapha la Thuto bogolosegolo tse di maleba le dithuto tsa Puo;
- go supetsa go tlhaloganya tiro le tiriso ya maemo a tekanyetso mo phaposiborutelong ya Dipuo;
- go puo, jwa go akanya le go neela mabaka;
- go rulaganya maitemogelo a thuto le go a diragatsa.

| | |
|---|---|
| **Mokgwa Wa Go Ruta:** | Kontak |
| **Mekgwa Ya Go Tlhatlhoba:** | Tlhatlhobo e e tswelelang 50 %<br>Diura tsa tlhatlhobo e e kwadiwang 1x2 ke 50 % |

| MODULEKODE: SEMD521 | SEMESETARA 2 | TEKANYO YA NQF: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL:** | **SETSWANA METHODOLOGY (MOTHER TONGUE)** | | |

Kwa bkohutlong jwa mojulu o, tshwanets go:

- go tlhama ditiragatso tsa go ithuta go nonofisa bokgoni jwa puo mo dikgatong tse di farologaneng;
- go supetsa kitso e e lotaganeng e e rulaganeng le go bopa lenaanethuto le sejulu ya tiro ya thuto ya Setswana ya mephato e e farologaneng;
- go supetsa le go tlhalosa mekgwa e e farologaneng e e maleba ya tekanyetso ya thuto ya Puo;
- go tlhama le go tshola direkoto tsa tekanyetso;
- go go sekaseka le go anaanela ditokomane tsa Lefapha la thuto tse di maleba le thuto ya Dipuo;
- go supetsa go tlhaloganya dikarolo tse supa tsa morutabana, bogolosegolo yo o rutang Dipuo.

| | |
|---|---|
| **Mokgwa Wa Go Ruta:** | Kontak |
| **Mekgwa Ya Go Tlhatlhoba:** | Tlhatlhobo e e tswelelang 50 %<br>Diura tsa tlhatlhobo e e kwadiwang 1x2 ke 50 % |

| MODULEKODE: SEND511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: SETSWANAMETODIEK (NIE-MOEDERTAAL)** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis te dra van die leerarea tale en bewus wees van die doelstellings, kenmerke en omvang daarvan.
- benaderings in die onderrig van Afrikatale te ken en kennis dra van die regte benadering wat gevolg word in die onderrig van Setswana; bewys lewer van verworwe Setswana hoofvakkennis;
- kennis te dra van die verskillende metodes van vreemdetaalverwerwing en die faktore wat dit beïnvloed;
- vertroud te raak met die beleidsdokumente en handleidings van die Departement van Onderwys en weet hoe om dit aan te wend;
- die vermoë te verwerf om ŉ verantwoordelike onderwyser te kan word deurdat lesbeplanning deeglik gedoen kan word en daarvolgens aan te bied.
- inleidende kennis te toon van die beplanning van leerprogramme, werkskedules en volledige lesplanne en assessering vir Setswana 2de addisionele taal en bewese vakkennis van Setswana.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: SEND521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|
| **TITEL: SETSWANAMETODIEK (NIE-MOEDERTAAL)** | | | |

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis te toon in die metodes van die onderrig van lees, luister, skryf en praat in die UGO Setswana klaskamer;
- taal, lees en letterkunde te kan onderrig en toetse, eksamens en memoranda te kan opstel;
- bevoegdheid te toon om taal en letterkunde lesse te kan uitwerk en taal- en letterkunde so aan te bied dat mondelinge en leesvaardighede ook aangespreek kan word en;
- regverdige objektiewe assessering van taal, lees en letterkunde te kan doen en ook weet hoe om remediërend te kan optree waar nodig.
- kennis te kan toon in die administrasie van die Setswana Klaskamer en bewus wees van al die maniere van rekordering wat gedoen moet kan word van leerderprofiele en alle assessering, differensiasie en integrasie verstaan, vereistes van hulpmiddels en taalspeletjies ken, verskillende media van RGO in die onderrig van taal ken en teorie betreffende die reël van uitstappies ken;
- Vaardighede en bevoegdheid toon in die administrasie van die Setswana Klaskamer en bewys lewer van al die maniere van rekordering wat gedoen moet kan word van leerderprofiele en alle assessering, differensiasie en integrasie toon in lesbeplanning en aanbieding, vereistes van hulpmiddels en taalspeletjies maak en, verskillende media van RGO in die onderrig van taal korrek kan aanwend.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: TECD521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 12 |
|---|---|---|---|

**TITEL: LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- fundamentele kennis oor die NKV dokument met betrekking tot die leerarea Tegnologie te demonstreer;
- interpretasie en ontwerpvaardighede toe te pas in die ontwikkeling en beplanning van leerprogramme, werkskedules en lesbeplanning;
- omvattende kennis van die verskillende onderrig-leer en assesseringstrategieë wat geskik is vir die leerarea Tegnologie te toon;
- begrip te demonstreer oor die aard van organisering en bestuur van ŉ praktiese tegnologie klaskamer en werkswinkel, insluitend veiligheidsaspekte relevant tot praktiese tegnologie take.
- relevante kennis en vaardighede in die praktiese onderrig van die leerarea Tegnologie toe te pas.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x3 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: TGNO511 | SEMESTER 1 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|

**TITEL: TEGNOLOGIE**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- ŉ basiese agtergrondkennis oor die leerarea Tegnologie te demonstreer;
- die probleemoplossende en kreatiewe aard van die leerarea Tegnologie en die unieke metodologie daarvan in onderrig te kan toepas;
- kennis, begrip en insig rakende Tegnologie en Tegnologie Opvoeding te toon met die toepassing daarvan in die onderwyspraktyk en dit te analiseer;
- die rol wat tegnologie-opvoeding in welvaartskepping in ŉ land speel te evalueer;
- ŉ etiese en verantwoordelike houding tydens die onderrig in die leerarea Tegnologie te demonstreer.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |

| MODULEKODE: TGNO521 | SEMESTER 2 | NKR-VLAK: 6 | KREDIETE: 8 |
|---|---|---|---|

**TITEL: TEGNOLOGIE**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- omvattende kennis van al drie leeruitkomstes en assesseringstandaarde in die senior fase, insluitend strukture, stelsels en beheer en prosessering te demonstreer;
- die beginsels van uitkomsgebaseerde assessering in die leerarea Tegnologie vir die senior fase te kan demonstreer; en
- die toepassing van die verwerfde kennis en vaardighede te demonstreer in die rol van tegnologie onderwyser.

| | |
|---|---|
| **Metode van Aflewering:** | Kontak |
| **Assesseringsmetodes:** | Deurlopende assessering 50 % |
| | 1x2 uur geskrewe eksamenvraestel 50 % |